# DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE PAKT-REGERING VAN 1924

deur Jacob Pieter Brits, Honns. B.A.

Voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad M.A. (Geskiedenis) in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Potchefstroom
Januarie 1971

Leier: Mnr. G.N. van den Bergh

Navorsing wat gelei het tot die saamstel van hierdie verhandeling, is onder andere moontlik gemaak deur 'n ad hoc-toekenning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

VOORWOORD

Die Pakt se oorwinning by die stembus in 1924 word normaalweg onmiddellik geassosieer met 'n suksesvolle stryd teen genl. J.C. Smuts en die S.A.P.-regering. Dat die basiese doel van die Pakt was om die S.A.P.-regering tot 'n val te bring, is volkome waar; tog, wanneer die diepgaande verskil tussen die Nasionale- en Arbeidersparty ten opsigte van die konstitusionele posisie van die Unie in aanmerking geneem word, moet dit duidelik wees dat die twee partye nie blindelings en met prysgawe van beginsels 'n bondgenootskap teen die Regering sou gesluit het nie. Die Pakt kon slegs tot stand kom nadat die partyleiers in 'n gees van welwillendheid en konsiderasie die saak bespreek het om sodoende die kloof tussen die twee partye te oorbrug. Om dié aspek van die onderwerp te belig, was een van die oogmerke van hierdie navorsing.

Ten tweede is die ontstaansgronde van die Pakt nagevors en in die proses moes die politieke en ekonomiese verwikkelinge dwarsdeur die Botha-Smuts-regime nagegaan word, omdat die uiteindelike ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty as die somtotaal van 'n verset van beide partye teen die optrede van die S.A.P.-regering oor 'n tydperk van meer as tien jaar beskou kan word. Vanweë bogenoemde verskille tussen die twee partye en veral weens die feit dat die republikeinse strewe by die Nasionaliste so sterk opgevlam het na die Rebellie, kon die Pakt eers sy beslag in die ekonomiese klimaat van die vroeë twintigerjare kry, met die 1922-staking as belangrikste stimulus. Daar is dus gepoog om aan te toon dat die Pakt nie tot stand gekom het vanweë een enkele gebeurtenis nie, maar dat dit die resultaat is van 'n kumulatiewe verset teen die optrede van die S.A.P.-regering.

Navorsing is bemoeilik deur die gebrek aan primêre bronne in die verband. Die skraal hoeveelheid private versamelings beskikbaar kon nie voldoende lig op die saak werp nie; veral die ontoeganklikheid van die J.B.M. Hertzog-versameling tot op datum, asook die onvolledigheid van die Arbeidersparty se

dokumente was hindernisse in die weg van die navorser. Nogtans kon die F.H.P. Creswell-versameling by uitstek, asook koerantbronne uit die tydperk in ruim mate bydra om die gegewens daar te stel vir ordening.

Langs hierdie weg wil ek graag die personele van die volgende argiewe en biblioteke bedank vir die hulpvaardigheid en hoflikheid wat my te beurt geval het tydens my navorsing: Staatsargief, Pretoria; Politieke Argief, U.O.V.S.; Arbeidersargief, gehuisves in die Johannesburg Africana - Bioblioteek; die Staatsbiblioteek, Pretoria; die tydskrif-leeskamer van die Johannesburgse Openbare Biblioteek; die Munisipale Biblioteek, Parys en die Ferdinand Postma-Biblioteek, P.U. vir C.H.O.

'n Spesiale woord van dank aan my studieleier, mnr. G.N. van den Bergh, vir sy leiding en aanmoediging, veral in die beginstadium toe ek weens gebrek aan oorspronklike bronne, ietwat ontmoedig was wat hierdie onderwerp betref.

Ten slotte is dit 'n behoefte van die hart om my vrou te bedank vir die voortdurende inspirasie en selfs opoffering van haar kant. My waardering ook aan my ouers, skoonouers en vriende vir hulle belangstelling.

J.P. Brits

Parys
Januarie 1971

INHOUDSOPGAWE

Hoofstuk 1

AGTERGROND: NYWERHEIDS- EN POLITIEKE WOELINGE IN SUID-AFRIKA VANAF 1907 TOT 1919 EN DIE ROL WAT DIE BELANGRIKSTE POLITIEKE PARTYE DAARIN GESPEEL HET 1

A. Ter inleiding 1

B. Die beleid van die Suid-Afrikaanse en Unioniste-party 2

C. Die ontstaansagtergrond en beleid van die Arbeidersparty en die Nasionale Party 4

1. Arbeiderorganisasies voor 1910 4
2. Die stigting van die Arbeidersparty 9
3. Die stigting van die Nasionale Party 12

D. Arbeids- en politieke woelinge 15

1. Die staking op die Randse myne in 1913 15
2. Die staking van 1914 en die onmiddellike gevolg vir die Arbeidersparty 17
3. Die politieke situasie 1914 - 1921 20

Hoofstuk 2

POLITIEKE EN EKONOMIESE TOESTANDE 1919 - 1922 AS BYDRAENDE FAKTOR TOT DIE PAKT 28

A. Die bewind van genl. J.C. Snuts tot 1922 28

B. Die ekonomiese toestand in Suid-Afrika as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog en die invloed daarvan op die arbeidsmark 35

1. Die algemene ekonomiese toestand in Suid-Afrika sedert die Eerste Wêreldoorlog 35
2. Die invloed van ekonomiese toestande op die arbeidsmark 36

C. Die Randse staking van 1922 38

1. Voorspel 38
2. Pogings om die staking te beëindig 39
3. Die ordelike verloop van die staking 41
4. Geweldpleging en die beëindiging van die staking 42
5. Die onmiddellike gevolge van die staking 45

D. Die Opposisiepartye en die 1922-staking 47

1. Die houding en optrede van die Nasionale Party en die Arbeidersparty tydens die staking 47
2. Die houding en optrede van die Nasionale Party en die Arbeidersparty na die staking 52

Hoofstuk 3

POLITIEKE EN EKONOMIESE TOESTANDE SEDERT 1922 AS BYDRAENDE FAKTOR TOT DIE PAKT 58

A. Genl. Smuts se beoogde inlywing van Rhodesië by die Unie. 58

B. Die hantering van landsvraagstukke en die algemene landsbestuur deur die S.A.P.-bewind, met verwysing na die Opposisie se kritiek daarop 60

1. Algemeen 60
2. Werkloosheid, immigrasie en die armblankevraagstuk 64
3. Myne en industrieë 66
4. Die algemene begroting 70
5. Spoorwegtekorte 73
6. Bankmonopolie en die goudstandaard 74
7. Die Nie-blankevraagstuk 75

C. Samevatting: politieke en ekonomiese toestande sedert 1919 as bydraende faktor tot die Pakt 81

Hoofstuk 4

DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE PAKT 83

A. Agtergrond 83

B. Struikelblokke in die weg van samewerking en die verwydering daarvan 85

1. Die sesessievraagstuk 85
2. Sosialisme in die Arbeidersparty 92

C. Prikkels tot samewerking 93

1. Die 1922-staking as bydraende faktor 94
2. Tielman Roos se rol 94
3. Die gemeenskaplike stryd teen die S.A.P.-regering se hantering van landsvraagstukke 95
4. Gedagtewisseling tussen Hertzog en Creswell 96

D. Die Pakt begin vorm aanneem 101

1. Voorlopige besluite deur Partykongresse 101
2. Verspreiding van die gedagte van samewerking onder die kiesers van die land 102
3. Die beklinking van die Pakt 108
4. Die reaksie van die Suid-Afrikaanse Party 110

E. Samevatting 114

Hoofstuk 5

DIE PAKT EN DIE VERKIESING 117

A. Inleiding 117

B. Die verkiesingsveldtog 118

C. Die verkiesing 130

D. Die posisie van die Arbeidersparty na die verkiesing 133

E. Die nuwe kabinet 136

SAMEVATTING EN SLOTBESKOUING 138

BIBLIOGRAFIE 150

BYLAES 155

## HOOFSTUK 1

## AGTERGROND: NYWERHEIDS- EN POLITIEKE WOELINGE IN SUID-AFRIKA VANAF 1907 TOT 1919 EN DIE ROL WAT DIE BELANGRIKSTE POLITIEKE PARTYE DAARIN GESPEEL HET

### A. Ter inleiding

Met die totstandkoming van die Unie van Suid-Afrika in 1910 is 'n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die land bereik, aangesien daar vir die eerste keer 'n sentrale regering daargestel is om talle lastige vraagstukke, wat nie deur afsonderlike regerings doeltreffend opgelos kon word nie, die hoof te bied. 1)

Vyf politieke partye het aan die eerste algemene verkiesing deelgeneem, t.w. die „Het Volk"-party, die „Orangia-unie", die Kaaplandse „Suid-Afrikaanse Party", die Unioniste-party en die Arbeidersparty. 2) Laasgenoemde party is in Januarie 1910 gestig en het die Arbeider-organisasies wat voorheen in provinsies bestaan het in een party saamgesnoer. 3) Eersgenoemde drie partye het tesame die verkiesing gewen en in November 1911 saamgesmelt tot die Suid-Afrikaanse Party met die Eerste Minister, genl. Louis Botha, as hoofleier. 4) In

---

1. Sien in die verband Thompson, L.M. The unification of South Africa 1902-1910. Oxford, 1960, pp. 480 - 483.
2. Krüger, D.W. Die totstandkoming van die Unie, 1908-1910 (In van der Walt, A.J.H., Widd, J.A., Geyer, A.L. Geskiedenis van Suid-Afrika; tweede uitgawe, Kaapstad, 1965, p. 476)
3. Ibid. Sien ook hieronder, p. 9.
4. Id. The making of a nation. A history of the Union of South Africa 1910-1961. Johannesburg, 1969, p. 53.

Januarie 1914 is ook die Nasionale Party in Bloemfontein gestig met genl. J.B.M. Hertzog as hoofleier [5] en daarmee was die politieke groepering in Suid-Afrika vir die volgende ses jaar voltooi.

Spoedig sou die Nasionale- en Arbeidersparty uitgroei as die belangrikste opposisie en met die Suid-Afrikaanse Party oor ekonomiese en politieke aangeleenthede bots. Hierdie botsing sou sy hoogtepunt in die eerste helfte van die twintigerjare bereik [6] en uiteindelik lei tot die omverwerping van nie slegs 'n politieke party nie, maar van 'n hele politieke regime wat vir veertien jaar indringend op die Suid-Afrikaanse politiek ingewerk het.

Om hierdie politieke grondverskuiwing ten volle te begryp, is dit nodig om ten aanvang enkele beleidsaspekte van die vier partye, nl. die Suid-Afrikaanse Party, die Unioniste, die Nasionale- en Arbeidersparty in hooftrekke na te gaan en veral te wys op die ontstaansagtergrond van die Nasionale- en Arbeidersparty.

B. Die beleid van die Suid-Afrikaanse- en Unioniste-party

Van die allergrootste betekenis vir die latere politieke ontwikkelinge in Suid-Afrika was die beleid wat deur genls. Botha en J.C. Smuts gevolg is na Uniewording, nl. om die Afrikaans- en Engelssprekendes deur middel van konsiliasie te versoen. Voorts moes Suid-Afrika ook in die toekoms sy heil in die Britse Ryk vind.

Smuts, die briljante student en regsgeleerde wat reeds die intellektuele gees van Brittanje geadem het, maar tog later sy lot by die Afrikanervolk ingewerp het, het die son sien ondergaan vir die Boererepublieke, maar terselfdertyd nuwe

---

5. Ibid., p. 68.
6. Sien hieronder, hoofstukke 2 en 3.

visioene van inskakeling van sy land by die magtige Britse Ryk gesien. Sy vurige pleidooi by Vereeniging om vrede te maak, het indruk gemaak en dit was veral sy strydmakker uit die Tweede Vryheidsoorlog, Louis Botha wat sy ideale met hom begin deel het. Smuts, die skerpsinnige politikus, het inderdaad die raadgewer en regterhand van Botha geword. Soos Smuts het ook Louis Botha geglo dat die heil van hul vaderland voortaan in die Britse Ryk gesoek moet word. [7)]

Genl. Botha was voorts oortuig dat die volk van Suid-Afrika slegs 'n eenheid kan vorm indien die strydbyl van die verlede deur Afrikaner en Engelssprekende begrawe word. „Vergewe en vergeet" was sy leuse en in die toekoms sou hy konsiliasie nastreef. Hierdie beleid is reeds vasgelê in die grondbeginsels van die „Het Volk"-party in Transvaal, en politieke verdraagsaamheid was een van die party se oogmerke. [8)] Dit was hierdie beleid wat Botha in skerp botsing met genl. Hertzog in 1912 gebring het en wat aanleiding gegee het tot die stigting van sy grootste politieke vyand, die Nasionale Party. [9)]

Die Suid-Afrikaanse Party, wat politieke eenheid sy hoogste doel gestel het, se beleid het in hoofsaak neergekom op die bevordering van wedersydse samewerking tussen die twee hooftaalgroepe, handhawing van taalgelykheid, oplossing van die Bantoevraagstuk op 'n nie-partypolitieke basis, bevordering van Europese immigrasie en die teenwerking van Asiatiese immigrasie. [10)]

Die Unioniste-party se geestelike tuiste het nie in Suid-Afrika gelê nie, maar in Brittanje. [11)] Gevolglik kon die Afrikaner,

---

7. Krüger, The making of a nation, pp. 18-19, 21; sien ook Hancock, W.K. Smuts. The sanguine years, 1870 - 1919. Cambridge, 1962, pp. 170 - 204.

8. Pyrah, G.B. Imperial policy and South Africa 1902-10. Oxford, 1955, p. 140; Krüger. The making of a nation. p. 21.

9. Krüger, D.W. South African parties and policies, 1910-1960. Kaapstad, 1960, pp. 61-67: Toesprake van Hertzog te Germiston (5/12/11), Nylstroom (5/10/12), Smithfield (14/10/12) en De Wildt (7/12/12) uit The Star, 8/12/11, 5/10/12, 14/10/12 en 7/12/12 respektiewelik aangehaal.

10. Ibid., pp. 50 - 55.

11. Krüger, The making of a nation, p. 53.

wat algaande 'n beslissende faktor in die politiek sou word, hom nie tuis voel in 'n party wat so sterk imperialisties gesind was nie. Ook sou die Engelssprekende werker nie die Unioniste-party, wat die kapitalistiese belange gedien het, ondersteun nie.

Hierdie party het aan die begin van die twintigerjare in die S.A.P. opgegaan en sodoende as politieke party van die toneel verdwyn. [12)] In sy hoedanigheid as afsonderlike party het dit min invloed op die uiteindelike totstandkoming van die Pakt gehad, maar na samesmelting met die S.A.P. het die Unionistiese element in die Regeringsparty wel bygedra tot die groeiende opposisie teen die Smuts-bewind.

## C. Die ontstaansagtergrond en beleid van die Arbeidersparty en die Nasionale Party

### 1. Arbeiderorganisasies voor 1910

Kort na die beëindiging van die Tweede Vryheidsoorlog het daar reeds organisasies tot stand gekom ter bevordering van die blanke werker in Suid-Afrika. So is daar in Julie 1902 in Transvaal 'n Vak- en Arbeidsraad gestig met die doel om die nywerheids- en politieke belange van die werkers te beskerm. [13)] In Augustus van dieselfde jaar kom, volgens wens van die mynwerkers die Transvaalse Mynwerkersunie tot stand. Hierdie liggaam sou die werkers in staat stel om kollektief op te tree wanneer hul belange deur werkgewers bedreig sou word. [14)]

Kort hierna sou arbeiderorganisasies die geleentheid vind om van hul te laat hoor. Die Kamer van Mynwese het besluit om Chinese arbeiders vir die myne te werf weens die tekort aan Bantoewerkers in die Transvaalse goudmyne na die Driejarige Oorlog.

---

12. Sien hieronder, p. 33.

13. Ticktin, D., The origins of the Labour Party in South Africa 1902-1907. (Ongepubliseerde B.A. Honns. - skripsie, U.K., 1963) p. 5, soos aangehaal deur Grobler, F.J., Die invloed van geskoolde blanke arbeid op die Suid-Afrikaanse politiek van 1886 tot 1924 (D. Litt.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1968), p. 39.

14. The Star, 23/6/02, 14/7/02, 25/7/02 en 8/7/02 : Berigte.

Bogenoemde twee organisasies het sterk betoog teen hierdie stap[15] en hoewel lord Milner onverbiddelik in sy voorneme was, is op 5 Desember 1903 'n deputasie, bestaande uit verteenwoordigers van die African Labour League, National Democratic Federation, White League, Vak- en Arbeidsraad en die Transvaalse Mynwerkersunie na die luitenant-goewerneur, sir. Arthur Lawley gestuur. Hy het hulle die versekering gegee dat die Britse regering nie invoer van Chinese sou goedkeur nie, tensy die oorgrote gedeelte van die bevolking ten gunste daarvan was.[16]

Dit was by hierdie geleentheid dat kol. F.H.P. Creswell vir die eerste keer na vore getree het as kampvegter vir die belange van die blanke werker. Hy het in 1893 na Suid-Afrika gekom en het later bestuurder van die Village Main-myn geword, waartydens hy talle eksperimente met blanke arbeid uitgevoer het en tot die gevolgtrekking gekom het dat die invoer van Chinese vir myne ongewens en verkeerd is. Hy toer vervolgens in Engeland en daar takel hy die myneienaars af, ten koste van sy professionele loopbaan aan die Rand. Creswell het aanvanklik die standpunt van die Transvaal Progressive Association, wat Milner se beleid om die voormalige Republieke te verengels en konstitusionele ontwikkeling na verantwoordelike bestuur teen te werk, gesteun, maar hy het hom spoedig meer tuis gevoel by die Responsible Government Association wat blanke arbeid teen Chinese arbeid wou beskerm. Laasgenoemde party het later die Nationalist Party geword en tydens die 1907-verkiesing in Transvaal tree Creswell as kandidaat vir hierdie party op.[17]

---

15. Grobler, op. cit., p. 44.
16. Ibid., pp. 48 - 49; Natal Mercury, 7/12/03: Berig.
17. Neame, L.E., Some South African politicians, Kaapstad, 1929, p. 29 - 30; Krüger, Die totstandkoming van die Unie, 1908 - 1910, pp. 454 - 458.

In 1910 wen hy egter die setel Jeppe vir die nuutgestigte Arbeidersparty en word later hoofleier van die party.[18]

Die beoogde invoer van Chinese was vir Creswell 'n saak van groot erns en hy skryf 'n boekie, getiteld The Chinese Labour Question from Within, waarin hy die aangeleentheid in die vorm van 'n reeks briewe aan 'n denkbeeldige opponent bespreek.[19] Creswell kom tot die gevolgtrekking dat die gevolge van Chinese Arbeid rampspoedig sal wees vir die inwoners van Suid-Afrika, vir die arbeiders in die goudmynnywerheid, vir aandeelhouers in die myne en op die lang duur vir die myne self.[20] Terselfdertyd het Creswell die myneienaars daarvan beskuldig dat hulle slegs in groot winste belang stel en die arbeidsvraagstukke wat met goudontginning gepaard gaan, verwaarloos.[21] Om sy betoog op 'n georganiseerde basis te vorm, het Creswell in November 1905 die Anti-Chinese Laegue[22] gestig. Dit het vir Crewell hier primêr om die beskerming van blanke arbeid gegaan en sy optrede moet derhalwe nie as 'n veroordeling van die Chinese ras as sulks gesien word nie.

Benewens die Vak- en Arbeidsraad en die Transvaalse Mynwerkersunie is verskeie ander Arbeidersgroepe in Transvaal voor 1907 gestig, met die doel om werkers te organiseer. Hierdie organisasies het egter nie beoog om al die werkers in te sluit nie en met die oog op die parlementsverkiesing van 1907 in Transvaal moes die werkers hul kragte saamsnoer. Op 9 Desember 1906 is die Labour Representation Committee dus ge-

---

18. Neame, op. cit., pp. 29-30; Krüger. The making of a nation, p. 54.
19. Sheffield Daily Independent, 22/4/05: Berig oor Creswell se boek.
20. Ibid; Sien ook Walker, E.A., A history of Southern Africa. Londen, 1962. 3e uitgawe, p. 509.
21. The Echo, Londen, 25/4/05: Berig oor Creswell se boek
22. Creswell-versameling: Briewe van F.H.P. Creswell aan sy vrou 12/11/05 en aan May 25/1/06 en 4/12/05.

stig om die verkiesingsveldtog te voer. [23]

In die verkiesing was vier partye betrokke nl. die Progressive Association, Het Volk, die Responsible Government Association en die Labour Representation Committe. L.g. drie partye het in teenstelling met die Progressive Association, wat verantwoordelike bestuur wou strem, sterk ten gunste van so 'n stap in die rigting van selfbestuur gevoel. Daarbenewens was al drie gekant teen die invoer van Chinese arbeiders. Aangesien daar dus oor twee belangrike beleidsaspekte saamgestem is, het die Responsible Government en Het Volk die Arbeiders in 'n verkiesingsooreenkoms probeer betrek om sodoende 'n gesamentlike front teen die Progressive Association te vorm. Die linkse element onder die Arbeiders het egter geweier om saam met die Responsible Government Association te werk, omdat daar kapitaliste in hul geledere was. Gevolglik het lg. en Het Volk alleen 'n ooreenkoms gesluit en die Arbeiders moes die verkiesing alleen veg. Slegs drie van hul kandidate het die paal gehaal. [24] Nadat Botha aan bewind gekom het, is Asiatiese arbeid in die myne egter onmiddellik stopgesit, [25] sodat die Arbeiders se stryd in die verband dus nie tevergeefs was nie.

Die nuwe regering het skaars tyd gehad om sy voete te vind, toe die 1907-mynstaking aan die Rand plaasvind. Na hierdie staking het werkloosheid werklikheid in Suid-Afrika geword, want die Regering moes vir bykans 2,000 werkloses 'n heenkome vind. [26] In dieselfde jaar is 'n kommissie aangestel wat o.m. sou vasstel watter invloed meganisasie op myne op werkverskaffing aan

---

23. Grobler, op. cit., pp. 64-65; sien ook Walker, I.L. en Weinbren, B. 2000 Casualties - A history of the trade unions and the Labour movement in the Union of South Africa. Johannesburg 1961, p. 319.

24. Grobler, op. cit., pp. 65-66, 68; Thompson, op. cit., p. 28; Walker, E.A., op. cit., p. 517.

25. Genl. Botha se Het Volk-party was sterk gekant teen die invoer van Chinese arbeiders na die Rand.

26. Rand Daily Mail, 6/8/07 : Berig.

Blankes sou hê.[27] Kol. Creswell het in hierdie kommissie gedien en die bevinding was o.a. dat blanke arbeid beslis 'n noodsaaklikheid in die myne was.[28]

Die optrede van die Randse arbeiders, veral tydens die staking van 1907, het die gevolg gehad dat die Regering tydens die parlementsitting van 1909 die „Wet inzake het voorkomen van Industriële Geschillen" aangeneem het. Hiervolgens moes die werkgewer die werker 'n maand kennis gee van 'n loonsverandering en die werker moes sy werkgewer 'n maand kennis gee van 'n looneis. Indien geen skikking bereik kon word nie, kon enige van die twee partye by die Minister aansoek doen om die aanstelling van 'n Konsiliasieraad. Die geskil moes ondersoek word en daarna moes die uitslag gepubliseer word. Eers 'n maand daarna mog een van die twee partye die Raad se beslissing verwerp. Op 14 Augustus 1907 is ook die Werkmanskompensasiewet aangeneem. Hiervolgens kon die arbeider van die werkgewer eis teen 'n ongeluk waardeur hy beseer was en wat buite sy beheer was. Soos in Transvaal, het ook die Arbeiders in Natal redelik aktief aan die politiek deelgeneem en sedert 1892 het 'n reeks klein arbeidersorganisasies hier bestaan, waarvan die meeste weinig lewenskrag getoon het. Met die oog op die parlementsverkiesing van 1906, is al die vakbonde en sosialistiese verenigings in Augustus 1906 verenig in die Natal Labour Representation Committee.[29] Die Arbeiders het in die verkiesing drie setels verower,[30] maar daar het nog nie 'n hegte partyeenheid bestaan nie. Derhalwe is in Mei 1907 'n konferensie in Durban belê vir hierdie doel.[31]

---

27. Report of the Mining Industry Commission 1907 - 1908, Pretoria, 1908, p. 1.

28. Ibid., pp. 122 - 123.

29. Grobler, op. cit., pp. 101 - 104, 115 - 118, 120. Die Werkmanskompensasiewet is van tyd tot tyd gewysig om by veranderende behoeftes en omstandighede aan te pas. So het die Botha-regering in 1917 bv. die wet hersien.

30. Walker, I.L. en Weinbren, B., op. cit., p. 319; Grobler, op. cit., p. 119.

31. Grobler, op. cit., p. 121.

In die Kaapkolonie en in die Oranje-Vrystaat het die Arbeidersparty egter nie veel vermag nie. In laasgenoemde provinsie het arbeiderbeweging nie op georganiseerde vlak geskied nie, terwyl die Kleurlinge in die Kaapkolonie die meerderheid van die werkers gevorm het en aangesien die Arbeidersparty blanke arbeid wou beskerm, het hy nie tot die Kleurlinge toegeneë gevoel nie. Laasgenoemde het dit aangevoel en was gevolglik nooit tuis in die Arbeidersparty nie, en het aanvanklik die Progressiewe Party en later die Unioniste gesteun. [32)]

2. Die stigting van die Arbeidersparty

Met die stigting van die Arbeidersparty in Natal in 1907, is gevoel dat die party ook in ander provinsies gestig moes word. [33)] In Oktober 1908 is 'n konferensie in dier voege gehou, maar dit was nie suksesvol nie. [34)] In Januarie 1909 word 'n volgende konferensie in Durban gehou, wat deur bykans sestig verteenwoordigers van verskillende arbeiderorganisasies bygewoon is. [35)]

Tydens hierdie belangrike konferensie is daar baie geargumenteer oor sosialisme in die party en uiteindelik is die linkse sosialistiese element in die party oorstem deur die ander afgevaardigdes, wat ten gunste was van die naam Suid-Afrikaanse Arbeidersparty, met weglating van die woord „sosialistiese." [36)] Met die laaste konferensie in Durban, gehou gedurende Januarie 1910, is die grondwet finaal goedgekeur en die stigting van die party het werklikheid geword. H.W. Sampson was die eerste president en C.H. Haggar die algemene sekretaris. [37)]

Sosialisme was nietemin nog herkenbaar in die konstitusie van die party. In paragraaf 2 word die doelstelling van die party soos

---

32. Ibid., p. 139.
33. Van Heerden, F.J., Die Randse staking van 1922, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1965) p. 14; Grobler, op. cit., p. 121.
34. Thompson, op. cit., p. 460.
35. Rand Daily Mail, 5/1/09; Verslag van Arbeiderkonferensie in Durban.
36. Ibid.
37. Thompson, op. cit., p. 460.

volg uiteengesit: „The socialisation of the means of production, distribution and exchange to be controlled by a Democratic State in the interest of the whole community.." [38)]

Die party sou voorts daarna strewe om o.a. die terrein van blanke arbeid te vergroot, invoer van kontrakarbeiders te voorkom, 'n algemene Werkerskompensasiewet te verkry, pensioenvoordele vir arbeiders te verseker, werksure te standardiseer en om in talle ander opsigte die blanke werker se belange te bevorder. Op hierdie vroeë stadium van sy bestaan het die party hom nie uitgespreek oor Suid-Afrika se verhouding ten opsigte van die Britse Ryk nie. [39)]

Die primêre doelstelling het steeds die beskerming van blanke arbeid teen die mededinging van die Nie-blanke gebly. In hierdie verband was dit weer kol. Creswell, wat eers na 1907 toegeneë tot die Arbeidersparty gevoel het, wat as groot kampvegter vir blanke arbeid opgetree het. Hy bepleit grootskaalse blanke immigrasie, sodat die Blanke geleidelik die Nie-blanke in ongeskoolde beroepe kan vervang. [40)]

Die Party was sterk ten gunste van segregasie. Die Bantoes moes in reservate gehuisves word en geen Bantoe moes grond in blanke gebied besit nie. In die reservate kon Bantoes vir 'n Adviserende Raad stem; derhalwe moes hul parlementêre stemreg nie verder uitgebrei word nie. [41)]

Ook die Kleurling was vir die Arbeiders 'n bedreiging vir blanke arbeid. Aangesien die Kleurlingstem in die Kaapkolonie nie te

---

38. Argief van die Arbeidersparty, Johannesburg, South African Labour Party. Constitution and platform (as amended by annual conference at Cape Town, 1912-13), p. 1.

39. Ibid., pp. 1, 13, 14 en 15.

40. Argief van die Arbeidersparty, Notule van jaarlikse konferensie van Arbeidersparty, Durban, 3/1/11.

41. Argief van Arbeidersparty, S.A. Labour Party. Constitution and platform, p. 14.

versmaai was nie, moes die party noodwendig toenadering soek. Die Kleurlinge het egter die Arbeiders se bedekte vyandigheid raakgesien en hul nie by die stembus ondersteun nie. [42)]

Met die eerste Unieparlementsverkiesing het die Arbeiders in hul verkiesingsveldtog hoofsaaklik op blanke arbeid en Bantoebeleid gekonsentreer. Daar is gepleit vir standaardlone, ongeag die kleur van die werker se vel. Ook het die Arbeiders gewaarsku teen die invoer van nie-blanke werkers, dikwels juis met geleenthede toe invoer van blanke werkers nodig was. Creswell, die partyleier, het veral die Unioniste skerp aangeval as pleitbesorgers vir Chinese arbeid. Indien die Unioniste nie genoeg nie-blanke arbeiders in Suid-Afrika sou vind nie, sou hulle poog om die goedkoopste arbeiders van Europa te kry. [43)]

Die Arbeidersparty wou dit duidelik aan die kiesers van die land stel dat hy deur en deur anti-kapitalisties was. As strydkreet vir die verkiesing is die volgende gepubliseer: „The Party stands for persons, not property; for homes, not dividends; for a free nation, not for a money-making nation." [44)]

Ten spyte van hierdie uitspraak wou die Arbeidersparty tog nie die indruk skep dat dit 'n sosialistiese party was nie. Die „gematigde" groep, waaronder Creswell, Sampson en Haggar het 'n leidende aandeel in die opstel van die verkiesingsmanifes gehad en hulle het toegesien dat daar geen sosialistiese motiewe in hierdie manifes voorgekom het nie. [45)]

Die Suid-Afrikaanse Party en die Arbeiders het met hierdie verkiesing nie formeel 'n koalisie gesluit nie, maar eersgenoemde

---

42. Sien hierbo p. 9.

43. Krüger, South African parties and policies, 1910 - 1960, p. 14; sien ook Rand Daily Mail, 6/6/10, 18/6/10, 16/7/10: Berigte.

44. The Friend, 19/7/10: Verslag van Arbeidersparty se verkiesingsveldtog.

45. Thompson, op. cit., p. 462.

party het besluit om die Arbeiders in setels waar lg. sterk was, te steun. [46] Desondanks kon die Arbeiders slegs vier setels verower, terwyl Botha se S.A. Nasionale Party 66, die Unioniste 39 en Onafhanklikes 12 setels ingepalm het. [47]

Die Arbeidersparty het relatief swak gevaar in die 1910 - verkiesing, maar as in aanmerking geneem word dat hy teen twee politieke reuse, verteenwoordigend van die politieke denke van die Suid-Afrikaanse volk in daardie stadium, geveg het, het hy reeds in sy wordingsjare 'n faktor geword, waarmee ander partye in die toekoms rekening sou moes hou.

Kort na bg. verkiesing het die Arbeiders hul eerste politieke suksesse behaal. Na twee tremstakings in Johannesburg in 1911, slaag die Arbeiders daarin om met die daaropvolgende munisipale verkiesing in Johannesburg elf van hul sestien kandidate verkies te kry. [48] Daarbenewens het hulle 'n aantal tussenverkiesings ten koste van die Unioniste gewen, wat daarop gedui het dat die werkers die Unioniste as verteenwoordigend van die kapitaliste gesien het en nie meer bereid was om hulle by die stembus te steun nie. [49]

## 3. Die stigting van die Nasionale Party

Spoedig na die bekendstelling van die beleid van konsiliasie deur die Suid-Afrikaanse Party, het genl. Hertzog hom op ondubbelsinnige wyse teen so 'n rykspolitiek uitgespreek. Volgens hom kon Suid-Afrika slegs deur Suid-Afrikaners regeer word en vir mense wat Brittanje as hul „home" beskou, was daar in Suid-

---

46. Walker, E.A., op. cit., p. 538; Nasionale Party, Kaapprovinsie, Die Ooreenkoms tussen Nasionaliste en Arbeiders : Verlede en hede, 1907 - 1924 : Toespraak van genl. Smuts op Jeppestown, 28/7/10 in vlugskrif gepubliseer, p. 18.

47. Walker, E.A., ibid., ; Rand Daily Mail, 16/9/10 : Uitslag van 1910-verkiesing.

48. Rand Daily Mail, 27/10/11 : Uitslag van Johannesburgse munisipale verkiesing.

49. The Star, 25/1/12, 7/9/12; Rand Daily Mail, 29/6/12 : Uitslae van tussenverkiesings in Georgetown (Germiston), Commisionerstraat (Johannesburg) en Greyville (Durband) respektiewelik; Grobler, op. cit., p. 172.

Afrika nie plek nie. [50] Hierdie beskouing het soveel verontwaardiging van Engelssprekende kant ontlok, dat Botha vir Hertzog in 1912 uit sy kabinet gelaat het. Laasgenoemde het egter positiewe steun van vooraanstaande Afrikaners soos genl. Christiaan de Wet, oud-pres. M.T. Steyn, ds. J.D. Kestell en adv. Tielman Roos ontvang, met die gevolg dat Hertzog-volgelinge in Januarie 1914 kon oorgaan tot die stigting van die Nasionale Party. [51]

Die Nasionale Party sou daarna streef om die beliggaming van die oortuiginge en aspirasies van die Afrikanervolk te wees. Nasionale selfstandigheid is beklemtoon, maar nietemin sou die party die goeie verstandhouding tussen die Unie en die Britse Ryk handhaaf. Geen stap sou egter in die verband gedoen word wat Suid-Afrika se staatkundige vryheid moontlik kon belemmer nie.

Die taal en kultuur van beide bevolkingsgroepe sou erken en eerbiedig word. Na die werker se belange sou omgesien word, terwyl ook die boer op die steun van die party kon staatmaak. Rassesegregasie sou toegepas word en ten opsigte van die Nie-blankes word die beginsel van blanke baasskap in die gees van Christelike voogdyskap aanvaar. Slegs immigrasie uit Europa sou bevorder word. [52]

Was daar enige gemeenskaplike beleidspunte wat op hierdie tydstip bande tussen die Nasionaliste en Arbeiders kon smee? Gesien teen die agtergrond van die Engelssprekende se beskouing dat die Unie onlosmaakbaar deel van die Britse kroon vorm, [53] is dit duidelik dat die politieke kloof tussen die twee partye

---

50. Sien hierbo, voetnoot 8.

51. Krüger, The making of a nation, pp. 65 - 68.

52. Die Bestuur van die Nasionale Party. De Nationale Partij, Beginsels, constitutie, statuten, 1914.

53. Vgl. Van der Walt, N.G.S. Die republikeinse strewe : Dryfvere en probleem binne die Suid-Afrikaanse partypolitiek, 1902 - 1961. (Ongepubliseerde D.Phil. - proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1968).

baie groot was. Vir die Arbeiders, wat oorwegend uit Engelssprekendes bestaan het, was 'n beleid wat staatkundige vryheid idealiseer, in 1914 net nie aanvaarbaar nie. [54)]

Tog het die Nasionale Party se konstitusie uitdruklik die party se simpatieke houding teenoor die werker gemanifesteer. Die geluk en voorspoed van die arbeider sou bevorder word en dit moes geskied deur verkryging:

„1. van 'n arbeidstoestand van een zodanige aard, waardoor aan een zichself respekterende burger verzekerd word een geschickte en gelukkige werkkring.

„2. van een gevoel van vertrouwen en sympathie tussen arbeider en dienstheer.

„3. vertrouwen in de sympathie en onpartydigheid van de regering en in hare oprechte belangstelling en zorg voor de belangen der arbeiders, met behoorlike inachtneming van de belangen der werkgevers.

„4. Een gevoel van tevredenheid onder de arbeiders, wat aangaat het tegenwoordige en van vertrouwen wat betreft de toekomst." [55)]

Tydens die daaropvolgende nywerheidsonluste in die land, het die Nasionale Party dan ook getoon dat hy nie koud staan teenoor die blanke werker nie. Per slot van sake het meer Afrikaners as ooit tevore in die myne gaan werk, [56)] en om hierdie Afrikaners

---

54. As sprekende bewys hiervan kan die Arbeiders se houding teenoor Suid-Afrika se deelname aan die Eeste Wêreldoorlog (sien hieronder pp.23-24 ) genoem word. Waar die Nasionale Party ten sterkste gekant was teen Suid-Afrika se deelname aan 'n oorlog wat dié land nie raak nie, het Creswell en ander Arbeiderleiers gevoel dat Suid-Afrika, as deel van die Britse Ryk, verplig was om teen Duitsland te veg.

55. Die Bestuur van die Nasionale Party, De Nationale Party. Beginsels, constitutie, statuten, 1914, art. 10 (c), p. 8.

56. U.G. 35 - 22, par. 96. Sedert die 1907-staking het die geledere van die Afrikaners in myne toegeneem. Teen 1922 is geskat dat 75% van die mynwerkers Afrikaners was.

se ondersteuning te verkry, moes die party noodwendig na die werker se belange omsien.

Die latere verhouding van die twee partye tot mekaar wortel in die arbeidsvraagstuk. Hierdie probleem, waaraan nooit genoegsame aandag deur die S.A.P.-regering gegee is nie, sou uiteindelik die politieke verskille tussen die Arbeiders en Nasionaliste oorbrug en ook 'n basiese beleidspunt van die Pakt-regering vorm.

D. Arbeids- en politieke woelinge

1. Die staking op die Randse myne in 1913

Vir etlike jare was geskoolde arbeid die monopolie van die Blanke, terwyl die Bantoe hoofsaaklik ongeskoolde arbeid verrig het. Blanke arbeid is egter altyd bedreig deur die moontlikheid dat die mynbase Nie-blankes in die geskoolde arbeidsveld kon stoot weens ekonomiese redes. Om hul teen mededinging van goedkoop nie-blanke arbeid te beskerm, het blanke werkers hulself in vakbonde georganiseer. [57)]

Veral deur die toedoen van Creswell se Arbeidersparty het die Parlement in 1911 die Wet op Myne en Bedrywe aangeneem. Hiervolgens is Bantoes op grond van veiligheid, gesondheid en dissipline uitgesluit van geskoolde arbeid, behalwe in Kaapland. 'n Wetlike kleurslagboom is sodoende ingestel en blanke arbeid is verskans. [58)]

Die Julie-staking van 1913 het egter ontstaan as gevolg van 'n klein geskilletjie oor diensvoorwaardes tussen die bestuurder van die Kleinfonteinmyn en vyf ondergrondse werkers. Nadat die vyf

---

57. Krüger, D.W., Die bewind van generaals Botha en Smuts, 1910 - 1924 (In van der Walt., Wiid., Geyer, Geskiedenis van Suid-Afrika, p. 488.)

58. Ibid.

werkers ontslaan is, het die Mynwerkersvakbond aangedring dat hul weer in diens geneem moet word. Die uiteindelike gevolg was 'n algemene staking van mynwerkers aan die Rand. Die Regering wou nie in die geskil inmeng nie, maar toe genl. Smuts, die Minister van Verdediging, 'n vergadering van werkers in Johannesburg belet het, was die vet in die vuur. Verset teen die polisie het uitgebreek en etlike mense is gedood in straatgevegte. [59)]

Botha en Smuts het persoonlik die geskil probeer oplos d.m.v. samesprekings met die Vakbondleiers. Die oproerige skare het in daardie stadium egter onbeheerbaar geraak en Botha en Smuts moes teen wil en dank aan die eise van die Arbeiderleiers toegee. Die stakers by die Kleinfonteinmyn sou weer in diens geneem word, werkers wat nie hul werk kon hervat nie, sou deur die Regering vergoed word, stakers sou nie vervolg word nie en hul griewe sou ondersoek word en naasbestaandes van slagoffers sou versorg word. [60)]

Die Arbeiders het 'n groot rol in hierdie staking gespeel. Op 6 Augustus is 'n massavergadering deur die uitvoerende komitee van die party in Johannesburg belê, terwyl ander geesdriftige vergaderings deur Arbeidersleiers in Kaapstad, Bloemfontein en Durban gehou is met die doel om werkers op te sweep teen die Regering. [61)]

Op 4 Augustus verskyn ook 'n manifes, uitgegee deur die Arbeidersparty, waarin 'n oorsig van die werkers se agitasie en eise aan mynbase en die Regering gegee word. Daarin word voorts genoem dat die Regering slegs tydelik 'n skikking kon bewerkstellig en dat mynbase slegs op belaglike voorwaardes die vakbonde wou

---

59. Walker, E.A., op. cit., p. 554; Krüger, The making of a nation, p. 73; Walker, I.L. en Weinbren, B., op. cit., p. 34 - 35.

60. Krüger, The making of a nation, pp. 73-74; Sien ook Walker, I.L. en Weinbren, B., op. cit., p. 37.

61. Rand Daily Mail, 7/8/13; Natal Mercury 5/8/13, 11/8/13: Verslae van vergaderings in Johannesburg, Kaapstad, Durban en Bloemfontein.

erken. [62]

Die Regering was egter wel bereid om ondersoek na die aangeleentheid in te stel. Minister F.S. Malan het 'n Ekonomiese Kommissie benoem om o.a. die volgende sake te ondersoek : lone, werksure en lewenskoste in nywerheidssentra in vergelyking met dié van ander lande, produksiekoste in Suid-Afrika in vergelyking met dié van ander lande, minimumlone in nywerhede en oortydbetaling, asook nagwerk in die handel en nywerheid. [63]

Ten tye van hierdie staking het dit geblyk dat van die Arbeiderleiers op die steun van die Nasionale Party staatmaak, want op 25 Junie het die sekretaris van die stakingskomitee 'n uitnodiging aan genl. Hertzog gerig om 'n protesvergadering op Benoni toe te spreek. L.g. was egter nie daarvoor te vinde nie. [64]

Die Arbeidersparty het met die 1913-staking vir die eerste keer in openlike konfrontasie met die nuwe regering gekom wat betref arbeidsaangeleenthede. Die intensiteit van die ontevredenheid by werkers moes beslis op die Regering indruk gemaak het en genl. Smuts sou in die vervolg beter voorbereid wees op so 'n gebeurlikheid. Die Arbeidersparty as sulks het eensklaps 'n magtige faktor in die nywerheidspolitiek geword en in die vervolg sou die regerende party noulettend oor die blanke arbeider se behoeftes moes waak as hy homself nie baie onaangenaamhede op die hals wou haal nie.

## 2. Die staking van 1914 en die onmiddellike gevolg vir die Arbeidersparty

In Januarie 1914 was daar al weer moeilikheid op hande. In Na-

---

62. Natal Mercury, 4/8/13 : Manifes van Arbeidersparty
63. The Star, 11/9/13 : Berig
64. Coetzee, D.J.J., Die geskiedenis van die Nasionale Party, 1914 - 1921, (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1967),p. 178.

tal het blanke steenkoolwerkers begin staak en dit was ook die teken vir spoorwegwerkers om hul langgekoesterde griewe teen die Regering na 'n punt te dryf.[65] Inderwaarheid was die ontevredenheid by die spoorwegmense reeds geruime tyd aan die gang en die Regering was ten volle bewus daarvan, maar het gesloer met sy optrede. Creswell het sedert 1910 by verskeie geleenthede in die Volksraad gewys op die griewe van spoorwegwerkers, veral ten opsigte van 'n onsimpatieke houding aan die kant van die spoorwegadministrasie, lae lone en die verbod op spoorwegwerkers om aan die politiek deel te neem.[66]

As deel van die Regering se besnoeiingsmaatreëls op die spoorweë, is 'n aantal spoorwegmense afgedank en met die uitbreek van die staking op die steenkoolmyne, het die spoorwegwerkers onmiddellik hul lot by die steenkoolwerkers ingegooi. Aangesien geen doeltreffende skikking met die 1913-staking bewerkstellig kon word nie, het ook die goudmynwerkers die teken gekry om te staak. Die Federasie van Ambagte het 'n algemene staking in die goudmyne gelas en spoedig daarna was 20,000 arbeiders werkloos. Blanke vakbonde het weer eens 'n groot rol gespeel in die organisasie van hierdie grootskaalse staking.[67]

Genl. Smuts sou by hierdie geleentheid nie onkant gevang word nie. Onmiddellik is die Aktiewe Burgermag in beweging gebring om spoorverbindinge op die Rand te beskerm en 'n Bantoe-opstand af te weer. Krygswet is in stakingsgebiede afgekondig en genl. De la Rey is in bevel van die nuwe weermag geplaas. Die hoofkwartier van die stakersorganisasie is met kanonne omsingel en die leiers van die staking het sonder weerstand

---

65. Walker, E.A., op. cit., p. 554.
66. Grobler, op. cit., pp. 261 - 263
67. Ibid, p. 276; Krüger, The making of a nation, p. 74, Walker, E.A., ibid.

oorgegee.[68] In die proses is twee vooraanstaande Arbeider - partylede gearresteer, nl. Boydell en Creswell. E.g. in Durban op aanklag van regsverydeling en Creswell in Johannesburg op aanklag van oortreding van krygswetregulasies, nadat hy tydens die noodtoestand pamflette versprei het. Na tien dae is hy egter vrygelaat.[69]

Smuts was nog nie klaar met die stakerleiers nie. Die nege van hulle wat nie in Suid-Afrika gebore is nie is op 27 Januarie 1914 per trein na Durban vervoer. Daar is hulle op 'n skip geplaas en na Engeland gedeporteer. Die uitvoerende komitee van die Arbeidersparty het opdrag gegee dat 'n boot gehuur moes word om die skip van die bannelinge agterna te sit, maar dit kon nie op die oop see ingehaal word nie.[70]

In die Parlement sou Smuts moes verantwoording doen vir sy optrede teen die nege stakerleiers, aangesien hy hulle nie deur 'n hof laat verhoor het nie, maar self is sy hoedanigheid as uitvoerende mag, gestraf het. Smuts het erken dat hy buite die wet gehandel het, maar het aangevoer dat hy slegs gedoen het wat in daardie stadium in absolute belang vir die veiligheid van die land was. Die gedeporteerdes was onrusstokers wat al by ander geleenthede ook 'n rewolusie wou bewerkstellig. Die landswet het nie vir hul oortredings voorsiening gemaak nie. Te midde van hewige protes van die kant van die Arbeiders, is die Vrywaringswet (nr. 1 van 1914) deur die Parlement aangeneem. Hiervolgens was Smuts van die moontlike gevolge van sy optrede gevrywaar.[71]

---

68. Krüger, The making of a nation, p. 74; Walker, I.L. en Wein bren, B., op. cit., pp. 52 - 53.

69. Boydell, T., My luck was in, Kaapstad, 1947, p. 79; The Star, 17/1/14; Rand Daily Mail, 24/1/14 en 28/1/14; Neame, op. cit., p. 31

70. Krüger, The making of a nation, pp. 74-75; Grobler, op. cit., pp. 292-293; Argief van die Arbeidersparty, Notule van die Executive Committee van Party, 11/2/14; Walker, I.L. en Weinbren, B., op. cit., pp. 53-54.

71. Krüger, The making of a nation, p. 75; Hancock, Smuts. 1, p. 368.

Hoewel Smuts op behendige wyse 'n opstand wat bes moontlik tot 'n bloedige rewolusie kon ontwikkel, in die kiem gesmoor het, was sy optrede teen genoemde nege leiers heeltemal ontaktvol en verregaande. Dit het hom verder van georganiseerde blanke arbeid vervreem en terselfdertyd die indruk by baie geskep dat hy met sy diktatoriale optrede nie 'n oomblik sal skroom om geweld te gebruik nie.

Die staking en die Regering se hantering daarvan het as stimulant vir die Arbeidersparty gedien, want met die Transvaalse Provinsiale Raadsverkiesing in Maart 1914 het die Arbeiders 'n klinkende oorwinning behaal. Op die Witwatersrand alleen het hulle 20 van die 22 setels verower, plus nog 'n verdere 3 in Pretoria. Die finale uitslag van die verkiesing was soos volg: Arbeidersparty 23, Suid-Afrikaanse Party 20 en Unioniste 2. Die feit dat laasgenoemde party so swak gevaar het, is 'n bewys van die wrewel wat teen die kapitalistiese klas gekoester is.[72) Die Arbeiders kon in hierdie stadium met voldoening hul vordering gadeslaan, want aan die einde van Julie 1914 kon hulle reeds spog met 8 volksraadslede, 26 provinsiale raadslede en 40 stadsraadslede.[73) Hoewel hul sukses in ander provinsies nie naastenby so groot as in Transvaal was nie, het alles daarop gedui dat die party van krag tot krag gaan en 'n politieke faktor van betekenis geword het.

## 3. Die politieke situasie 1914 - 1921

Na die stakings van 1913 en 1914 het die Regering nog 'n verdere binnelandse probleem gehad, naamlik die Indiërs. Watter maatreëls ook al deur die Regering getref is, of watter toegewings ook al gemaak is, het Gandhi, die uitgeslape Indiërleier

---

72. Rand Daily Mail, 19/3/14 : Verkiesingsuitslag.
73. Grobler, op. cit., p. 324.

eenvoudig aangedring op afskaffing van alle beperkende maatreëls op Indiërs en toe die Regering nie gehoor daaraan gegee het nie, het Gandhi 'n lydelike versetbeweging georganiseer. Die Regering kon egter geensins oorweging skenk aan onbeperkte vryheid van Indiërs nie, aangesien sy eie inheemse nie-blanke volke nie eers oor regte beskik het waarvoor Indiërs geagiteer het nie. Na vele onenigheid het Smuts en Gandhi in Junie 1914 'n ooreenkoms getref, waarvolgens Gandhi tydelik die tegemoetkoming van regeringskant, naamlik die Indiërverligtingswet, aanvaar het. Hiermee was die Indiërverset voorlopig op 'n end, maar G het by sy vertrek na Indië vir Smuts laat verstaan dat die Indiërs nog griewe het en dat die dag sou kom dat Indiërs volle burgerskap in Suid-Afrika sou kry. [74)]

Dit was nie al nie. 'n Skrale vier jaar na Uniewording het die Eerste Wêreldoorlog uitgebreek, 'n gebeurtenis wat in Suid-Afrika die regerende party deeglik op die proef sou stel. Met die Duitsers in Suidwes en Suid-Afrika se noue band met die Britse Ryk, was dit onvermydelik dat die Unie op een of ander wyse by die oorlog betrek sou word. Genl. Botha het verklaar dat die Unie sy eie verdediging sou behartig en het boonop nog op Brittanje se versoek, ingewillig om hawens aan die weskus van Suidwes-Afrika, asook Windhoek te beset, om sodoende die Duiters se sterk radiosenders die swye op te lê. Die meerderheid Afrikaners was gekant teen Botha se aanbod van hulp aan Brittanje teen Duitsland. Die belangrikste rede vir hierdie ontevredenheid was die gedagte aan hulpverlening aan die eertydse vyand, skaars twaalf jaar na die beëindiging van die oorlog. Daarby is gevoel dat die Duitsers te swak was om 'n gevaarlike aanval op Suid-Afrika van stapel te stuur. Die Nasionale Party het hom dan ook by wyse van 'n kongres eenparig teen die voorgenome inval uitgespreek. Die beginsel

---

74. Krüger, The making of a nation, pp. 75 - 78.

van „Suid-Afrika Eerste," soos neergelê deur genl. Hertzog, sou deur Botha se optrede skade aangedoen word. Nadat die Regering besluit het om nie slegs van vrywilligers gebruik te maak nie, maar ook 'n deel van die Suid-Afrikaanse weermag te mobiliseer, het openlike protes uitgebreek. Die aard van verset het egter by die Afrikaners verskil. Die een groep onder wie genl. Hertzog, pres. Steyn en genl. C.F. Beyers het nie wapengeweld voorgestaan nie. Beyers veral was oortuig dat lydelike verset die enigste vorm van opstand kon wees en hy het daad by die woord gevoeg deur as kommandant-generaal van die weermag te bedank. Ander leiers soos genls. De Wet, De la Rey, Kemp en Maritz het egter geen ander uitweg as geweld gesien nie en sou goed en bloed vir hierdie saak offer. [75)]

Nadat De la Rey per ongeluk deur die polisie doodgeskiet is, het onrus egter verskerp en toe Maritz hom bowendien by die Duitsers voeg, was rebellie 'n voldonge feit. Die Regering het krygswet afgekondig en spoedig is De Wet se mag gebreek en is hy gevang, terwyl Beyers, sonder dat hy gedurende die Rebellie ooit 'n enkele skoot geskiet het, in die Vaalrivier aan 'n hartaanval beswyk het. Hierna was die rebelle se mag gebreek, ten spyte van Maritz, Kemp en Jopie Fourie se volgehoue hardnekkige weerstand. Laasgenoemde het uiteindelik voor die vuurpeloton gesterf, op aanklag van hoogverraad, terwyl Kemp vroeg in 1915 oorgegee het en Maritz na Angola gevlug het. Die rebelle het tronkstraf gekry, maar die Regering was toegeeflik en het die vonnisse aansienlik verlig. Groot siviele eise is egter teen hulle ingestel, maar die Afrikanervolk het saamgestaan, die Helpmekaarfonds gestig en al die boetes betaal. [76)]

---

75. Ibid., pp. 79-82; Scholtz, G.D., Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869-1914, Johannesburg 1941, pp. 277 - 279, 309 - 312.

76. Krüger, The making of a nation, pp. 82 - 96.

Die politieke implikasies van die Rebellie was verreikend. Smuts en Botha het hulself die wrewel van die Afrikanervolk op die hals gehaal en veral die fusilering van Jopie Fourie was 'n fatale politieke flater, 'n daad wat Smuts as bloedvergieter gebrandmerk het. Die Nasionale Party se aanhang het vergroot en Botha het 'n kil ontvangs op die platteland gekry met sy verkiesingsveldtog in 1915. Die gety het teen die Suid-Afrikaanse Party begin draai.

Waar die uitbreek van die Oorlog en die konsekwensies daarvan die Nasionale Party versterk het, het dit die teenoorgestelde effek op die Arbeidersparty gehad en laasgenoemde verdeel. Creswell het Botha gesteun in die oorlogspoging en is uiteindelik ook deur die Industriële Federasie gesteun. Die sosialistiesgesinde Arbeiders, onder leiding van veral W.H. Andrews, het 'n totaal ander sienswyse gehuldig, naamlik dat die oorlog, die vyande van die werkende klasse bevoordeel. 77) Hierdie groep bring die War-on War League tot stand en begin Creswell beskuldig van ontrou aan die Arbeidersklas. Tydens 'n konferensie oor die saak het Creswell wel die meeste steun gekry, maar dit het verwydering tussen hom en Andrews, J. Clark, G. Weinstock en A. Jones gebring. Daarop stig Andrews die International League, wat die voorloper van die latere Kommuniste-party was. Lede van hierdie beweging is egter nie deur die Arbeidersparty erken nie. Tydens die 1915-verkiesing het Andrews en Clark hul nietemin teen Arbeiderkandidate laat nomineer, en hulle is daarna finaal deur die Party geskors. 78)

Hoewel Creswell hierna ongehinderd sy beleid van deelname aan

---

77. Rand Daily Mail, 3/8/14, 22/9/14 : Berigte.

78. Ibid., 9/7/15, 23/8/15, 24/8/15, 25/8/15, 11/10/15 : Berigte; Grobler, op. cit., pp. 333 - 334; Sien ook Creswell, M., An epoch of the political history of South Africa in the life of Frederic Hugh Page Creswell, Kaapstad, 1956.

die oorlog kon voortsit, het die splitsing in die partygeledere die Arbeiders 'n ernstige knou toegedien. Met die algemene verkiesing van 1915 kon die Arbeidersparty slegs 4 setels verower en waar hy in 1914 met die Provinsiale Raadsverkiesing in Transvaal 23 setels ingepalm het, kon hy in 1917 slegs 8 wen. [79)]

Ten spyte van die feit dat die Arbeidersparty na sy opkoms van 1914 feitlik weer van nuuts af moes begin groei, het die partyleiding gesond gebly. Creswell het homself bewys as beginselvaste leier, 'n man wat die arbeider se belange tot die bittereinde sou beskerm, maar wat nie sou toegee aan druk van 'n groep wat 'n bepaalde ideologie wou laat seëvier nie.

Die algemene verkiesing van 1915 was vir die groeiende Nasionale Party 'n triomf. Teenoor die Suid-Afrikaanse Party en sy onafhanklike ondersteuners se 95,000 stemme, het die Nasionaliste 77,000 getrek. Die regerende party het 59 setels verower, die Unioniste 40, die Nasionale Party 27 en die Arbeidersparty 4. [80)] Die Unioniste het in hierdie stadium nog taamlik steun gekry en Botha wat nie 'n volstrekte meerderheid in die Volksraad gehad het nie, was van hulle samewerking afhanklik.

Dit was duidelik dat die Eerste Minister se aansien by die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking aan die kwyn was. Die Regering se optrede tydens die Eerste Wêreldoorlog, tesame met Botha se toenaderende houding teenoor die Unioniste was grootliks hiervoor verantwoordelik. Soos na Uniewording het Botha weer die uiters moeilike taak gehad om die balans tussen imperialisme en nasionalisme te behou. Die verskil was egter dat hy hierdie keer heelwat minder steun van die Afrikaner gehad het

---

79. Rand Daily Mail, 21/10/15; Natal Mercury 28/6/17: Uitslae van algemene verkiesing 1915 en Transvaalse Provinsiale Raadsverkiesing 1917 respektiewelik.

80. Krüger, The making of a nation, p. 103

as in 1910. Die Arbeideropposisie is darem tydelik die nek ingeslaan deur die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog en dié party het buitendien Botha oor die algemeen gesteun ten opsigte van deelname aan die oorlog. Tog sou dit juis die oorlog wees wat ekonomiese en arbeidsprobleme in die land geskep het, in so 'n mate dat dit grootliks verantwoordelik was vir die val van die Suid-Afrikaanse Party.

Intussen het die Nasionale Party van krag tot krag gegaan en Hertzog het binne en buite die parlement die beginsel van selfbeskikking van klein nasies gepropageer, wat vir hom in ooreenstemming was met pres. Wilson van Amerika se beskouing oor die toekoms van die Duitse, Oostenryks - Hongaarse en Turkse ryke. Tydens die vredeskongres van Versailles, waar Smuts en Botha Suid-Afrika amptelik verteenwoordig het, het Hertzog en ander Nasionale Partyleiers in nie-amptelike hoedanigheid gaan pleit vir die herstel van die onafhanklikheid van die voormalige Boererepublieke op grond van Wilson se selfbeskikkingsreg. Hulle moes onverrigtersake terugkeer, aangesien hul nie as amptelike mondstuk van die Suid-Afrikaanse volk beskou is nie en met die versekering dat Suid-Afrika reeds ten volle seggenskap oor sy eie sake het. Hertzog was egter vasbeslote om hom in die toekoms te beywer vir die amptelike erkenning van Suid-Afrika se onafhanklikheid. [81)]

Nie slegs die Nasionale Party sou van toe af 'n verenigde front teen die regerende- en Unioniste-partye vorm nie. Die Arbeidersparty het teen die einde van 1918 'n kongres gehou waartydens daar beoog is om weer die eenheid van die party te herstel. Diegene wat die party in 1915 verlaat het, is genooi om weer aan te sluit. [82)]

---

81. Ibid., p. 108.

82. Argief van die Arbeidersparty, Minutes, annual conference, Johannesburg, gehou vanaf 26/12/18, p. 99.

Op 27 Augustus 1919 is 'n hoofstuk in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Party afgesluit, toe genl. Louis Botha te midde van groeiende ekonomiese vraagstukke in sy land en 'n kwynende Suid-Afrikaanse Party, skielik aan sy hart oorlede is. Die beminlike Boeregeneraal van weleer het as 'n teleurgestelde man gesterf, want sy konsiliasiebeleid het by sy eie mense nie ingang gevind nie. Volkseenheid, sy hoogste ideaal, het misluk vanweë die feit dat die Afrikanervolk nie geneë was om sy toekoms in die Britse Ryk te soek nie.

## SAMEVATTING

Nadat 'n groot ideaal sedert 1902, naamlik om Suid-Afrika 'n staatkundige eenheid te maak in 1910 voltooi is, het die so gewigtige taak om volkseenheid te skep op die skouers van die Eerste Minister, genl. Botha, gerus. Deurdat hy en die invloedryke genl. Smuts inskakeling van Suid-Afrika by die Britse Ryk as enigste vooruitsig vir die Suid-Afrikaanse volk gesien het, wou hy gevolglik ook die verlede „vergeet" en Afrikaner en Engelsman versoen. Ten opsigte van Suid-Afrika se bande met die Britse Ryk, het Botha die steun van die Unioniste-party sowel as die Arbeidersparty gehad. Waar die Unioniste die kapitalistiese belange verteenwoordig het, het die Arbeidersparty juis hierdie mag beveg en die stryd vir die welvaart van die blanke arbeider aangeknoop.

Die Regering se onvermoë om die nywerheidsonrus van 1913 en 1914 bevredigend die hoof te bied, het gelei tot die groei van die Arbeidersparty tot 'n politieke faktor. Onderlinge geskille oor Suid-Afrika se deelname aan die Eerste Wêreldoorlog, het die Arbeidersparty tydelik onskadelik gemaak.

Van groter betekenis was egter die groei van die Nasionale Party wat in 1914 gestig is. Die party sou die nasionale aspirasies van die Afrikaner verteenwoordig en het nie Suid-Afrika as dienaar van Britse Ryksbelange erken nie. Die Regering se optrede tydens die Eerste Wêreldoorlog het baie bygedra tot die groei van die party, aangesien baie van genl. Botha se

eertydse aanhangers nie meer tuis gevoel het in die Suid-Afrikaanse Party wat na 1915 op die Unioniste moes staatmaak nie.

Die Nasionale Party was die Arbeidersparty goedgesind sover dit die belange van blanke arbeid aangaan, maar die partye se uiteenlopende standpunte oor Suid-Afrika se verhouding met die Britse Ryk het samewerking in die tydperk 1910 tot 1919 onmoontlik gemaak. Daarby was die deursnee konserwatiewe Afrikaner en Nasionalis nie geneë om toenadering tot 'n party waarin daar ekstremistiese, rewolusionêre en sosialistiese groepe teenwoordig was, te soek nie. Eweneens sou die Arbeidersparty nooit in daardie stadium met 'n party saamwerk wat republikeinse ideale koester en die verhouding met Brittanje op enige wyse wou aantas nie.

## HOOFSTUK 2

## POLITIEKE EN EKONOMIESE TOESTANDE 1919 - 1922 AS BYDRAENDE FAKTOR TOT DIE PAKT.

### A. Die bewind van genl. J.C. Smuts tot 1922

Na Botha se dood het sy mantel feitlik vanselfsprekend op sy regterhand, genl. J.C. Smuts geval. Tot 'n mate was laasgenoemde se taak nog moeiliker, want hy het nie so 'n groot persoonlike aanhang as Botha gehad nie. In die woorde van W.K. Hancock: „He (Smuts) lacked 'that homely insight into the hearts of his own people in which lay Botha's strenght". en „He was 'not so liberally endowed with the gracious patience which made Botha's personality so winsome'". [1) ] Daarbenewens het Smuts sedert 1902 nie meer in die Afrikaner se strewe gedeel nie. As groot Empire-figuur vanweë sy rol in die Wêreldoorlog, het hy na Suid-Afrika met sy kleinlike politieke geskille teruggekeer. Vir die Afrikaner was hy in daardie staduim 'n vreemdeling, iemand wat nie die polsslag van sy eie volk voel klop het nie. [2)]

Die onafhanklikheidsideaal het in hierdie tyd sterk by Nasionaliste opgevlam en dit het gepaard gegaan met die kulturele ontwaking van Afrikaans in die kerk en skool. Dit het nie ongemerk by Smuts verbygegaan nie en hy het in die Parlement alles in sy vermoë gedoen om Nasionaliste tevrede te stel oor Suid-Afrika se konstitusionele posisie. In September 1919 sê hy in die Parlement dat die Unie se status gelyk is met die van enige ander volk. Op 'n vraag of Suid-Afrika die reg besit om van die Britse

---

1. Hancock, Smuts, 1, p. 559.

2. Sien ook Van den Heever, C.M. Generaal J.B.M. Hertzog. Johannesburg, 1943, p. 432.

Ryk af te skei, het hy geantwoord dat ons nie die bande met Brittanje eensydig mag verbreek nie. Hierdie antwoord het geen Nasionalis tevrede gestel nie en dit was duidelik dat hierdie punt 'n groot wig tussen Smuts en die Nasionale Party geslaan het. Veral 'n man soos Tielman Roos, Transvaalse leier van die party, sou van toe af 'n groot kampvegter vir nasionale onafhanklikheid wees. In sy slotrede op die Nasionale Kongres van November 1919 in Pretoria verklaar Roos: „De volgende verkiezing zal uitgevochten worden onder de leuze - Onafhankelikheid of niet." [3)]

Die verkiesing van Maart 1920 moes 'n ontnugtering vir Smuts gewees het, want hy kon slegs 41 setels wen, met drie Onafhanklikes wat hom steun, terwyl die Nasionale Party 44, die Unioniste 25 en die Arbeiders 21 setels ingepalm het. Selfs met die ondersteuning van die Unioniste kon Smuts met 'n meerderheid van slegs vier regeer, terwyl hy ook nie te alle tye op hierdie ondersteuning kon staatmaak nie. Die verkiesing het een ding onteenseglik bewys: Smuts en sy party se aanhang het 'n laagtepunt bereik, terwyl die Nasionaliste onstuitbaar vorentoe beweeg het, met die Arbeidersparty wat weer eens sy politieke krag teruggewin het. Na sy sukses in 1919 in Randse munisipale verkiesings, het die Arbeiders hul verkiesingsstryd in 1920 hoofsaaklik op ekonomiese gronde geveg, en die Regering genadeloos aangeval oor sy onvermoë om die hoë lewenskoste te bestry. Kol. Creswell het egter duidelik verklaar dat sy party nie die republikeinse gedagte van die Nasionale Party kan onderskryf nie. [4)]

---

3. Crafford, F.S. Jan Smuts, (Afrikaanse vertaling deur F.A. Venter); 2e uitgawe, Kaapstad, 1946 p. 210-211; S.A.P. Hoofkantoor, Hier het jy dit - 'n Beknopte opsomming van partypolitiek in Suid-Afrika gedurende die laaste kwarteeu, Pretoria, 1925, p. 34.

4. Walker, E.A. op. cit., p. 572; Rand Daily Mail, 8/4/19, 10/4/19, 9/5/19, 30/10/19, 31/10/19 en 11/11/19. Berigte en uitslae van munisipale verkiesings; The Star, 13/2/20, 2/3/20, 2/3/20 : berigte; Grobler, op. cit., pp. 340 - 341.

Intussen kon Smuts nie met die beste wil in die wêreld regeer met sy skrale en wankelrige meerderheid nie. Spoedig na die verkiesing het hy die ander partye genader oor die moontlikheid van koalisie, maar geeneen was daarvoor te vinde nie. Die Unioniste het skynbaar nie van die „baie" Afrikaners in die Suid-Afrikaanse Party gehou nie en die Arbeiders sou om taktiese redes nie saamwerk nie. Smuts het skynbaar sy groot hoop op Hertzog gevestig, want die twee leiers het selfs tussen 26 Maart en 3 April oor die aangeleentheid gekorrespondeer. Hertzog het volgehou dat Suid-Afrika die reg het om van die Britse Ryk af te skei en aangesien Smuts nie hierdie opvatting kon onderskryf nie, het die samesprekings op die rotse geloop. [5)]

Die verhouding van die Unie ten opsigte van die Britse Ryk is in artikel 4 van die Nasionale Party-konstitusie soos volg uiteengesit: „De positie van de Unie ten opzichte van hare betrekkingen tegenover het Verenigde Koninkryk berustende op de goede trouw van twee naties wordt door haar zonder omweg erkend en zij gevoelt zich ervan overtiugd dat de handhaving van een goede verstandhouding tussen de Unie en't Rijk afhanklik is van het nauwgezette vermijden van enige handeling waardoor 't volk der Unie in zijn staatkundige vrijheid wordt verkort of belemmerd of waardoor enige der vrijheden van't land of diens Regering onttrokken worden aan't onmiddelik gezag of beheer van't volk der Unie." [6)] Dit blyk hieruit dat die Party dus wel tot 'n vriendskaplike verhouding met

---

5. Sien hierbo, p. 29; Sien in die verband ook: Crafford, op. cit., p. 209; Van den Heever, op. cit., p. 437; Krüger, The making of a nation, p. 114; Nasionale Party Hoofkantoor. Samewerking tussen N.P. en Z.A.P. Kaapstad 1920, p. 1.

6. Nasionale Party. Toelichtingen op't programma van beginselen van de Nationale Partij zoals goedgekeurd door het speciale kongres van leden de S.A. Partij O.V.S. Provincie gehouden te Bloemfontein van 7 - 9 Januarie 1914. Bloemfontein. 1914, pp. 3 - 4.

die Ryk geneë gevoel het, maar dat die staatkundige vryheid van die land dan nie op die spel geplaas moet word nie. Bygesê, die program van beginsels het nie direk voorsiening gemaak vir sesessie en 'n republiek nie.

Die vredeskonferensie by Versailles na die beëindiging van die Eerste Wêreldoorlog het baie bygedra om die onafhanklikheidsstrewe by die Nasionale Party te laat opvlam. In Augustus 1918 het die Sentrale Besture van die party 'n kongres gehou, waartydens besluit is dat die Sentrale Komitee versoek sou word om die nodige maatreëls te tref om die reg en vryheid van Suid-Afrika te herstel in ooreenstemming met die verklaring van die geallieerde bondgenote en deur die president van die V.S.A. dat alle geskende regte herstel moet word en elke nasionaliteit die reg moet hê om oor sy eie lot te beskik. [7] Nasionale leiers het hierdie saak ook sterk begin propageer. Dr. Malan sê in Augustus 1918 op Malmesbury in 'n toespraak dat Suid-Afrika voortaan vir sy onafhanklikheid moet stry. Onafhanklikheid is vir hom meer as 'n republiek, want 'n republiek beteken dat die land een bepaalde regeringsvorm aanneem. Met onafhanklikheid word bedoel dat Suid-Afrika vry moet wees om te eniger tyd sy eie regeringsvorm vas te stel. Onafhanklikheid beteken met ander woorde dat die lot van Suid-Afrika te alle tye en onvoorwaardelik in die hande van die volk sal wees. [8] In Oktober van dieselfde jaar sê die Transvaalse leier, Tielman Roos in Pretoria dat 'n volk nooit mondig kan word en ten volle kan ontplooi voordat hy volle onafhanklikheid besit nie. [9]

Ten spyte van die feit dat Hertzog en Smuts mekaar nie in Maart 1920 kon vind oor die kwessie van 'n koalisieregering nie, was daar tog Nasionaliste en Suid-Afrikaanse Partylede wat geglo het dat Hertzog en Smuts kon saamwerk op 'n gemeenskaplike

---

7. De Burger, 9/8/18 : Verklaring van die konferensie van die Nasionale Party, Augustus 1918.

8. Nasionale Party. Die onafhanklikheid van Zuid-Afrika. Rede van dr. D.F. Malan op Malmesbury, 31 Augustus 1918.

9. De Burger, 2/10/18 : Verslag van Nasionale Partykongres, Pretoria, 1918.

basis. Na 'n onoffisiële kongres op Robertson wat deur lede van beide partye bygewoon is en waartydens die strewe van 'n deel van die volk om onafhanklik te word, erken is, asook die feit dat so 'n stap slegs uitgevoer sou word in ooreenstemming met die breë volkswil, is 'n groot kongres in September 1920 op Bloemfontein gehou. By hierdie geleentheid was beide partye amptelik verteenwoordig. Ongelukkig was die Unie se verhouding met Groot-Brittanje weer die rots waarteen hereniging hom vasgeloop het. Smuts wou dat die konstitusionele ontwikkeling van die land sy natuurlike gang gaan, terwyl Hertzog 'n geskrewe dokument wou hê waarin die reg van sesessie gewaarborg word. Geen ooreenkoms kan bereik word nie en die kongres, waar 600 afgevaardigdes tevergeefs probeer het om die Afrikanerdom wat sedert 1912 geskeur is, te herstel, was 'n totale mislukking. [10)]

In werklikheid was dit heel logies dat Smuts nie sou bereid wees om met die Nasionale Party saam te werk nie. Hy het reeds in sy korrespondensie met Hertzog in Maart 1920 te kenne gegee dat samewerking tussen slegs twee partye geen rassevrede in Suid-Afrika sou bring nie. Smuts was bowendien te uitgeslape om sy kop so in 'n byenes te steek, want hy het besef dat indien hy met die Nasionaliste sou saamwerk, hy onmiddellik die Unioniste se steun sou prysgee. In so 'n verenigde Afrikanerparty sou die Nasionaliste spoedig die botoon voer en by die eerste en beste geleentheid van Jan Smuts ontslae raak. [11)]

Intussen het die posisie in die Parlement vir Smuts al meer ondraaglik geword, met die Nasionaliste aan die een kant en die

---

10. Crafford, op. cit., p. 209; Krüger. The making of a nation, pp. 114 - 115.
11. Brief van Smuts aan Hertzog, d.d. 30/3/20, soos gepubliseer in Nasionale Party. Samewerking tussen N.P. en Z.A.P., p. 2; sien ook Crafford, op. cit., pp. 209-210.

Arbeiders wat sy ekonomiese beleid aanval, aan die ander kant. Iets moes hy doen om die regering staande te laat bly. Die enigste uitweg was om sy eertydse vyande, die Unioniste-party om te haal tot samesmelting. Nou sou hy ten minste die steun kry van die Engelssprekende in die stedelike kiesafdeling, al moes hy vir baie jare die stem van die Afrikaner verloor. Gevolglik het hy begin om die Nasionale Party aan te val oor sy onafhanklikheidsstrewe en gesê so 'n beleid sou die blanke rasse in die land totaal uiteenjaag. Hierdie oproep het by die Unioniste weerklank gevind en na etlike maande van onderhandeling, het die Unioniste-party en die Suid-Afrikaanse Party teen die einde van 1920 saamgesmelt. Eersgenoemde moes besef dat hul kanse op oorwinning by die stembus baie gering was en het kans gesien om hierdie keer met Smuts saam te werk. Sir-Thomas Smartt, die leier van die party en twee ander het tot die kabinet toegetree. Hiermee het Smuts die identiteit van die ou Bothaparty in groot mate prysgegee, want vir die Afrikaner was daar nie juis meer plek nie.[12)]

Om die gevoel van die volk te toets, het Smuts teen die einde van 1920 'n verkiesing uitgeskryf vir Februarie 1921. Verskeie faktore het hierdie keer in sy guns gewerk. Ten eerste het Bolsjewisme in Rusland hoogty gevier en die onheile van Bolsjewistiese regime het die mense in die Unie skeef laat opkyk na die Arbeidersparty, wat na bewering 'n groot aantal Bolsjewiste bevat het. Tweedens het Smuts die sesessiekwessie teen die Nasionale Party gebruik en wel op 'n baie subtiele wyse sodat daar by die Engelssprekendes geen twyfel sou bestaan waar hulle hul kruisie sou trek nie. Die Nasionale Party en die Arbeiders het aan die ander kant weer die swak ekonomiese toestand voorgehou en gewys op die kapitalisme onder die Unioniste. Nasionaliste het met bitterheid verkondig dat Smuts se nuwe kollegas die vriende van Rhodes en Jameson was.

---

12. Crafford, op. cit., p. 213; Krüger. The making of a nation, pp. 115 - 116.

Smuts het nietemin uitstekend in hierdie verkiesing gevaar en 79 setels verower, teenoor die 45 van die Nasionaliste en 9 van die Arbeiders, terwyl daar een Onafhanklike verkies is. [13]

Smuts het hierdie verkiesing gewen, omdat hy driehoekige gevegte kon uitskakel, die Arbeiders oorrompel het en die Engelse stem kon konsolideer. Selfvoldaan kon hy in Mei na Brittanje vir die Imperiale Konferensie vertrek, waar die Britse Ryk hom as held na sy oorwinning by die stembus ontvang het. Hoewel die Nasionale Party op losse grondslag met die Arbeiders saamgewerk het in die 1921-verkiesing, [14] het genl. Hertzog in 'n bedankingsbrief aan sy ondersteuners die imperialisties gesinde deel van die Arbeidersparty heftig aangeval en o.m. gesê: „Die Arbeidersparty is op die nasionale rots van die Afrikanerdom te pletter geloop. Die Arbeidersparty is dit net in naam, in werklikheid is dit 'n Unionistiese Imperiale Party, wat dus tot dusver onder 'n valse vlag seil en geen reg tot bestaan het nie." [15]

In hierdie stadium is dit dus duidelik dat die sesessie-vraagstuk nog 'n té wye kloof tussen die Arbeiders en Nasionaliste geskep het om enigsins tot 'n formele samewerking oor te gaan. Wat egter wel van betekenis was, was die feit dat dié twee partye 'n gemeenskaplike wrewel teen die Eerste Minister en sy bondgenote, die Unioniste, gehad het. Hierdie faktor sou later onderlinge verskille tussen die Nasionale Party en die Arbeiders op die agtergrond skuif en positiewe samewerking in die hand werk. Die tyd moes net daarvoor ryp word.

---

13. Ibid., pp. 213-215; p. 116.
14. Coetzee, op. cit., p. 186.
15. <u>Die Volksblad</u>, 22/2/21: Bedankingsbrief van genl. Hertzog aan sy kiesers.

B. Die ekonomiese toestand in Suid-Afrika as gevolg van die Eerste Wêreldoorlog en die invloed daarvan op die arbeidsmark

1. Die algemene ekonomiese toestand in Suid-Afrika sedert die Eerste Wêreldoorlog

Gedurende die eerste kwart van die twintigste eeu was die goudmynindustrie verreweg die belangrikste ekonomiese bron van die land.[16] In 1913 het Suid-Afrika 37.95% van die wêreld se goudproduksie gelewer en in 1920 50.35%. In 1916, byvoorbeeld is die waarde van die Transvaalse goudproduksie op £39,489,522 bereken.[17] Te midde van hierdie bloeiende toestand selfs in die oorlogsjare, het ander aspekte van die landsekonomie skade gely. Pryse van landbouprodukte was laag, terwyl die Regering nie genoeg aandag gegee het om rollende materiaal van die spoorweë te vervang nie. Oorlogslenings het die finansiële las van die staat swaarder gemaak.[18]

Tekorte is aangevul deur toenemende belastings, waaronder 'n belasting op diamante, 'n superbelasting, hoër doeane- en aksynsregte en 'n spesiale heffing op winste van die goudmyne. Wat veral 'n gevaarlike gebruik begin word het, was om kapitaalfondse aan te wend om lopende tekorte aan te vul. Spoorwegtekorte het steeds gegroei en dit het nie gelyk of die probleem ooit doeltreffend bekamp sou word nie.[19] Boonop was lewenskoste in 1916 15% hoër as voor die oorlog; desnieteenstaande moes primêre produsente tevrede wees met voor-oorlogse

---

16. De Kiewiet, C.W. A history of South Africa. Social and economic. Oxford 1942, p. 155; Hancock, W.K.. Smuts, 2, The Fields of Force, 1919 - 1950. Cambridge, 1968, p. 62.

17 Unie van Zuid-Afrika. Unie kantoor van cencus en statistiek. Officieel Jaarboek van de Unie, no. 7 - 1924, Lopende over het tijdvak 1910 - 1924. Pretoria, Goevernementsdrukkerij en kantoor van Schrijfbehoeften, 1925, p. 511.

18. Walker, E.A., op. cit., p. 571; Krüger. The making of a nation, p. 118.

19. Ibid., p. 571; p. 119 respektiewelik.

pryse vir hul produkte. [20]

Die lae en wisselvallige landbouproduksie het geen ekonomiese stabiliteit verseker nie; gevolglik moes die regering daaraan begin dink om die sekondêre nywerheid te bevorder. Genl. Smuts het daadwerklik iets aan die saak probeer doen deur in 1919 vir dr. H.J. van der Bijl as wetenskaplike - en industriële adviseur aan te stel. Laasgenoemde se planne ten opsigte van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie wat in 1922 daargestel is, is aanvaar. Ook het dr. Van der Bijl ondersoek ingestel na die moontlikheid van 'n yster- en staalnywerheid, 'n instansie wat uiteindelik na Smuts se val opgerig is. [21]

Die algemene ekonomiese toestande in Europa was baie ongunstig weens die inflasionêre oorlogstoestand en oral het betaalmiddele ineengestort. Suid-Afrika se ekonomie was so nou verbonde aan dié van Europa dat toe laasgenoemde die goudstandaard laat vaar, Suid-Afrika hom outomaties gevolg het. As gevolg van depressie het pryse van lewensmiddele en die produksiekoste aansienlik gestyg. Ongelukkig het die goudprys nie dienooreenkomstig gestyg nie; trouens dit het sedert 1920 geneig om te daal. Die gevolg hiervan was dat myne van 'n lae ertsgehalte teen 'n verlies of 'n baie lae wins begin werk het. [22]

2. Die invloed van ekonomiese toestande op die arbeidsmark

Die goudmyne was ook die belangrikste bron van werkverskaffing in die land, sodat die goudprys-krisis direk die arbeidsmark beïnvloed het. Indien die prys van goud aanhoudend sou daal, sou 'n groot aantal myne moes sluit. Om dit te voorkom, sou produksiekoste verlaag moes word, maar op watter wyse dit sou

---

20. Krüger. The making of a nation, p. 119.
21. Hancock. Smuts, 2, p. 63.
22. Van Heerden, op. cit., pp. 47 - 48; sien ook Walker, E.A., op. cit., pp. 573 - 574; Hancock. Smuts, 2, p. 64; Officieel Jaarboek van de Unie no. 7 - 1924, Lopende over het tydvak. 1910 - 1924, p. 519.

geskied, was 'n baie netelige vraagstuk. Aan pryse van materiaal kon niks gedoen word nie, 'n loonverlaging sou grootskaalse ontevredenheid by werkers skep, terwyl die gebruik van goedkoop nie-blanke arbeid eweneens nywerheidsonrus te weeg kon bring. 'n Kommissie van ondersoek na die myne van lae ertsgehalte het tot die slotsom gekom dat wettige beperkings op Nie-blankes opgehef kon word sonder dat beroepsverskansing aangetas word.[23)]

Blanke werkers in Suid-Afrika sou hulle tot die uiterste verset teen enige poging om die kleurskeidslyn in die nywerheid op te hef. In dié verband is hul op tweërlei wyse in die verlede beskerm. Ten eerste was daar die Wet op Myne en Bedrywe van 1911, wat geskoolde arbeid vir Blankes gereserveer het.[24)] Naas hierdie wetlike beskerming het daar ook nog die sogenaamde status quo-ooreenkoms tussen die Kamer van Mynwese en blanke vakbonde bestaan. Hierdie ooreenkoms is op 30 September 1918 aangegaan en hiervolgens het die Kamer beslis dat al die beroepe wat in daardie stadium deur Blankes beoefen is, in die vervolg ook slegs deur Blankes gedoen sou word, terwyl werk wat in daardie stadium deur Naturelle of Kleurlinge gedoen is, in die toekoms slegs deur hulle gedoen sou word. Hierdie ooreenkoms was vir die blanke arbeiders hul alfa en omega en alle mynwerkers is hieronder gedek en beskerm.[25)] Tydens die rewolusie van 1922 aan die Rand, sou hierdie status quo-ooreenkoms die spil word waarom die optrede van die ontevrede blanke werkers gedraai het.

---

23. Van Heerden, op. cit., pp. 52 - 53; Staatsargief. Smuts-Versameling, vol. CXV nr. 27: Verslag van Dept. van Myne en Industrieë oor toestande van laegraadmyne.

24. Sien hierbo, p. 15

25. Nasionale Party, Federale Raad. Die Regering en die staking. Duidelike antwoorde op eenvoudige vrae. Kaapstad Nasionale Pers, p. 3; sien ook Walker, E.A., op. cit., p. 589.

## C. Die Randse staking van 1922

### 1. Voorspel

Soos reeds genoem, het hoë produksiekoste en 'n goudprys wat nie gestyg het nie, die voortbestaan van 'n groot aantal Randse myne bedreig en in Mei 1921 het die Kamer van Mynwese met die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie [26)] onderhandel omtrent die moontlikheid van loonsvermindering. Die verteenwoordigers van die werkers het egter die voorstel verwerp. [27)]

By 'n later geleentheid is wel ooreengekom dat lone kwartaalliks aangepas sou word dienooreenkomstig die styging of daling van die lewenskoste. Vanaf 1 Augustus 1921 sou lone met 1s 6d per skof verminder word. [28)] Desnieteenstaande kon die posisie van die laegraadse myne nie gered word nie, omdat die goudprys nie gestyg het nie en die Kamer van Mynwese het die volgende alternatief, naamlik die herroeping van die status quo-ooreenkoms [29)] nou begin oorweeg. Onmiddellik het heftige reaksie hierop gevolg, veral van die kant van E.S. Hendrikz, sekretaris van die Mynwerkersunie. Indien die kleurskeidslyn aangetas sou word, sou dit beteken dat die ongeskoolde en halfgeskoolde Blankes met goedkoop nie-blanke arbeid moes kompeteer, want die oogmerk van die Kamer was duidelik om deur middel van goedkoper arbeid die goudmynkrisis die hoof te bied. [30)]

Terselfdertyd het 'n krisis op die Transvaalse steenkoolmyne ont-

---

26. Hierdie liggaam was die opvolger van die Transvaalse Federasie van Ambagte en sou voortaan die belange van blanke arbeiders behartig.
27. The Star, 28/5/21; 4/6/21 : Berigte oor konferensie en besluit van vakbonde respektiewelik.
28. Ibid., 29/6/21, 15/7/21, 22/7/21, 26/7/21, 30/7/21, 3/8/21, 5/8/21, 6/8/21 : Berigte oor samesprekings tussen Kamer van Mynwese en die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie.
29. Sien hierbo, p. 37.
30. The Star, 5/11/21, 7/11/21, 5/12/21 : Berigte.

staan toe die Steenkoolkomitee van die Kamer van Mynwese die Federasie in kennis gestel het dat 'n loonsvermindering ook daar oorweeg moet word om hoë produksiekoste te bestry en sodoende Suid-Afrikaanse steenkoolmyne weer in staat stel om op die wêreldmark mee te ding. [31] Samesprekings tussen bogenoemde liggame het misluk en steenkooleienaars het eenvoudig in Desember 1921 'n loonsverlaging van £1 10s tot £1 5s per dag voorgestel. [32] Die Federasie het die Regering versoek om die saak d.m.v. arbitrasie te skik, maar die Kamer het dit van die hand gewys, [33] met die gevolg dat 'n staking onvermydelik was. Die Federasie en vakbondbesture het die steenkoolwerkers aangeraai om vanaf 1 Januarie 1922 nie hul werk te hervat nie. [34]

Die steelkoolmyn-geskil het saamgeval met dié van die goudmyne, die Victoria Falls Power Company (wat feitlik al die myne en 'n groot aantal nywerhede van krag voorsien het) en die Ingenieurswerkwinkels. Laasgenoemde twee se werknemers het ook as gevolg van loonsverlaging besluit om te staak. [35] Dit is duidelik dat loonsvermindering deur al hierdie maatskappye op dieselfde tydstip die arbeiders omgekrap het en meegewerk het tot 'n gees van kollektiewe optrede. Die werkers het die idee begin kry dat werkenemers georganiseerd optree ten koste van die arbeiders en voortaan sou hulle ook as groep vir hul voortbestaan veg. [36]

## 2. Pogings om die staking te beëindig

'n Konferensie van alle vakbonde het hom ten gunste van 'n algemene staking uitgespreek en op aandrang van die Federasie

---

31. Van Heerden, op. cit., pp. 67 - 68
32. Rand Daily Mail, 12/12/21 : Berig
33. The Star, 24/12/21, 28/12/21 : Berigte
34. Ibid., 30/12/21, 31/12/21; Rand Daily Mail, 30/12/21, 31/12/21: Berigte.
35. Walker, E.A., op. cit., p. 590; Krüger, The making of a nation, p. 122-123; Van Heerden, op. cit., pp. 65-67, 70-71.
36. Sien ook Van Heerden, op. cit., pp. 71-72.

het die werknemers van goudmyne, Ingenieursverenigings, die Victoria Falls Power Company en steenkoolmyne op 9 Januarie begin staak.[37)]

Toe genl. Smuts sien die staking word 'n voldonge feit, het hy dadelik met die Federasie begin onderhandel en lg. op die futiliteit van die staking gewys. Op 7 Januarie 1922 het hy die Federasie verseker dat indien 'n staking op die goudmyne sou plaasvind „...... the Government would draw a ring around both parties and take an impartial view, and do its best to maintain law and order and to let the two parties fight it out."[38)] Hierdie ontaktvolle woorde sou Smuts later duur te staan kom, want die oppisiepartye het dit met groot verwyt na hom teruggeslinger as bewys vir sy onverantwoordelike houding teenoor die staking.

Tog kon die stakers ook nie daarop roem dat hulle 'n besondere poging aangewend het om die geskil by te lê nie. Sekere invloedryke Arbeiderleiers het vanuit die staanspoor die standpunt ingeneem dat die Kamer en die Regering die kleurlyn wou afskaf om goedkoper nie-blanke arbeid op die arbeidsmark te kry. Vir hierdie leiers was 'n nywerheidsrewolusie die enigste uitweg en hul sou met niks minder tevrede wees nie.[39)] Samesprekings tussen die Federasie en die Kamer het misluk, selfs toe die Kamer aangebied het om die kennisgewing ten opsigte van die afskaffing van die status quo-ooreenkoms en die kontrakstelsel se hersiening met nege dae te verleng.[40)]

---

37. <u>The Star</u>, 9/1/22 : Berig
38. Ibid., 6/1/22, 9/1/22 : Briefwisseling tussen Smuts en Federasie en berig van regeringsverklaring oor konferensie met Federasie resp.; Sien ook Hancock. Smuts, 2,p. 67.
39. <u>The Star</u>, 5/1/22 : Verslae van toesprake deur E. Hendrikz, T. Buxton en J. Thompson.
40. Ibid., 9/1/22 : Berig.

3. Die ordelike verloop van die staking

Aanvanklik het die staking ordelik verloop, sonder insidente met die polisie. [41] In hierdie tydperk kon die Regering deur sterk optrede ten alle koste verhoed dat die staking in 'n gewelddadige opstand ontaard, maar in plaas daarvan het genl. Smuts die oplossing vir die probleme aan die twee strydende partye oorgelaat.

Hierdie optrede was uiters onverstandig, aangesien die Eerste Minister tog spoedig tot die besef moes gekom het dat die kanse om 'n skikking op dié wyse te bewerkstellig baie skraal was, aangesien die Kamer sowel as die Federasie nie van plan was om hul onderskeie standpunte te wysig nie.

Op 30 Januarie het die Kamer bekend gemaak dat hy bereid was om die verhouding van 1 Blanke tot 10.5 Nie-blankes vir twee jaar op die goudmyne te handhaaf. Die mynnywerheid kon egter die organisasie van arbeid na goeddunke reël. [42] Die voorstel is nie deur die Federasie aanvaar nie. [43] Daarna het lg. liggaam self met genl. Smuts onderhandel [44] en hy het voorgestel dat werk deur stakers hervat word op die beste voorwaardes wat hul kon kry, desnoods op dié van die Kamer van Mynwese. Indien werk hervat sou word, sou die Regering dadelik 'n raad aanstel wat verslag aan die Parlement doen om sodoende maatreëls te tref om die geskil uit die weg te ruim. [45] Die Federasie het op hierdie stadium reeds die indruk gekry dat Smuts aan die kant van die Kamer staan en wou sy voorstelle nie

---

41. Ibid., 11/1/22 : Berig; Van Heerden, op. cit., p. 80.
42. The Star, 30/1/22 ; Rand Daily Mail, 30/1/22; Cape Times, 30/1/22 : Berigte van voorstel van Kamer van Mynwese.
43. Rand Daily Mail, 30/1/22 : Berig oor reaksie van Federasie.
44. Van Heerden, op. cit., p. 88.
45. Die Burger, 7/2/22 : Berig oor Smuts se voorstelle ; Sien ook Walker, I.L. en Weinbren, B. op. cit., p. 108.

aanvaar nie. [46] Na oorlegpleging tussen Smuts en die Kamer het lg. baie billike voorwaardes aan die stakers voorgelê wat daarop neergekom het dat die status quo-ooreenkoms betrekking sou hê op myne waarvan die produksiekoste per fyn ons gedurende die laaste drie maande van 1921 meer was as die standaardwaarde van goud. Wat die ander myne betref, sou die afskaffing van die ooreenkoms opgeskort word totdat die raad wat genl. Smuts voorgestel het, sy verslag ingedien het. [47] Die Federasie het egter voet by stuk gehou dat die stakers slegs hul werk sou hervat op die voorwaardes voor die staking en dat die status quo-ooreenkoms van krag bly totdat die voorgestelde raad met 'n doeltreffende alternatief vorendag kom. [48]

Die Kamer en die Federasie het aldus onbeweeglik by hul onderskeie standpunte gestaan, terwyl die posisie op die goudmyne werklik kritiek geword het. 'n Desperate genl. Smuts het in 'n ope brief aan die stakers gepleit dat hulle voorlopig op die voorwaardes van die Kamer hul werk moes hervat, totdat 'n raad van ondersoek die arbeidsvraagstuk ondersoek het. Mynwerkers wat op 14 Februarie na hul vorige beroepe terugkeer, sou polisiebeskerming ontvang. [49] Dit was egter 'n vrugtelose poging, want die Federasie het die stakers eenvoudig beveel om nie na hul werk terug te keer nie en by mynskagte is wagte geplaas om te verhoed dat iemand gaan werk. [50] Hiermee het die laaste poging van die Regering om die geskil op vreedsame wyse te beëindig, jammerlik misluk.

4. Geweldpleging en die beëindiging van die staking

Reeds in Januarie het „kommando's" uit die geledere van die stakers te voorskyn getree en hoewel hulle aanvanklik vreedsaam opereer het,

---

46. Walker, I.L., en Weinbren, B. ibid.
47. The Star, 8/2/22 : Voorstel van Kamer van mynwese.
48. Walker, I.L. en Weinbren, B., op. cit., pp. 108 - 109.
49. Ibid., pp. 354-355; sien ook Die Burger, 13/2/22.
50. Rand Daily Mail, 13/2/22 : Opdrag van Vergrotende Uitvoerende Raad van die Federasie.

het genl. Smuts se belofte van polisiebeskerming aan stakers wat hul werk hervat, [51] hierdie groep tot radikale optrede laat oorgaan. [52]

'n Finale poging om die staking te beëindig is deur die Federasie aangewend in die vorm van 'n brief aan die Kamer op 3 Maart, waarin lg. versoek is om 'n konferensie te belê ten einde te besluit op watter voorwaardes die werk hervat sou kon word. Die kanse om 'n ooreenkoms te bereik was in hierdie stadium nie te ongunstig nie, aangesien baie stakers gretig was om die geskil te besleg. [53] Ongelukkig het die Kamer baie ontaktvol reageer en op hooghartige wyse die Federasie meegedeel dat dié liggaam voortaan nie meer deur die Kamer erken sou word nie. [54] Hierdie optrede was een van die grofste flaters wat gedurende die staking deur enige van die partye gemaak is en wel om die volgende redes: Ten eerste, baie stakers het die nutteloosheid van die staking begin insien en sou op billike voorwaardes, selfs van die Kamer, na hul werk teruggegaan het. Tweedens het die Kamer in sy kortsigtigheid nie raakgesien dat hy deur sy miskenning van die Federasie direk in die hande van kommunistiese agitators soos Percy Fisher en andere gespeel het nie. Die oomblik toe die Kamer nie meer die Federasie as mondstuk van die stakers erken het nie, het hierdie agitators geweld begin aanmoedig en die miskende Federasie met die sg. Council of Action vervang. [55] 'n Totale magsverskuiwing het plaasgevind deurdat laasgenoemde liggaam eenvoudig d.m.v. kommando's 'n konferensie van vakbonde gedwing het om die beheer van die staking aan

---

51. Sien hierbo, p. 42.
52. Van Heerden, op. cit., pp. 95 - 96 ; sien ook Grobler, op. cit., p. 438.
53. Van Heerden, op. cit., p. 102.
54. Hancock. Smuts, 2, p. 82. Volgens skrywer was genl. Smuts woedend oor die Kamer se onverantwoordelike optrede op 'n stadium toe hy reeds 'n vreedsame skikking van die geskil voorsien het; sien ook Nasionale Party, Federale Raad. Die Regering en die staking. Duidelike antwoorde op eenvoudige vrae, p. 6.
55. Van Heerden, op. cit., pp. 56, 103 - 104.

die Council of Action op te dra. [56]

Hiermee het die staking 'n totale wending in 'n gewelddadige rigting geneem. Aanvalle op Bantoes in Vrededorp en Fordsburg is geloods, terwyl die Kaapse trein ontspoor is, motors omgekeer en telefoondrade vernietig is. [57] Die kommando's het aanvalle op die polisie, die spoorweë en die myne oor bykans die hele Rand van stapel gestuur en die Regering het geen ander keuse gehad as om op 10 Maart krygswet in 'n groot aantal Randse distrikte af te kondig nie. [58] Desnieteenstaande het die verbete aanvalle voortgeduur en dit het begin voorkom asof die polisie en die leër 'n nederlaag gaan ly. [59]

Dit was eers toe geweldpleging aan die Rand hierdie gevorderde stadium bereik het, dat die Eerste Minister persoonlik ingegryp het. Vanaf die oomblik toe Smuts op 11 Maart in Johannesburg aangekom het, [60] was dit duidelik dat hy die opstand met alle mag tog sy beskikking wou onderdruk. Die Aktiewe Burgermag se geledere is versterk, die organisasie verbeter en spoedig was die skrif teen die muur vir die stakers. Op 13 Maart het die regeringstroepe onder genl. J. van Deventer Benoni van onluste beveilig, genl. Coen Brits het Springs beset en die hele Oosrand het hierna in die hande van die Regering geval. Tegelyk is die Wesrand ook van stakingsmagte ontset, deur veral die bekwame optrede van kol. A.H.N. Nussey en komdt. P. de la Rey. [61] Fordsburg was die stakers se laaste vesting, maar op 15 Maart het die regeringstroepe met behulp van grofgeskut alle

---

56. <u>The Star</u>, 6/3/22, 7/3/22 : Berigte.
57. Ibid., 9/3/22 ; <u>De Volkstem</u>, 10/3/22 : Berigte ; Van Heerden. op. cit., pp. 110 - 111; Walker, I.L. en Weinbren, B., op. cit., pp. 121 - 122.
58. Van Heerden, op. cit., pp. 112 - 113.
59. Ibid., pp. 113 - 115
60. <u>The Star</u>, 13/3/22 : Berig
61. Van Heerden, op. cit., pp. 117 - 119; Walker, I. en Weinbren, B., op. cit., p. 123.

weerstand uit die weg geruim.[62] Die staking was verby, want die Council of Action het totaal gedisintigreer: Vyf van hulle is in hegtenis geneem, terwyl die voorperde, Fisher en Spendiff volgens beriggewing selfmoord gepleeg het.[63] Twee dae later het die betrokke vakbonde die staking afgelas, terwyl die Mynwerkersunie, sowel as die Federasie skuld aan die opstand ontken het.[64]

5. Die onmiddellike gevolge van die staking

Die 1922-staking was waarlik 'n treurspel in ons land se geskiedenis, 'n bloedbad wat nooit moes plaasgevind het nie. Onderstaande ongevallesyfer is afdoende bewys:

| | |
|---|---|
| Militêre Magte | 176 waaronder 43 gedood |
| Polisie | 115 waaronder 29 gedood |
| Burgerlikes | |
| Rewolusionêres: | 56 waaronder 11 gedood |
| Verdagte Rewolusionêres: | 101 waaronder 28 gedood |
| Onskuldige burgerlikes | |
| Blankes: | 87 waaronder 18 gedood |
| Ander: | 152 waaronder 24 gedood [65] |

Daarbenewens was die totale uitgawe wat die regering in verband met die staking gehad het op £250,000 bereken.[66] Op ekonomiese gebied het die staking die land 'n besliste knou toegedien,

---

62. Walker, I.L. en Weinbren, B., op. cit., p. 124.

63. Ibid., : Skrywers maak die stelling dat daar geen absolute sekerheid bestaan dat Fisher en Spendiff wel selfmoord gepleeg het nie. Die regeringsverslae het dit so aangedui, maar kon nie bevestig word deur enige van die stakers wat in hegtenis geneem is nie.

64. The Star, 17/3/22; Die Burger, 16/3/22, 18/3/22 : Berigte.

65. Verslag van die Krygswetkommissie, soos gepubliseer in Hancock. Smuts, 2, p. 84 en Walker, I.L. en Weinbren, B., op. cit., p. 125.

66. U.G. 7 en U.G. 29 - 1922, p. 163.

want werkloosheid, die spook wat reeds voor die staking rondgeloop het, het aansienlik toegeneem, [67] terwyl die goudproduksie van 8,158,455 fyn ons in 1920 tot 7,009,858 fyn ons in 1922 gedaal het. In hierdie jaar was die waarde van goud in Transvaal geproduseer £29,775,598 (premie nie inbegrepe), terwyl dit met die volgende jaar na £38,861,511 (premie nie inbegrepe) gestyg het. [68]

Na en tydens die staking is 4692 persone gearresteer en 853 is verhoor. Aanvanklik is 15 ter dood veroordeel, maar slegs 4 is opgehang terwyl die ander elf van 6 maande tot lewenslank tronkstraf gekry het. Onder diegene wat die stakers in die hof verdedig het, was advv. Tielman Roos, Oswald Pirow en F.E.T. Krause (later regter). [69]

Enkele belangrike uitvloeisels van die staking was die aanstelling van 'n Mynindustrieraad wat stappe sou doen om soortgelyke geskille in die toekoms uit die weg te ruim voordat dit in 'n staking of iets dergeliks ontaard. Die regering het hierop voortgebou deur 'n baie doeltreffende wet ter voorkoming van toekomstige arbeidsonluste, te wete die Nywerheidsversoeningswet (nr. 11 van 1924) te laat passeer. Hierdie wet het onder meer voorsiening gemaak vir 'n arbiter wie se bevindings bindend sou wees op die betrokke partye. 'n Staking sou onwettig wees indien die geskil nie vooraf deur 'n industriële raad ondersoek is nie. Die Regering het ook 'n Krygswet Ondersoek Geregtelike Kommissie opdrag gegee om die staking te ondersoek en volgens die bevindinge van dié Kommissie het die Regering

---

67. Van Heerden, op. cit., p. 124.

68. Officieel jaarboek van de Unie, no. 7 - 1924, lopende over het tijdvak 1910 - 1924, p. 511.

69. Van Heerden, op. cit., pp. 124 - 125; Hancock. Smuts, 2, p. 88; Walker, I.L. en Weinbren, B., op. cit., pp. 150 - 154. Laasgenoemde twee bronne gee die getal ter doodveroordeeldes as 18 aan.

genoeg grond gehad vir sy optrede tydens die staking. [70)]

'n Belangriker implikasie van die 1922-staking was dat dit 'n geleidelik groeiende weersin in die Smuts-regering na 'n hoogtepunt gevoer het. In 1914 het die Nasionaliste se bloed gevloei tydens die Rebellie, agt jaar later, in 1922 was dit die Arbeiders wat hul offer betaal het. Die drang om van hul gemeenskaplike politieke vyand, genl. Smuts, ontslae te raak, was by dié twee partye nou sterker as ooit tevore.

D. Die Opposisiepartye en die 1922-staking

1. Die houding en optrede van die Nasionale Party en die Arbeidersparty tydens die staking

Die Arbeidersparty het hom onmiddellik en sonder voorbehoud aan die kant van die ontevrede arbeiders geskaar en die Federasie laat weet dat die Party hom te alle tye sal bystaan. [71)] In hierdie stryd om bevestiging van blanke arbeid het die Arbeiders egter nie alleen gestaan nie, aangesien die Nasionale Party net so sterk oor die saak gevoel het.

In Transvaal veral, het Nasionaliste onder leiding van die opportunistiese Tielman Roos openlik die arbeiders gesteun, hoewel hul nie by die staking betrokke wou wees nie. [72)]

---

70. Van Heerden, op. cit., pp. 129 - 132; U.G. 35 - 1922, pp. 16 - 20, 42 - 74; The Star, 6/2/23 : Verslag van H.W. Sampson se toespraak in die Parlement; Die Burger, 8/2/23: Verslag van kol. Creswell se toespraak in die Parlement. Creswell het een beswaar teen die Nywerheidsversoeningswet gehad. Hy het in die Parlement gesê dat die wet in breë kringe verdink word as 'n maatreël om vakverenigings te onderdruk. Hy, sowel as genl. Hertzog het 'n gekose komitee bepleit om die saak eers deeglik te ondersoek.

71. Arbeidersargief. Brief van National Council van die Party aan die Federasie d.d. 14/1/22: Sien ook Hancock, Smuts, 2, p. 69.

72. Sien hieronder pp. 48 - 51. Vgl. ook Hancock, ibid.

Reeds teen die einde van Januarie 1922, voordat die staking 'n radikale wending geneem het, het Nasionale Party - en Arbeidervolksraadslede 'n vergadering gehou met die doel om die staking te probeer beëindig. Daar is besluit om 'n afvaardiging na die Goewerneur-generaal te stuur met die versoek dat die Parlement dadelik in Pretoria vir 'n spesiale sitting byeengeroep moet word om die staking tot 'n einde te bring. Die afvaardiging wat deur Roos gelei is, moes onverrigtersake terugkeer nadat die Goewerneur-generaal hulle meegedeel het dat hy nie sonder opdrag die Parlement mag byeenroep nie.[73)]

Op 5 Februarie het 'n groot vergadering van stakers in Johannesburg plaasgevind en 'n afvaardiging van vier lede is benoem om 'n vergadering van Nasionale- en Arbeidervolksraadslede die volgende dag te versoek om so spoedig moontlik 'n republiek in Suid-Afrika uit te roep.[74)] Op 6 Februarie is die versoek gerig, maar Roos het verklaar dat die Nasionale Party wel na 'n republiek streef, maar dit kan nie deur middel van 'n rewolusie verkry word nie, dog slegs langs konstitusionele weg. Hy het terselfdertyd verklaar dat die Nasionale Party nie met die staking gemoeid is nie, maar tog 'n beroep gedoen op alle magte om saam te werk teen die Regering.[75)]

Tydens hierdie vergadering van 6 Februarie is 'n deputasie, bestaande uit Roos, Grobler, Pienaar, Waterston en Madeley benoem om genl. Smuts oor die staking te gaan spreek. Hulle sou op die status quo-ooreenkoms konsentreer en die Eerste

---

73. U.G. 35 - 22, par. 113.

74. <u>Rand Daily Mail</u>, 6/2/22 : Berig van vergadering van stakers in Johannesburg.

75. <u>The Star</u>, 6/2/22 : Berig van vergadering van Nasionaliste- en Arbeiderparlementslede.

Minister daarop wys dat indien dié ooreenkoms nietig verklaar sou word, daar duisende Blankes sonder werk sou sit. Die volgende dag het genl. Smuts die afvaardiging te woord gestaan en in antwoord op hul versoek dat die geskil deur middel van arbitrasie opgelos moes word, het hy verklaar dat nóg die Kamer nóg die Federasie die status quo-ooreenkoms aan arbitrasie wou onderwerp. Die Regering het reeds alles in sy vermoë gedoen om die twee partye te versoen en kon niks meer aan die saak doen nie.[76] Daarop het kol. Creswell persoonlik 'n sterk poging aangewend om die staking te verhoed toe hy 'n massavergadering van stakers aan die Rand toegespreek het. Sy pogings om mynwerkers oor te haal om kalm te bly, het nie veel vrugte afgewerp nie, aangesien gemoedere te hoog geloop het.[77]

Die Nasionale Party het verder sy simpatie met die stakers bewys deur by Smuts aan te dring op voedselvoorsiening aan die stakers, maar die Eerste Minister het hom nie hieraan gesteur nie.[78] Die Party het egter nie net simpatie met die stakers betuig nie, maar het ook, soos die Arbeidersparty positief probeer om die staking af te weer. Benewens die Nasionale-Arbeidersafvaardiging na die Premier aan die begin van Februarie,[79] het die Transvaalse Provinsiale Raad na 'n gesamentlike mosie van die Nasionale Party en die Arbeidersparty op 22 Februarie £20,000 bewillig om die staking te verlig.[80] Dit kan dus die twee Opposisiepartye nie teen die kop gegooi word dat hulle bloot vir 'n staking met gepaardgaande onluste gesit en wag het om dan die werkers teen die Regering aan te

---

76. Ibid., 6/2/22; <u>Ons Vaderland</u>, 10/2/22 : Berig oor onderhandelings tussen afvaardiging en Smuts.
77. Creswell, op. cit., p. 76.
78. <u>The Star</u>, 2/2/22 : Berig oor opdrag wat Hoofbestuur van Nasionale Party in Transvaal aan Roos gegee het om Smuts te versoek dat stakers deur die Regering van voedsel voorsien moet word.
79. Sien hierbo.
80. Hancock. Smuts, 2, p. 69.

hits nie. Die Nasionale Party, sowel as die Arbeiders het daadwerklik probeer om op 'n vroeë stadium 'n einde aan die staking te maak.

Bewerings dat die Nasionale Party die stakers aktief bygestaan het, is wel gemaak. So sou 'n sekere Berry, lid van 'n stakingskomitee 'n vertroulike verklaring afgelê het dat genl. Hertzog op 31 Januarie op Witbank tydens 'n geheime byeenkoms sou gesê het dat sy party die stakers met behulp van opgekommandeerde burgers te hulp sou snel. Na bewering sou Hertzog verder gesê het dat hy geen geweldpleging verkies nie, maar dat die Nasionaliste 2,000 man in Witbank sal monster. Na die uitbreek van die staking in Johannesburg was die burgers egter nie op die afgespreekte plek om die stakers te help nie. Hertzog sou egter in die nabye toekoms die geheime stakingskomitee te Witbank besoek om twee baie belangrike vrae wat aan hom gestel gaan word, te beantwoord.[81)]

Adv. Tielman Roos het 'n aansienlike rol in die staking gespeel, veral om die vertroue van die stakers te wen en sodoende Smuts se beeld by hulle af te takel. Reeds in Desember 1921 het hy in Ons Vaderland geskryf dat die Nasionale Party die boer en arbeider moes konsolideer om sodoende die land te regeer. 'n Staking was egter ongewens, want dit sou die Regering in die geleentheid stel om geweld te gebruik. Die Nasionaliste was egter nie van plan om die Regering by te staan indien hy die staking met geweld sou onderdruk nie.[82)] Tydens 'n vergadering te Fordsburg het hy herhaal dat die Nasionale Party

---

81. Staatsargief. Smuts-versameling, CXV nr. 30. Duplikaat van brief aan Smuts uit Belfast, dd. 24/3/22. (duplikaat is nie onderteken nie).

82. Ons Vaderland, 24/1/22: Brief van Roos wat op 30/12/21 in die koerant verskyn het.

teen geweld gekant is en het verder gesê dat die staat myne wat op die punt staan om toe te maak, behoort oor te neem.[83] Waar die meeste ander Nasionaliste en Arbeiders tydens die staking nie baie aktief buite die Parlement doenig was nie, het Roos hom ingemeng met die staking om dadelik soveel politieke voordeel as moontlik daaruit te trek.

Ook in die Parlement het Nasionale- en Arbeider-volksraadslede Smuts aangeval oor sy hantering van die staking.

Die Arbeiders het die Eerste Minister daarvan beskuldig dat hy van die werkers verwag het om op die Kamer se voorwaardes te gaan werk.[84] Mnr. Thomas Boydell het daarop gewys dat Smuts die wil van die Kamer uitgevoer het en toe polisie wou gebruik om die staking te beëindig.[85] Boydell en genl. Hertzog het gehamer op beroepsversekering, soos blyk uit Hertzog se mosie dat die Parlement, indien nodig, wetgewing moet aanneem om te verhoed dat Blankes se werk deur Bantoes gedoen word; ook bepleit hy 'n tydelike liggaam om die geskil op te los en dan 'n permanente liggaam wat toekomstige nywerheidsgeskille kan oplos.[86] Boydell het soortgelyke mosie ingedien en o.a. versoek dat die status quo-ooreenkoms na 'n gekose komitee verwys word. Voorts moes 'n arbitrasieraad tot stand kom met 'n regter as voorsitter, terwyl die stakers intussen hul werk voortsit op die voorwaardes van 1921 totdat die arbitrasieraad uitspraak gegee het.[87] Smuts het hierdie mosies verwerp omdat

---

83. Ibid. 3/2/22: Verslag van Roos se vergadering op Fordsburg.

84. Cape Times, 18/2/22; Rand Daily Mail, 18/2/22: Verslae van parlementsitting.

85. Rand Daily Mail, 22/2/22: Verslag van Boydell se toespraak in die Parlement.

86. Ibid., 22/2/22: Verslag van Hertzog se mosie in die Volksraad; sien ook Cape Times, 22/2/22.

87. Ons Vaderland, 21/2/22: Verslag van Boydell se mosie in die Volksraad.

so 'n liggaam volgens hom te outoritêr sou wees oor die groot nywerhede. Die liggaam wat hy beoog het, moes deur die Regering benoem word en sou bestaan uit 'n regter as voorsitter en vooraanstaande persone as lede. Een lid sou deur die mynbase aangewys word en een deur die werkers. Aanbevelings word dan deur die liggaam by die Parlement gedoen. [88)]

Hertzog se mosie is uiteindelik met 'n meerderheid van stemme verwerp, maar van betekenis is dat die Nasionaliste en Arbeiders saam ten gunste van die mosie gestem het. [89)] Verder het Roos en Walter Madeley albei die Kamer aangeval en Smuts as beskermer van dié liggaam voorgehou. [90)] Dit was dus duidelik dat die Nasionale Party en die Arbeidersparty tydens die staking reeds 'n gesamentlike front teen die Regering gevorm het; binne die Parlement, sowel as daarbuite. Genl. Smuts moes tydens die 1922-sitting van die Parlement reeds die tekens van 'n naderende samewerking tussen die twee partye gelees het.

## 2. Die houding en optrede van die Nasionale Party en die Arbeidersparty na die staking

Genl. Smuts moes na die staking 'n Vrywaringswet deur die Parlement laat aanneem om die Regering te beskerm teen moontlike nagevolge van sy optrede. [91)] Die Opposisie het hierdie wet met hand en tand bestry en 'n ondersoekkommissie na die doodskiet van persone na die staking geëis. Na 'n ononderbroke sitting van

---

88. Cape Times, 22/2/22; Rand Daily Mail, 22/2/22: Verslag van Smuts se antwoord op Hertzog en Boydell se mosies.
89. Rand Daily Mail, 1/3/22: Verslag van stemming in Volksraad oor Hertzog se mosie.
90. Ibid., 23/2/22, 1/3/22: Verslae van Madeley en Roos se toesprake in die Parlement respektiewelik.
91. Krüger, The making of a nation, p. 126.

agttien uur, waarin tagtig sprekers aan die besprekings deelgeneem het, is die wet uiteindelik goedgekeur met 65 stemme teen 47.[92] Genl. Smuts het nietemin aangekondig dat 'n ondersoekkommissie, te wete die Krygswet Ondersoek Geregtelike Kommissie[93] die staking sou ondersoek.[94]

Die Eerste Minister het homself daarna in die Parlement verdedig deur daarop te wys dat die stakers tot 9 Februarie tyd gehad het om met die Kamer te onderhandel en in daardie tydperk sou die Parlement sit en kon moontlik 'n oplossing bied. Die stakers wou egter nie op sy pleidooi om nie te staak ag slaan nie en daarom het hy hulle meegedeel dat indien hul staak, die Regering dan onpartydig sou staan. Hy het voorts daarop gewys dat meer arbeiders ontslaan sou moes word indien die laegraadse myne sou sluit as wat die geval sou wees indien die status quo-ooreenkoms verval. Die Regering het deurentyd sy bes gedoen om 'n skikking te bewerkstellig, maar hy (Smuts) is as agent van die Kamer uitgeskel en veral Roos het die Regering se taak baie bemoeilik omdat hy die stakers aangemoedig het om nie toe te gee nie.[95] Hy het gewelddadige optrede aan opsweping deur 'n klein groepie Kommuniste toegeskryf. Die opgesweeptes het deur middel van kommando's opgetree en elke kommandant was 'n Nasionalis.[96] Een van sy groot probleme tydens die staking was volgens Smuts die feit dat hy reg van die begin af slegs teenkanting van die Opposisie gekry het.[97]

Die Arbeiders en Nasionaliste het in die onstuimige Parlementsitting van 1923 die Regering vanuit die staanspoor skerp aangeval. Hertzog het in sy wantrouemosie gesê dat armoede met

---

92. Cape Times, 21/4/22, 24/4/22 : Notule van die Volksraad.
93. Sien hierbo, p. 46.
94. Cape Times, 1/4/22 : Notule van die Volksraad.
95. Grobler, op. cit., pp. 450 - 451; The Star, 14/6/24.
96. Grobler, op. cit., pp. 455 - 456.
97. The Star, 25/1/23 : Verslag van Smuts se toespraak in die Parlement.

honderd persent toegeneem het sedert 1910; hierdie toestand gaan nog boonop gepaard met grootskaalse werkloosheid. Ses keer sedert 1910 moes die Regering die wapens opneem om die orde te herstel en elke keer Vrywaringswette aanneem om homself te beskerm. Die werkloosheid en swak ekonomiese toestand was volgens Hertzog die Regering se skuld. Genl. Smuts het geglo in 'n groot land, maar het nie die mense se welvaart beskerm nie. Werkloosheid maak nie saak nie, solank die myne net floreer. Hy het Smuts ook beskuldig dat hy nie sterk standpunt ingeneem het by die Imperiale Konferensie oor Suid-Afrika se staatkundige posisie nie.[98)] Kol. Creswell het Hertzog se mosie gesteun en bygevoeg dat die Regering van die begin van die staking besluit het om sy kragte teen die teenstanders van die Kamer in te werp. Die Regering sou na geen suggestie of kompromis luister nie.[99)] Hierdie wantrouemosie is uiteindelik met 57 stemme teen 71 verslaan.[100)]

Nasionaliste en Arbeiders het ook amnestie aan gevangenes tydens die staking baie sterk bepleit. Genl. Kemp het onder meer daarop gewys dat genade betoon is aan gevangenes tydens die Jameson-inval, terwyl dit in 1913 ook toegestaan is; derhalwe kon hy nie sien waarom dit nie in 1922 weer toegestaan kon word nie. Hierdie pleidooie het egter op dowe ore geval by die Minister van Justisie, mnr. N.J. de Wet.[101)]

---

98. Ibid., 24/1/23: Verslag van Hertzog se wantrouemosie in die Parlement.

99. Ibid., 24/1/23: Verslag van Creswell se toespraak in die Parlement.

100. Ibid., 30/1/23: Uitslag van stemming oor wantrouemosie.

101. Ibid., 7/3/23: Verslag van toespraak van genl. Kemp en ander pleidooie van die Opposisie en min. De Wet se antwoord daarop.

Die Opposisie het ook die Krygswetkommissie se verslag oor die staking as eensydig bestempel. Roos het onder meer in die Parlement hierdie verslag vals en misleidend genoem. Dit het volgens hom nie 'n woord gerep oor die belangrikste faktor ten opsigte van die staking, naamlik die oorsaak daarvan - werkloosheid - nie. Die Eerste Minister het altyd 'n punt daarvan gemaak dat die status quo-ooreenkoms niks met die kleurlyn te doen het nie. Ook dr. D.F. Malan en die Arbeider-parlementslid, Walter Snow, het die Kommissie se verslag as eensydig bestempel, terwyl Creswell in 'n aanval op die Ondersoekkommissie daarop gewys het dat dit die Regering se plig was om die waarheid oor die Hanekom-skietery uit te vind.[102)]

Tydens die staking is by geleentheid 'n poging aangewend om die trein waarin genl. Smuts van Kaapstad na Johannesburg gereis het, op te blaas. Die Minister van Spoorweë, mnr. J.W. Jagger, het 'n vinger na die Nasionale Unie van Spoorweg- en Hawewerkers, (NURAH) gewys, as sou dié liggaam 'n aandeel in dié poging gehad het. Die Regering sou in die vervolg NURAH ook nie meer erken nie en hieroor is Smuts veral deur Creswell skerp veroordeel.[103)]

Buite die Parlement het die Nasionaliste veral geen steen onaangeroerd gelaat om die staking as belangrike aanvalswapen teen

---

102. Ibid., 8/3/23, 10/1/23, 10/3/23 : Verslae van toesprake deur Creswell, Roos, D.F. Malan en Snow in die Parlement.

103. Cape Times, 15/4/23, 17/4/23 : Volksraadsnotules; The Star, 15/3/23; Die Burger, 15/3/23; Verslae van debat in die Parlement. Die Burger, 19/3/23: Hierdie beskuldigings teen Moore en NURAH het gelei tot verbittering onder vakbonde. Die S.A.P.-gesinde Sunday Times het in 'n hoofartikel op 18/3/23 sy twyfel oor die aandeel van enige hooggeplaaste amptenaar van NURAH in die ontsporing van die trein uitgespreek en die Minister van Spoorweë daarvan beskuldig dat hy bloot 'n bom wou los deur die saak aanhangig te maak.

Smuts te gebruik nie. Tydens die Nasionale Partykongres van die Vrystaat in Oktober 1922 het Hertzog daarop gewys dat die Regering vir die bloed wat gevloei het verantwoordelik is. Stassen, een van die terdoodveroordeeldes moes volgens Hertzog onder omstandighede begenadig word, terwyl ook geen poging deur die Regering aangewend is om die mense wat vir die doodskiet van die Hanekoms verantwoordelik was, te straf nie. [104)] Die Kongres as sodanig het sy misnoeë oor die Regering se optrede tydens die staking uitgespreek en onder meer verklaar:

„Gewere, kanonne, vliegtuie en bomme is die enigste middele gewees waardeur die Regering geweet het om die staking aan die Rand 'n end te doen neem." [105)] Ook die Nasionale Party in Natal het heftig geprotesteer teen die optrede van die Regering om die situasie te laat ontwikkel voordat hy opgetree het. [106)] Die staking kon afgeweer gewees het indien die Regering die mynmagnate en kapitalistiese element nie so partydiggesind was nie. [107)] Ten slotte is blanke arbeid 'n verdere nekslag toegedien toe die Appelhof in November 1923 die mynregulasies oor die kleurlyn „ultra vires" verklaar het. Prakties het dit beteken dat myneienaars alle blanke werkers deur Bantoes kon vervang; die blanke arbeider was derhalwe afhanklik van die genade van die

---

104. Politieke Argief, U.O.V.S. Nasionale Party Hoofkantoor. Verslag van die agste jaarlikse kongres van die Nasionale Party van die O.V.S. gehou te Bloemfontein op 11 en 12 Oktober 1922, pp. 25 - 26; Hertzog se toespraak; Crafford, op. cit., p. 246. Die Hanekoms is summier doodgeskiet omdat hulle op heterdaad betrap is terwyl hulle as sluipskutters opgetree het.

105. Politieke Argief, U.O.V.S. Nasionale Party Hoofkantoor. Verslag van agste jaarlikse kongres, 11 en 12 Oktober 1922, p. 8.

106. Politieke Argief, U.O.V.S. Notule van jaarkongres van die Nasionale Party van Natal gehou op 19 Oktober 1922.

107. Politieke Argief, U.O.V.S. Jaarverslag van die Sentraal Bestuur van die Nasionale Party van Natal. Agste kongres, gehou te Utrecht, 18 Oktober 1922.

mynbaas. Smuts, wat voor en tydens die staking die kleurlyn verdedig het, se aandele het verder gedaal, terwyl blanke werkers hul in groter getalle by die Arbeidersparty geskaar het. [108)]

108. Krüger, The making of a nation, p. 126.

## HOOFSTUK 3

## POLITIEKE EN EKONOMIESE TOESTANDE SEDERT 1922 AS BYDRAENDE FAKTOR TOT DIE PAKT

### A. Genl. Smuts se beoogde inlywing van Rhodesië by die Unie

Kort na die staking het genl. Smuts 'n nuwe moontlikheid gesien om sy eie posisie effens veiliger te maak en van sy holistiese visioene te vervul.

Suid-Rhodesië sou naamlik tot Oktober 1924 deur die British South African Company regeer word, tensy 'n absolute meerderheid van die Rhodesiese Wetgewende Raad die Imperiale Regering voor genoemde datum tevrede kon stel dat Rhodesië gereed vir selfregering was, of, as alternatief, by die Unie ingelyf wou word. 'n Volkstemming in Oktober 1922 sou die uiteindelike konstitusionele posisie van Rhodesië bepaal. [1)]

Smuts wou bittergraag Rhodesië by die Unie inlyf, aangesien hy daarin uitbreiding van die Unie se grense en 'n groter verenigde blanke bevolking gesien het. Terselfdertyd sou Suid-Afrika binne bereik van Rhodesië se koper kon kom. [2)]

Vanaf 3 - 17 April 1922 het 'n kongres tussen afgevaardigdes van Suid-Afrika en Rhodesië in Kaapstad plaasgevind, waarna Smuts die voorwaardes vir inlywing van Rhodesië by die Unie uiteengesit het. In hoofsaak het dit op die volgende neergekom:

Rhodesië word 'n vyfde provinsie van die Unie en word dadelik

---

1. Ibid., p. 130; Hancock, Smuts, 2, p. 151; Walker, E.A., op. cit., p. 594.
2. Malan, M.P.A. Die Nasionale Party van Suid-Afrika. Sy stryd en sy prestasies, 1914 - 1964. Kaapstad, 1964, p. 78.

deur 'n minimum van 10 lede in die Volksraad en vyf in die Senaat verteenwoordig. Voorts sou 'n spesiale subsidie van £50,000 per jaar vir tien jaar lank aan Suid-Rhodesië toegestaan word. Daarbenewens is ander aanloklike voorwaardes soos belastingvrystelling en 'n ontwikkelingstoelaag aangebied. Die Unie sou wel nie dadelik in beheer van die minerale regte kon kom nie, maar sou mettertyd alles in sy vermoë doen om hierdie regte uit te koop. 3)

Die Nasionale Party het dadelik beswaar gemaak teen Smuts se optrede in verband met Rhodesië. Die Federale Raad van die Party het verklaar dat die Regering se optrede onkonstitusioneel was en dat die volk van die Unie in die saak geïgnoreer is. Die seggenskap in die regering wat aan Suid-Rhodesië toegeken word, nl. 10 Volksraadslede en 5 Senatore is buite verhouding tot sy bevolkingsterkte. Suid-Rhodesië sou volgens die Raad 'n finansiële las vir die Unie wees; 'n las wat vir vele jare uitsluitlik deur die bestaande provinsies van die Unie gedra sou moes word. 4) Tydens die Natalse Jaarkongres van die Party in 1922 het dr. E.G. Jansen die besluit van die Federale Raad onderskryf en verder die mening uitgespreek dat die Nasionale Party in Natal nie teen inlywing gekant was nie, maar wel teen die wyse waarop dit gedoen sou word. 5)

Smuts het Rhodesië self besoek en sy standpunt in die openbaar gestel. Sy moeite was egter tevergeefs, want in Oktober 1922 het die Rhodesiërs by die stembus beslis dat hul nie

---

3. Staatsargief. J.C. Smuts - versameling, CXV, nr. 33. Verslag oor kongres van afgevaardigdes in Kaapstad en Smuts se voorwaardes.

4. Politieke Argief, U.O.V.S. Omsendbrief van die Nasionale Party van die Kaapprovinsie d.d. 16/8/22 : Besluit van Federale Raad van die Nasionale Party op 9/8/22 t.o.v. Smuts se beoogde inlywing van Rhodesië by die Unie.

5. Politieke Argief, U.O.V.S. Notule van jaarkongres van Nasionale Party in Natal d.d. 18/10/22 : Verklaring deur dr. E.G Jansen.

ten gunste van inlywing by die Unie is nie. In Augustus van die volgende jaar het Suid-Rhodesië 'n selfregerende kolonie met 'n Verantwoordelike Regering geword. [6] Die uitslag van die referendum was vir Smuts 'n ernstige terugslag, terwyl sy teenstanders dit as teken van sy kwynende invloed gesien het. [7]

## B. Die hantering van landsvraagstukke en die algemene landsbestuur deur die S.A.P.-bewind, met verwysing na die Opposisie se kritiek daarop

### 1. Algemeen

'n Groot aantal faktore het kumulatief meegewerk om die Smuts-bewind sedert 1921 een van die ongewildstes in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika te maak. Afgesien van die 1922-staking en sy gevolge vir blanke arbeid, het die algemene ekonomiese toestand waarin die land verkeer het en die Regering se hantering van landsvraagstukke 'n belangrike wapen in die hande van die Opposisiepartye geword.

In hoofsaak was die posisie van die land in hierdie jare onderhewig aan:

(i) 'n Laagtepunt in ekonomiese bedrywighede

(ii) 'n hoë werkloosheidsyfer

(iii) swaar droogtes en wydverspreide skades deur sprinkaanplae.

(iv) lae pryse vir produkte, sodat derduisende boere in stede 'n heenkome kom soek het; 8) tesame hier-

---

6. Krüger, The making of a nation, pp. 130 - 131.
7. Ibid., p. 131.
8. Offisiële Jaarboek, nr. 7, 1910 - 1924, p. 129: Volgens amptelike syfers van die verspreiding van Blankes oor stad en platteland was daar in 1911 658,286 Blankes in stedelike gebiede woonagtig en 617,956 op die platteland. In 1921 het die getal in stedelike gebiede gestyg na 847,508 terwyl die getal in die platteland slegs na 671,980 vermeerder het; The Star, 1/2/23: Hoofartikel; Walker, E.A., op. cit., p. 604.

mee die hoë voedselpryse.[9]

(v) swak finansiële administrasie deur die Regering: die spoorweë het verskeie jare teen 'n verlies bedryf en die algemene begroting kon jaar vir jaar nie klop nie, terwyl die pensioenfonds gedurig uitgeput was en toevlug tot leningsfondse geneem is om gewone uitgawes te dek.

(vi) onvoldoende subsidie aan provinsies.

(vii) ontevredenheid oor salarisbesnoeiings in die staatsdiens en onderwys.

(ix) die toenemende armblanke vraagstuk.

(x) die onopgeloste Nie-blanke vraagstuk.[10]

Finansiële kenners het gemeen dat die enigste oplossing vir die knellende ekonomiese vraagstukke geleë was in grootskaalse geldbelegging in ontwikkelings. In die volgende tien jaar moes Suid-Afrika gedurig na nuwe markte oorsee soek.[11] Die ekonomiese krisis, so is beweer, het begin met inflasie in die koste van gebruiksartikels. Die Regering het toe heeltemal tereg besluit om die bestaande bankkoers met 'n koers van sy eie te vervang; ongelukkig is hierdie onttrekking van die banke se wisselkoers oor 'n te kort tydperk aangevra, want in daardie stadium was pryse baie hoog, voorskotte swaar en feitlik alles het in 'n staat van inflasie verkeer. Die logiese gevolg was gedwonge omskakeling, omdat die banke moes voldoen aan die vooropgestelde vereistes van die wet. Dit het werkloosheid, handelsdepressie en finansiële krisisse tot gevolg gehad. In plaas van hierdie maatreëls geleidelik in werking te stel, het die Regering te drasties opgetree, met noodlottige gevolge.[12]

---

9. The Star, 28/5/23 : 'n Gekose komitee na dié vraagstuk het bewyse gevind dat die produsent en verbruiker aan die kortste end trek, omdat die middelman met die profyt wegstap.

10. Hancock, Smuts, 2,p. 157; Krüger. The making of a nation, p. 132.

11. The Star, 17/7/23: Artikel deur E. Glanville.

12. Ibid., 7/7/23: Finansiële Oorsig.

Benewens die volgehoue kritiek van Opposisiekant teen die Regering se onvermoë om die toestand van die landsekonomie te beheer, het selfs S.A.P.-gesinde blaaie begin skeef opkyk na die Regering se rekord. Aan die begin van 1924 het die Sunday Times gekla oor die baie stakings in Suid-Afrika. 13) Die African World van 19 Mei 1923 het verklaar dat die Regering in onguns verval het as gevolg van stadige ekonomiese herstel, besuiniging in publieke administrasie en oplegging van onpopulêre belastings. 14)

Dit was egter Roos se skerp tong wat die Regering die felste gekasty het. Die Smuts-bewind se swak nywerheidsbeleid was volgens hom die oorsaak dat die tabaknywerheid ten gronde gegaan het. Dit was noodsaaklik dat Suid-Afrika so spoedig moontlik 'n eie diamantslypery verkry; derhalwe moes ongeslypte diamante swaar belas word. 15) Die Regering was inderwaarheid nog altyd die bondgenoot van die Kamer van Mynwese, het Roos verklaar. 16) Hy het verder gewys op die geweldige koste om die

---

13. Sunday Times, 13/1/24 : Berig. Die blad het die volgende syfers van stakings in die land sedert 1914 verstrek:

| Jaar. | Aantal stakings |
|---|---|
| 1914 - 1916 | 24 |
| 1917 - 1919 | 92 |
| 1920 - 1923 | 105 |

Sien ook U.G. 8 - 1922, p. 109.

14. Die Burger, 22/6/23 : Berig van verklaring deur African World, 19/5/23.

15. Ibid., 26/4/23 : Verslag van Roose se vergadering op Hendrina.

16. De Volkstem, 1/4/24: Verslae van Roos se vergaderings op Amersfoort en Volksrust.

verdedigingsmag in stand te hou, asook die koste verbonde aan huise van ministers.[17] 'n Ernstige beswaar teen die Regering was vir hom die gedurige uitvoer van goud, wat die basis van alle krediet vorm.[18] Teenoor die Regering se onvermoë om die landsekonomie reg te ruk, het Roos die beleid van die Nasionale Party by geleentheid soos volg uiteengesit:

(i) Beskerming van die boer se belange.
(ii) Oplossing van die werkloosheidsvraagstuk.
(iii) Oplossing van die armblankevraagstuk.
(iv) Verbetering van die bestaande finansiële toestand in die land.[19]

In die Parlement het Hertzog en Creswell met bitterheid gepraat oor die haglike ekonomiese toestand wat in die land geheers het terwyl die Regering sit en toekyk;[20] hierdie kwessie is trouens as baie belangrike verkiesingswapen sedert 1921 deur die Nasionale Party gebruik.[21] Van groter betekenis is die feit dat die landstoestand deur die Opposisiepartye gesamentlik teen Smuts gebruik kon word; dit het 'n saambindende faktor vir 'n koalisie geword. Twyfelagtige kiesers kon maar net na statistieke kyk om hul ondersteuning aan die Opposisie te gee.

Om 'n behoorlike beeld te vorm van die ekonomiese wurggreep waarin die land verkeer het, is dit nodig om die belangrikste vraagstukke en kenmerke van die Smuts-Regering in breë trekke te behandel.

---

17. Die Burger, 26/4/23: Verslag van Roos se toespraak op Hendrina.
18. Ibid., 17/4/23: Verslag van Roos se vergadering op Ermelo.
19. Ibid., 11/7/23: Verslag van Roos se toespraak in Pretoria.
20. Ibid., 24/1/23: Verslag oor Hertzog en Creswell se toesprake in die Parlement.
21. Politieke Argief, U.O.V.S. Verslag van Nasionale Partykongres van 1921; Malan, M.P.A., op. cit., pp. 79 - 80; Nasionale Party. Elke man op sy pos! Waak! Kaapstad. s.j.

## 2. Werkloosheid, Immigrasie en die Armblankevraagstuk

Die werkloosheidsvraagstuk het sedert 1920 met rasse skrede toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die sluiting van 'n aantal laegraadmyne,[22] beperking van diamantdelwerye en gebrek aan werk vir teruggekeerde soldate. 'n Kommissie van ondersoek om die vraagstuk te ondersoek is indertyd in die lewe geroep.[23] Volgens die kommissie se verslag het dit geblyk dat produksiekoste so geweldig gestyg het dat dit die bestaan van etlike industrieë bedreig het. Die Eerste Wêreldoorlog het 'n kunsmatige welvaart geskep en die gevolge hiervan was onvermydelik : 'n groot aantal loontrekkers het na jare van vaste werk nou werkloos gesit. Die enigste aanbeveling wat die kommissie kon maak was dat lone verlaag moes word. Benewens die algemene ekonomiese toestand in die wêreld op daardie stadium, het die kommissie ook die volgende oorsake van werkloosheid in Suid-Afrika genoem:

(i) Die aanwesigheid van die Bantoe in Suid-Afrika, die verhouding tussen die twee rasse en die sosiale toestand wat as gevolg hiervan ontstaan het.

(ii) Beperkings op die ontwikkeling van die mynindustrie.

(iii) Die ophou en inkrimping van plaaslike industrieë.

(iv) Nywerheidsonrus veroorsaak deur swak oorwoë stakings. Luiheid, louheid en ander menslike faktore het volgens die verslag ook 'n rol gespeel. 24)

---

22. Sien hierbo, pp. 36, 38.
23. Offisiële Jaarboek nr. 7, 1910 - 1924, pp. 254 - 255.
24. U.G. 17 - 1922, pp. 5-6, 8.

Die posisie het algaande versleg. 'n Opgawe van die Arbeidsburo het getoon dat in 1921 die aantal aansoeke vir werk met meer as 13,000 vermeerder het in vergelyking met die vorige jaar. Die getalle van geskoolde ambagslui wat werkloos sit, het aansienlik toegeneem en is nog verder vergroot deur nuwe aankomelinge van oorsee [25)] wat ook geen werk kon vind nie. [26)] Dit is bereken dat daar binne die Johannesburgse munisipale gebied in Junie 1923 alleen 5,000 werkloses was, [27)] terwyl in Augustus 1655 aansoeke vir werk by die Arbeidsburo ontvang is. Vir slegs 240 kon werk gevind word. [28)] Soos die getal werkloses vermeerder het, het ook die getal aansoeke vir werk toegeneem. [29)]

Die onvermoë van die Smuts-regering om die probleem die hoof te bied is ten volle deur die Opposisie aan die kaak gestel. Genl. Hertzog het daarop gewys dat werkloosheid en armoede 'n vrugbare teelaarde vir Kommunisme is; daarbenewens kos die 140,000 werkloses die Regering 'n fortuin. [30)] Smuts se bewering dat daar werk vir almal in die land is, was volgens Hertzog belaglik, aangesien geen mens in daardie stadium meer vir 10s per dag kon werk nie. Die enigste oplossing, so het Hertzog aangevoer, was 'n arbeidsveld vir die Blanke [31)] Kol. Creswell het gewaarsku teen die beleid om goedkoop nie-blanke arbeid te gebruik [32)] en het die Regering daarvan beskuldig dat hy niks gedoen het om die po-

---

25. Offisiële Jaarboek nr. 7, 1910 - 1924, p. 141. In 1919 het 9,038 immigrante na Suid-Afrika gekom en in 1923 het die getal gestyg na 11,641.
26. U.G. 14 - 1923.
27. The Star, 13/6/23 : Berig
28. Ibid., 18/8/23 : Berig.
29. Vgl. ook Sunday Times, 30/9/23; The Star, 14/6/23 : Berigte.
30. Die Burger, 5/7/23: Verslag van Hertzog se toespraak in Bloemfontein.
31. Ibid., 18/10/23: Verslag van Hertzog se toespraak op die Nasionale Partykongres in Bloemfontein.
32. Ibid., 20/4/23: Verslag van Creswell se toespraak voor werkloses (plek nie vermeld).

sisie van die witman te bevorder nie. [33)]

Ander Opposisie-partyleiers onder wie veral Roos, Boydell en Madeley getel het, het ook die Regering skerp aangeval oor die toestand van werkloosheid [34)] en sy beleid om in so 'n kritieke stadium immigrasie aan te moedig. [35)]

3. Myne en Industrieë

Sy minerale rykdom was die ekonomiese slagaar van Suid-Afrika [36)] en in 1920 het die land meer as 50% van die wêreld se goud

---

33. Ibid., 24/1/23: Verslag van Creswell se toespraak in die Parlement.

34. Sien The Star, 5/1/23, 6/1/23, 1/3/23, 2/6/23; Die Burger, 2/6/23, 19/6/23: Verslae van toesprake deur Roos, Boydell en Madeley.

35. Jaarverslag van die Federale Raad van die Nasionale Party. Rapport aan die kongresse van die Nasionale Party, 18/9/20 - 18/9/21 (getikte kopie); Die Burger, 20/4/23: Verslag van Creswell se toespraak voor werkloses (plek nie vermeld).

36. Die volgende tabel dui die waarde aan van produksie van die vernaamste minerale in die Unie tot op 31 Desember 1923:

| Mineraal | £ |
|---|---|
| Goud | 790,915,388 |
| Diamante | 228,205,426 |
| Steenkool | 61,053,058 |
| Koper | 23,367,137 |
| Tin | 4,804,181 |

Sien ook The Star, 27/2/23; Die Burger, 27/2/23: Verslae van Hertzog en Creswell se toesprake in die Parlement.

geproduseer [37] en meer as 70% van die diamante. [38] Hierna het die diamantopbrengs skerp gedaal, sodat die land binne twee jaar maar 47.82% van die wêreld se diamante kon lewer. [39] Die goudmynnywerheid is weer benadeel deur skerp stygende eksploitasie-koste, stakings en 'n onstabiele goudprys. [40] Daarbenewens het die prys van goud sedert 1920 geneig om te daal, sodat laegraadmyne nie meer teen 'n wins kon werk nie. [41] Hierdie faktor was een van die direkte oorsake van die 1922-staking en die hoë werkloosheidsyfer. Die Opposisie het volgehou dat die Regering die mynmagnate bevoordeel [42] en deur die Kamer van Mynwese gedikteer word. Laasgenoemde liggaam wou van die Regering die versekering hê dat

---

37. Sien hierbo, p. 35.
38. Offisiële Jaarboek, nr. 7, 1910 - 1924, p. 531.
39. Ibid.,
40. Ibid., p. 518; Die volgende tabel toon die styging van eksploitasie koste, tesame met die dalende wins per fyn ons sedert 1910:

| | Eksploitasiekoste per fyn ons | Wins per fyn ons |
|---|---|---|
| 1910 | 52s 5d | 31s 3d |
| 1919 | 68s 1d | 25s 6d |
| 1920 | 78s 2d | 29s 1d |
| 1922 | 61s 7d | 28s 10d |

41. Sien hierbo, pp. 36, 38.
42. The Star, 24/1/23: Verslag van Hertzog se toespraak in die Parlement.

Suid-Afrika nie gou na die goudstandaard sal terugkeer nie, anders sou dit die einde van hul steeds groeiende winste beteken. [43] In hierdie tyd van ekonomiese krisisse het die mynindustrieë nie juis spaarsaam met geld te werk gegaan nie, aldus een Regeringskoerant, want in 1922 is meer as £27 miljoen spandeer. [44]

In die twintigerjare was vriend en vyand van die Regering dit eens dat fabrieksnywerhede in Suid-Afrika uiters noodsaaklik was. [45] Daar moes vir die plaaslike mark vervaardig word, terwyl rou materiaal uitgevoer moes word. Suid-Afrika moes hom tot die markte van die wêreld rig. [46] Handelsstatistieke het 'n verhaal van daling en skommeling vertel. [47]

Tydens die parlementsitting van 1923 het minister Burton verklaar dat die Randse staking van 1922 die oorsaak was dat die land se uitvoere gedaal het. [48] Hoewel amptelike syfers sy verklaring rugsteun, is die aanduiding ook daar dat die handel oor die algemeen reeds sedert 1920 'n afwaartse of skomme-

---

43. Die Burger, 4/4/24: artikel.

44. Sunday Times, 13/5/23: Berig.

45. Die Burger, 5/4/24; Sunday Times, 29/4/23: artikels; The Star, 21/4/23: Toespraak deur dr. D.F. Malan in die Volksraad.

46. The Star, 13/2/23: Artikel deur H.E.S. Fremantle.

47. Offisiële Jaarboek nr. 7, 1910 - 1924, pp. 637, 559 : So was die waarde van die land se uitvoer in 1920 nog £98,896,483 terwyl dit in 1922 gedaal het na £64,978,524. Eers sedert 1923 het dit weer gestyg. Invoer het vanaf 1910 tot 1920 byna verdriedubbel, maar daarna darem 'n dalende neiging begin toon. Fabrieke in Suid-Afrika se bruto-opbrengs het vanaf £92,913,844 in 1919 - 1920 na £74,486,292 in 1922 - 1923 gedaal.

48. The Star, 29/3/23: Verslag van Burton se toespraak in die Parlement.

lende neiging begin toon het. [49)]

Die Opposisiepers, veral Die Burger, het op statistieke gehamer om die swakheid van die regering aan die lig te bring. [50)] Die blad het daarop gewys dat die Raad vir Handel en Nywerheid wat deur die Regering in die lewe geroep is om die doeltreffendheid van fabrieke te ondersoek, geen doel gedien het nie, omdat hy hom nie mog inlaat met die algemene beginsels van nywerhede nie. [51)] Die koerant het voorts ook gewys op die groot aantal insolventskappe en die steeds dalende dividende van myne. [52)] Nie slegs sy pers nie, maar ook die Nasionale Party as sulks het die oprigting en beskerming van nywerhede as baie noodsaaklik beskou, soos blyk uit 'n besluit van die Federale Raad op 21 April 1922 dat .......

„Met die oog op die noodsaaklikheid om die Unie selfstandig te maak op ekonomiese gebied en om werkloosheid te bekamp, dring die

---

49. Offisiële Jaarboek, nr. 7, 1910 - 1924, p. 459: Die volgende tabel toon die uitvoere van 'n aantal belangrike produkte in die tydperk 1920 - 1923 aan. Hieruit blyk dit dat daar darem sedert 1922 'n effense opflikkering t.o.v. die wol- en diamantbedryf gekom het:

| | 1920 | 1921 | 1922 | 1923 |
|---|---|---|---|---|
| mielies | £345,000 | £1,500,000 | £1,400,000 | |
| vleis | £500,000 | £173,500 | £ 30,350 | |
| wyn | £204,649 | | | £118,498 |
| wol | £16,000,000 | £8,200,000 | £11,000,000 | |
| diamante | £11,600,000 | £1,355,000 | £4,400,000 | |

Sien ook Die Burger, 14/4/23: Berig

50. Die Burger, 5/4/24 : Ekonomiese oorsig.

51. Ibid., 29/1/23: Hoofartikel.

52. Ibid., 14/4/23: Volgens 'n berig in hierdie koerant was daar in 1921 2146 insolventskappe met £6,600,000 kapitaal by betrokke en in 1922 2470 insolventskappe met £5,967,000 kapitaal by betrokke. Daarbenewens het die dividende van myne verminder van £13,011,000 in 1920 tot £6,946,000 in 1922.

Federale Raad by die Regering aan om maatreëls te neem om lewenskragtige industrieë te beskerm." 53)

4. Die algemene begroting

Sedert 1920 het min. Burton sonder welslae probeer om sy begroting te laat klop. Die landsuitgawes het gereeld die inkomste oortref, maar wat veral die saak vertroebel het, was die feit dat lenings- en delgingsfondse gebruik is om uitgawes te bestry, asook die openbare skuld wat jaar vir jaar skrikwekkend gestyg het. 54)

'n Kommissie van Ondersoek na die tekorte in die begroting se bevinding was dat die koste van die administratiewe masjienerie van die land buite verhouding met die landsinkomste was. 55)

---

53. Politieke Argief, U.O.V.S. Notule van vergadering van Federale Raad van Nasionale Party gehou op 21/4/22.

54. Offisiële Jaarboek, nr. 7, 1910 - 1924, p. 760: Die land se finansiële posisie tussen 1920 en 1924 word deur onderstaande tabel aangedui:

Die gewone inkomstes en uitgawes van die Unie, met inbegrip van die van die provinsies, 1920 - 23

| | |
|---|---|
| **Inkomstes** | |
| 1920 - 1921 | £33,272,952 |
| 1921 - 1922 | £32,622,420 |
| 1922 - 1923 | £30,795,958 |
| **Uitgawes** | |
| 1920 - 1921 | £34,014,987 |
| 1921 - 1922 | £34,228,307 |
| 1922 - 1923 | £32,571,868 |

U.G. 27 - 1922 p. 1; The Star, 15/2/23: Verslag van Burton se toespraak in die Parlement: Die begroting van uitgawes om bestry te word uit leningsfondse gedurende die jaar eindigende 31 Maart 1923 was £11,163,000. Burton het in dieselfde jaar in die Parlement verklaar dat hy die totale tekort van £1,146,000 in die tydperk 1920 - 1922 slegs tot dié bedrag kon beperk deur £460,000 van delgingsfondse en £934,000 van leningsinkomste te neem.

55. The Star, 15/2/23: Verslag van Parlementsitting.

Die ergste was egter die nasionale skuld, wat aan die begin van 1923 reeds meer as £190 miljoen beloop het.[56] Tot groot verontwaardiging van die kant van die Opposisie het die Minister die Parlement gevra om nog £11 miljoen te steun vir die finansiële jaar 1923 - 24.[57]

Soos te verwagte was, het die Regering uit alle oorde kritiek ontvang; aanvalle het nie slegs van die Nasionaliste en Arbeiders gekom nie, maar ook van ekonome en finansiële kenners. Die bekende dr. M.A. de Kock van Kaapstad het daarop gewys dat die volk die nuwe belastings wat deur die Regering opgelê is, nie kon dra nie en dat die Minister se metode om kapitaalinkomste te gebruik ten einde rekenings te laat klop, geen oplossing vir die probleem is nie.[58] Ander menings was dat boere te swaar belas is en dat die belastingstelsel oor die algemeen vereenvoudig moes word; ook is heeltemal te veel geld aan die landsverdediging bestee.[59] Suid-Afrika het volgens mnr. F.W. Hirst, voormalige redakteur van die Economist soos sommige ander lande gely aan „over-government, over-borrowing and over-expenditure."[60] Die Opposisie het 'n maklike taak gehad om die Regering oor hierdie aspek oor die kole te haal. Syfers het immers vanself gespreek en Die Burger kon heeltemal tereg vir Burton daarvan beskuldig dat hy 'n tekort van meer as £10½ miljoen oor die voorafgaande drie jaar getoon het.[61] Die koerant het die Minister

---

56. Sunday Times, 4/3/23: Hoofartikel; Die Burger, 29/3/23: Verslag van Burton se begrotingsrede.

57. The Star, 1/3/23; Die Burger, 3/3/23: Verslae van Parlementsitting.

58. Die Burger, 11/4/23 : Berig.

59. Nasionale Party, Kaapprovinsie. Die finansiële politiek van die Unie. Kritiek en enkele suggesties (Toespraak deur J.G. van der Horst,) Kaapstad, s.j.

60. The Star, 8/8/23: Berig.Sien ook ibid 3/8/23: Verslag van toespraak deur Alex Aiken by die Witwatersrandse Universiteit, waarin hy dieselfde bewering maak, naamlik dat Suid-Afrika gans te veel spandeer. Die Burger, 12/6/23: Tydens 'n noenmaal van die Kaapstadse Kamer van Koophandel het die Minister van Spoorweë, mnr. Jagger, in 'n toespraak gesê dat hy saamstem met mnr. E. Rowe, voorsitter van die Kamer se verklaring dat die regeringskoste van die land swaarder is as wat dit kan dra en dat besuiniging nodig is.

61. Die Burger, 14/4/23: Hoofartikel.

ook gekritiseer omdat hy die geldelike steun aan provinsies verminder het en daarop gewys dat dit die onderwys aangetas het, [62] Minister Burton het ook nie die geld wat gebruik is om die 1922-staking die nek in te slaan, by sy begroting ingereken nie. [63] Creswell en Hertzog het die Regering aangeval oor die verhoogde belastings, veral omdat die volk die swaarste daaronder sou ly, [64] terwyl die myne in werklikheid baie lig daarvan afgekom het. [65] Hertzog het daarop gewys dat belasting in 1923 elf maal hoër was as in 1914. [66] Dr. Malan het verwys na die abnormale toestande na die Wêreldoorlog en die Regering se optrede om uitgawes van permanente en wederkerende aard te vergroot en te begin, as ongewens bestempel. Die land se skuld het, volgens dr. Malan, vinniger toegeneem as die bevolking en 'n ongesonde toestand moet noodwendig so ontstaan. [67] Boydell het die spandabelrigheid van die Regering gekritiseer en in die Parlement daarop gewys dat die Minister van Lande nie minder nie as £1013 uit die openbare beurs geneem het om meubels vir sy eie gebruik in sy eie huis aan te koop, terwyl die Minister van Binnelandse Sake £780 vir eie gebruik geneem het. [68] Die Opposisie het ook gekla oor die groot geldbedrae wat die Regering aan die Rykstentoonstelling, die Hartebees-

---

62. Ibid., 9/4/23: Hoofartikel; In die uitgawe van 3/4/24 is die Regering daarvan beskuldig dat hy nie in staat is om iets aan onderwysers se salarisse te doen nie.

63. Ibid., 9/2/23 : Hoofartikel.

64. The Star, 21/4/23: Arthur Barlow het in n toespraak in die Parlement die stelling onderskryf.

65. Die Burger, 24/4/23, 5/11/23, 1/5/23: Verslae van toesprake deur Hertzog en Creswell in die Parlement, deur Hertzog op Pietermaritzburg en Creswell in die Parlement, respektiewelik.

66. The Star, 3/4/23: Verslag van Hertzog se toespraak op Koster.

67. Die Burger, 21/4/23: Toespraak deur dr. D.F. Malan in die Parlement.

68. The Star, 26/1/23; Die Burger, 26/1/23: verslag van Boydell se toespraak in die Parlement; Vergelyk ook Die Burger, 22/6/23: Roos se kritiek op die Regering se spandabelrigheid.

poortdam-projek en die opleidingskip, Generaal Botha, bestee het.[69]

5. Spoorwegtekorte

Jaar na jaar het die Spoorweë 'n tekort getoon. In 1920 - 21 was die verlies £1,272,972 terwyl dit in 1921 - 22 na £1,392,731 gestyg het.[70] Die opgehoopte tekorte van die Spoorweë en Hawens het op 31 Maart 1923 op £2,220,511 te staan gekom.[71] Minister Jagger het verklaar dat dit die beleid van die Regering is om soveel plaaslike materiaal as moontlik te koop, maar dat dit onprakties was, aangesien oorsese materiaal vyftig persent goedkoper was.[72] Geen lokomotiewe is derhalwe vanaf 1915 tot 1923 in Suid-Afrika gebou nie.[73] Deur strenge besuiniging kon die Minister wel daarin slaag om sedert 1923 sy begroting te laat klop,[74] maar in die proses moes hy van die Leningsfonds gebruik maak,[75] salarisse van spoorwegamptenare besnoei[76] en aankondig dat daar geen vooruitsig was op verdere spoorlynkon-

---

69. Die Burger, 5/6/23: Verslag van Hertzog se toespraak in die Parlement; The Star, 20/2/23: Verslag van Parlementsitting

70. Offisiële Jaarboek, nr. 7, 1910 - 1924, p. 735

71. The Star, 11/12/23: Berig.

72. Die Burger, 23/6/23: Verslag van Jagger se toespraak in die Parlement; The Star, 21/6/23: Boydell het Jagger in die Parlement daarvan beskuldig dat hy onpatrioties teenoor Suid-Afrika is deur gedurig rollende materiaal in te voer, 'n gebruik wat reeds in 1918 begin het; Ibid., 13/3/23: Ook Snow, Arbeider-volksraadslid het die Regering aangeval omdat miljoene rand se rollende materiaal ingevoer word.

73. Offisiële Jaarboek, nr. 7, 1910 - 1924, p. 720.

74. Ibid., p. 735.

75. U.G. 5 - 1922, p. 1: In die boekjaar 1922- 23 is £4,800,000 uit die Leningsfonds geneem.

76. Die Burger, 9/4/23: Berig.

struksies voor 1925 nie. [77)]

6. Bankmonopolie en die goudstandaard

Die Opposisiepartye met kol. Creswell aan die spits het in hierdie tyd die instelling van 'n staatsbank baie sterk bepleit. Boydell het in die Volksraad daarop gewys dat die Regering twee privaatbanke toelaat om die finansies en krediet van die land te beheer, met die gevolg dat duisende klein besighede in die bankrothof beland. [78)] Creswell het voorgestel dat die bestaande Reserwebank deur 'n staatsbank vervang word en dat hierdie bank, wat deur die volk van Suid-Afrika beheer word, die toon moet aangee. [79)] Hy en Hertzog het herhaaldelik die wenslikheid van terugkeer na die goudstandaard beklemtoon. Die Nasionale leier was van mening dat Suid-Afrika die prooi van die wisselkoers geword het omdat die Regering die uitvoer van goud belet het. [80)] Creswell het daarop gewys dat mynwerkers aan die Rand bedreig word deur betaling van papiergeld wat minder werd is as goudgeld. [81)] Teen die einde van 1923 het die Minister van Finansies egter self begin dink aan terugkeer na die goudstandaard toe hy Brittanje besoek het en tot die gevolgtrekking gekom het dat toestande aldaar gunstig geword het vir so 'n stap. [82)]

---

77. The Star, 31/1/23; Die Burger, 31/1/23: Verslag van Jagger se toespraak in die Parlement.

78. The Star, 26/1/23: Verslag van Boydell se toespraak in die Volksraad; Ibid., 29/6/23: In 1922 - 1923 het die Nasionale Bank se deposito's met byna £2,000,000 geval, die hele reserwefonds is geabsorbeer en dit was nodig om die opbetaalde kapitaal neer te skryf van £10 tot £7 per aandeel.

79. Ibid., 20/3/23, 22/3/23: Verslae van Creswell se toesprake in die Parlement; Sien ook Ibid, 17/7/23: Verslag van Creswell se toespraak in Johannesburg.

80. Die Burger, 20/3/23: Verslag van Hertzog se toespraak in die Parlement.

81. Ibid., 10/5/23: Verslag van Creswell se toespraak in die Parlement.

82. The Star, 18/10/23: Verslag van Burton se verklaring vanuit Londen.

7. Die Nie-blankevraagstuk

Sedert die ontginning van minerale in Suid-Afrika het ekonomiese integrasie met rasse skrede toegeneem. Die probleem was egter in so 'n gevorderde stadium dat daar nouliks 'n werklike oplossing gebied kon word.[83)] Suid-Afrika se ekonomie was eenvoudig gebaseer op goedkoop nie-blanke arbeid en hoe meer die ekonomie uitbrei, hoe groter word die toevloei van die Bantoe na blanke gebiede. Teen die einde van die negentiende eeu het die Bantoe sy stamverband aldus totaal verloor en is opgeneem in 'n nuwe ekonomiese samelewing waar hy enersyds die voordeel van goedkoop arbeid kon bied, andersyds die bedreiging vir blanke arbeid kom skep het.[84)]

Hierdie toedrag van sake het nie alleen op die arbeidsmark probleme begin skep nie; ook het die behuising en administrasie van Bantoes 'n ernstige probleem geword, waaraan die Regering daadwerklik aandag sou moes skenk. In 1916 het die Beaumont-verslag aanbeveel dat 22,000,000 akkers by die 17,660,000 wat reeds vir Bantoereservate opsygesit is, gevoeg word. Ongelukkig is hierdie aanbeveling nie onmiddellik ten uitvoer gebring nie, met die gevolg dat daar steeds te veel Bantoes in die Bantoegebiede saamgepak was. In 1920 het die Regering die Naturelle Aangeleenthede Wet passeer, wat voorsiening gemaak het vir 'n Naturelle Aangeleenthede Kommissie wat die Eerste Minister in sake rakende die Bantoe moes adviseer. Die wet het ook voorsiening gemaak vir die uitbreiding van die stelsel van plaaslike selfregering, soos in die Transkei toegepas, na ander gebiede.[85)]

---

83. Offisiële Jaarboek, nr. 7, 1910 - 1924, p. 129: In 1911 het daar 819,582 Nie-blankes in stedelike gebiede gewoon, terwyl die getal tot 1921 vermeerder het na 888,287.

84 Sien ook Walker, E.A., op. cit., pp. 584 - 585; Krüger, The making of a nation, p. 128.

85. Ibid., p. 584; p. 128 respektiewelik.

Bantoe-arbeiders in stede het spoedig bewus geword van die arbeidswoelinge aan die Rand en elders, met die gevolg dat hulle volgens voorbeeld van die Blankes ook vakbonde begin stig het. So is in 1917 in Kaapstad die Industrial and Commercial Workers' Union gestig - 'n nie-blanke organisasie wat as doelstelling die teenwerking van alle vorme van sosiale onderdrukking gehad het. [86)] In 1915 het die splintergroep uit die Arbeidersparty [87)] onder Andrews, Bunting en Jones 'n klompie Bantoes in 'n organisasie, naamlik die Industrial Workers of Africa betrek. [88)] Drie jaar later, in Junie 1918 staak 150 Bantoe sanitêre werkers in Johannesburg op aandrang van die Industrial Workers of Africa om hoër lone. Die staking was nie 'n sukses nie, want die stakers het hul spoedig teen die wet vasgeloop. [89)] Dit was egter nie die einde nie. Bantoe-organisasies het voortgegaan om massavergaderings te organiseer en in Februarie 1920 het 71,000 Bantoes eensklaps op die Randse myne tot staking oorgegaan. Smuts het egter korte mette van hierdie staking gemaak en spoedig was die Bantoes terug in hul werk. [90)] In Port Elizabeth was die saak veel ernstiger. Die President van die Naturelle Arbeidsbond het lede van dié liggaam aldaar aangemoedig om te staak om hoër lone. Toe die polisie die aanhitser sonder 'n lasbrief opsluit, het talle betogers voor die tronk saamgedrom. In antwoord op die polisie se waterspuite, het die betogers met klippe losgetrek, sodat die uiteinde van die saak 'n skietery was waarin ses blanke- en agt-en-sestig nie-blanke ongevalle voorgekom het. [91)]

---

86. Walker, E.A., op. cit., p. 585.
87. Sien hierbo, p. 23.
88. Walker, E.A., ibid.
89. Ibid.; Krüger, The making of a nation, p. 128.
90. Walker, E.A., ibid. Crafford, op. cit., p. 226.
91. Crafford, op. cit., pp. 226 - 227.

Dit is dus duidelik dat ook nie-blanke werkers, in sommige gevalle aangehits deur blanke agitators, in hierdie stadium van hulle posisie op die arbeidsmark bewus begin word het en in die toekoms vir die Regering baie probleme kon besorg.

Aan die begin van 1921 het die Regering met 'n verdere nie-blanke uitbarsting te doen gehad, hierdie keer in die vorm van 'n fanatieke verset van 'n Bantoesekte naby Queenstown, genaamd die Israeliete. Hierdie groep het onwettig by Bulhoek op privaatgrond byeengekom en geweier om uiteen te gaan. Hul leier, Enoch, het aangedring op 'n persoonlike onderhoud met Smuts en toe lg. weens velerlei verpligtinge nie die sekteleier dadelik kon te woord staan nie, het die Israeliete eenvoudig voortgegaan om nuwe hutte op te rig, terwyl hulle getalle aanwas, geen registrasie gemaak word of belasting betaal word nie en vee eenvoudig op die privaatgrond van blanke boere wei. Veediefstal het later voorgekom, met die gevolg dat van die boere op die Bantoes begin skiet het.[92] Smuts het die Naturelle Aangeleenthede Kommissie,[93] bestaande uit drie lede, gestuur om 'n oplossing vir die geskil te probeer bewerkstellig, maar die sekte het verseg om pad te gee, aangesien hulle slegs op Jehova se bevel sou handel. Uiteindelik moes die polisie drastiese stappe neem om die Bantoes finaal die wyk te laat neem. In 'n geveg waarin die polisie uit selfverdediging moes skiet, is 163 van die Israeliete gedood, terwyl Enoch, hul leier, en nog 129 lede van die sekte tot tronkstraf gevonnis is.[94] Smuts het daarna in die Volksraad verklaar dat die Regering sy uiterste bes gedoen het om die vrede te bewaar en dat die polisie as absolute noodmaatreël op die Bantoes geskiet het. Die Regering

---

92. Hancock. Smuts, 2, pp. 89 - 94.

93. Sien hierbo, p. 75.

94. Hancock, Smuts, 2, pp. 94 - 97.

is nietemin uit verskeie oorde aangeval oor sy halfhartige optrede en genl. Hertzog, ondersteun deur die meerderheid koerante (insluitende regeringskoerante) het 'n kommissie van ondersoek na die aangeleentheid aangevra. Min. F.S. Malan het in Smuts se afwesigheid [95] so 'n kommissie egter geweier. [96]

'n Jaar later moes gewapende magte weereens teen Nie-blankes gebruik word en hierdie keer in Suidwes-Afrika. Die Bondelswarts, 'n basterstam het onder die indruk verkeer dat die nuwe Regering, anders as die Duiters, aan hulle algehele vryheid sou gee. Toe aan hierdie verwagtinge nie voldoen is nie, het hulle geprotesteer teen dra van passe en hoë belastings. Hoewel 'n kommissie van ondersoek gevind het dat baie klagtes gegrond is en dat die Bondelswarts in werklikheid 'n bitter arm stam was, [97] het Blankes nietemin onrustig begin raak oor die versetlike houding van die stam. Twee van hul leiers, Jacobus Christian en Abraham Morris het gedurende die Herero-oorlog aan die begin van die eeu liewer as bannelinge oorkant die Oranjerivier gaan woon as om aan die Duitse magte oor te gee. Toe hulle begin besef dat die nuwe Regering in Suid-Afrika nie alle vorige beperkings op die stam gaan ophef nie, het hulle onwettig teruggekeer met die bedoeling om aan die hoof van 'n versetbeweging te staan. Dit het grootliks bygedra om opstand onder die stam aan te wakker. Nadat G.R. Hofmeyer, administrateur van die nuwe mandaatgebied, tevergeefs met Christian probeer onderhandel het, het hy in Mei en Junie 1922 met 'n militêre mag die verset beëindig. Hoewel die Bondelswarts in besit van gewere was, was hulle hoegenaamd nie bestand teen die weermag se moderne gewere, masjiengewere, veld-

---

95. Smuts het vroeg in Junie na die Konferensie van Statebondspremiers in Londen vertrek.

96. Hancock. Smuts, 2, pp. 97 - 98; Crafford, op. cit., p. 228.

97. Die Burger, 11/4/23; The Star, 10/4/23: Verslae van Ondersoekkommissie.

artillerie en bombardement uit die lug nie. Binne 'n week was die verset gebreek, met 115 verliese van lewens aan die kant van die Bondelswarts. 98) Hierdie gebeurtenis het nog groter opspraak as Bulhoek verwek en weer het Smuts persoonlik die skuld gekry. Selfs die Mandaatkommissie van die Volkebond was ontevrede, terwyl Britse dag- en weekblaaie prominensie aan die saak verleen het. In die Parlement het die Opposisie en veral die Arbeiders die Eerste Minister se gevoelloosheid gekritiseer. 99)

Om die toenemende probleem van Naturelle wat van plase en reservate na stede stroom te bekamp, het genl. Smuts tydens die 1923-Parlementsitting die Wet op Naturelle in Stedelike gebiede geloods. 100) Dit was 'n noodsaaklike maatreël en ook die Opposisie het meegehelp om 'n vrugbare bespreking oor die wetsontwerp te voer. Veral Creswell het baie daartoe bygedra om partypolitiek in die bespreking van die Wetsontwerp uit te skakel. 101) Die wet het voorsiening gemaak vir 'n eenvormige paswet buite die Kaapprovinsie, asook die administrasie van lokasies deur munisipaliteite. Smuts het egter daarby gevoeg dat indien stedelike munisipaliteite hul pligte verwaarloos, die Regering sal ingryp en op die betrokke stede se onkoste doen wat versuim is om gedoen te word. 102). Hertzog en Creswell was egter nog nie oortuig dat hierdie wet segregasie ten volle sou waarborg nie. Eersgenoemde het verklaar dat die wet wel vir residensiële segregasie binne of om stede voorsiening maak, maar die klousule wat die Bantoe toelaat om blanke gebied te bekom, het hom nie aangestaan

---

98. Krüger, The making of a nation, p. 129; Hancock. Smuts, 2, pp. 100 - 108; Walker, E.A., op. cit., p. 594.

99. <u>The Star,</u> 24/5/23: Toespraak van Creswell in die Parlement; Hancock. Smuts, 2. pp. 108 - 109; Krüger, The making of a nation, p. 129.

100. Walker, E.A., op. cit., p. 602.

101. <u>The Star</u>, 13/2/23: Verslag van bespreking in die Parlement.

102. Hancock. Smuts, 2, pp. 123 - 124; Walker, E.A., ibid.

nie; eerlank sou die Bantoe, volgens Hertzog, aandring op die Blanke se stem.[103] Creswell het Hertzog gesteun en daarop gewys dat indien ontwikkeling volgens die wet geskied, daar in die toekoms groot nie-blanke stede om blanke industriële gebiede sou verrys en vir die Blanke slegs 'n bedreiging inhou.[104] Hertzog het verder geargumenteer dat die wetsontwerp geen verbetering vir die Kleurling bring nie.[105] Hy wou steeds die ekonomiese en politieke regte van die Kleurling waarborg en het by geleentheid daarop gewys dat die Nasionale Party reeds gesorg het dat die Kleurlingpaswet verwyder is.[106]

Die Indiërvraagstuk was ook nie opgelos met die Smuts-Gandhi-ooreenkoms van 1914 nie.[107] Indië het op statebondskonferensies voortdurend die saak van die Indiërs in Suid-Afrika bepleit en veral burgerlike beperkinge probeer ophef. In Transvaal het die Indiërs die wet wat indiwiduele besitreg beperk het, ontduik deur maatskappye te vorm wat in die tydperk 1913 - 1919 van 3 tot 370 vermeerder het. Die Regering sou dringend moes optree en in 1920 - 21 het 'n Regeringskommissie aanbeveel dat 'n vrywillige repatriasieskema vir Indiërs ingestel word, dat die oorblywende Indiërs gesegregeer moet word, dat nuwe handelslisensies aan Indiërgebiede beperk word, dat bestaande immigrasiewette baie streng toegepas word en dat die reg om plase te besit vir Indiërs tot die Natalse kusstreek beperk word. Tydens die Statebondskonferensie van 1921 het Smuts verklaar dat Suid-Afrika nie burgerreg aan Indiërs sou toestaan nie en daar-

---

103. Hancock. Smuts, 2, p. 127, Sien ook Die Burger, 14/3/23: Verslag van Hertzog se toespraak in die Parlement.

104. Die Burger, 10/2/23: Verslag van Creswell se rede in die Parlement na aanleiding van die Naturelle in Stedelike gebiede - wetsontwerp.

105. Ibid., 8/2/23: Verslag van Hertzog se uiteensetting i.v.m. die Naturelle in Stedelike gebiede - wetsontwerp.

106. Ibid., 12/7/23: Verslag van Hertzog se toespraak in Kimberley.

107. Sien hierbo, pp. 20 - 21.

mee het hy voorlopig 'n end aan die geskil gemaak, hoewel 'n volkome oplossing nog nie bereik is nie.[108)]

C. Samevatting: Politieke en Ekonomiese toestande sedert 1919 as bydraende faktor tot die Pakt.

Waar die Smuts-regering reeds in 1920 nie meer op eie krag kon regeer nie, het sy prestige nou 'n laagtepunt bereik. Inderwaarheid was die hele S.A.P.-beleid uitgedien, want na byna dertien jaar aan die stuur, kon die Regerings van Botha en Smuts nóg konsiliasie verwesenlik nóg 'n verenigde nasie in Suid-Afrika tot stand bring.

Smuts se hantering van nywerheidsonluste het swaar teen hom getel; veral die 1922-staking het die etiket van ongenaakbaarheid om sy nek gehang, want hoewel die stakers nie totaal verskoon kan word van hulle optrede nie, het die Eerste Minister uit die staanspoor die indruk geskep dat hy nie die stakers se standpunt wil insien nie. Sy nonchalante uitspraak van neutraliteit van die Regering in die aangeleentheid, was om die minste daarvan te sê ontaktvol en onsimpatiek. Dit is die skuld van Smuts aan die staking : hy was onsimpatiek, onbelangstellend en toe sake hande uitruk, ongenaakbaar. Dat hy geheul het met die Kamer van Mynwese, is nie bewys nie, al is hy herhaaldelik daarvan deur die Opposisie beskuldig. Dat hy, ten einde orde te herstel, weer soos soveel keer in die verlede sy toevlug tot geweld moes neem, is hom nie vergewe deur 'n groot gedeelte van die bevolking nie. Die Smutsfiguur het een van outokrasie, ontoegeeflikheid en geweld geword; die Afrikaner het die Rebellie en Jopie Fourie onthou; die Arbeider die staking van 1914 en saam het hulle van Bulhoek en die Bondelswart-episode gepraat as nog bakens op die pad wat Smuts vol bloedspore gelaat het.

---

108. Krüger, The making of a nation, p. 127.

'n Verdere aanklag teen die Regering was sy hantering van knellende landsvraagstukke. Die algemene wêreldtoestand was wel nie rooskleurig nie, maar die Regering het plaaslike nywerheid geen kans gegun om Suid-Afrika ekonomies te ontvoog van Europa nie; gevolglik het werkloosheid voortgeduur en toegeneem, terwyl produksie oor die algemeen in die S.A.P.-tydperk voortdurend geskommel het en meer gedaal as gestyg het. Boonop was die finansies van die land meestal chaoties, met 'n nasionale skuld wat steeds groter geword het. Regeringsmaatreëls, soos hoër belastings en besuiniging op die spoorweë het allerweë kritiek ontlok.

Op hierdie stadium was dit duidelik dat daar genoeg gemeenskaplike griewe vir die Nasionaliste en Arbeiders bestaan het om 'n gesamentlike front teen die S.A.P. te vorm. Smuts se behandeling van die staking het Nasionalis en Arbeider laat saamstaan, danksy die aanvoorwerk wat Tielman Roos gedoen het. Dit was nie al saambindende faktor nie: die twee partye het ook albei oortuig gevoel dat Suid-Afrika sy eie nywerhede moes ontwikkel om sodoende ekonomies minder afhanklik van Europa en veral Engeland te word. Voorts het die haglike finansiële administrasie van die Smuts-regering ruimskoots bygedra tot die wedersydse steun wat die twee partye mekaar in die Parlement gegee het. Ten slotte het albei partye die Regering se beleid teenoor die myne ten sterkste afgekeur. Vir hulle het Smuts die handlanger van die kapitaliste geword en sou hulle hom om hierdie rede tot die bitter einde beveg.

Die Nasionale Party en die Arbeidersparty was nog nooit voorheen so na aan mekaar soos in hierdie tyd nie en indien 'n aantal kardinale verskilpunte uitgestryk kon word, sou hierdie bondgenootskap in staat wees om die S.A.P.-regering te lig. Die klimaat was reg vir 'n nuwe regering in Suid-Afrika. Die boer op die rustige platteland, die arbeider in die donker doolhowe van die myn, die Afrikaner in wie die vryheidsvlam nog hoog gebrand het en selfs die Engelsman met sy verknogtheid aan die Kroon het begin soek na 'n nuwe regering vir sy land; een wat stabiliteit en voorspoed kon bewerkstellig en handhaaf.

# HOOFSTUK 4

## DIE TOTSTANDKOMING VAN DIE PAKT.

### A. Agtergrond

Ondanks Colin Steyn se uitlating tydens die 1920-verkiesingsveldtog dat die Nasionale Party 'n vyand van kapitalisme is en dat die arbeider die natuurlike bondgenoot van die Nasionale Party is, [1] asook Roos se profetiese woorde op die vooraand van die 1922-staking, nl. dat hy vooruitsien na die dag wanneer die boer en die werker saam die land sou regeer deur middel van die Nasionale Party, [2] kan dit met 'n redelike mate van sekerheid aanvaar word dat daar nie voor 1922 enige verbintenis tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty was nie. [3] 'n Gemeenskaplike gevoel van verbittering teen Smuts het moontlik wel daartoe gelei dat tydens die 1920 en 1921-verkiesings in sekere kiesafdelings saamgewerk is om van die S.A.P.-kandidaat ontslae te raak, maar hierdie samewerking was van geen amptelike aard nie en is beslis nie in opdrag van die hoofbestuur van enige van die twee partye uitgevoer nie. [4] Daarbenewens is reeds daarop gewys dat Hertzog na die 1921-verkiesing 'n skerp aanval op die imperiale gesindheid van die Arbeiders gedoen het. [5] Laasgenoemde het immers met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog as party die deelname van Suid-Afrika gesteun, terwyl die Nasionale Party met woord en daad teen die regeringsbesluit geprotesteer het. [6]

---

1. Coetzee, op. cit., p. 186.
2. Grobler, op. cit., p. 429.
3. Hierdie standpunt word met groot oortuiging deur oud-president C.R. Swart, destyds privaatsekretaris van genl. Hertzog, gehuldig. Die verklaring is vervat in 'n brief aan samesteller d.d. 30/4/70.
4. Ibid.; Vgl. ook hierbo.
5. Sien hierbo, p. 34.
6. Sien hierbo. pp. 21 - 24.

Die program van beginsels van die Nasionale Party het ten opsigte van samewerking met ander partye verklaar dat die Nasionale Party bereid is om met 'n ander party saam te werk, „wanneer en zoverre gelijkheid van streven daartoe aanleiding geef. Doch de zamenwerkende partijen zullen alsdan ieder op zichself onafhankelik van elkaar blijven bestaan, om weer vrij van elkaar te zijn zodra die gelijkheid van steven ophoudt te bestaan." [7] Inderwaarheid sou samewerking met die Arbeiders volgens hierdie verklaring heeltemal moontlik kon wees, aangesien „gelijkheid van streven" in 'n hoë mate tussen die twee partye bestaan het. Albei het die belange van blanke arbeid sterk op die hart gedra, albei was dit eens dat die Regering se landsadministrasie veel te wense oorlaat, [8] terwyl Hertzog en Creswell se beleid ten opsigte van segregasie in hooftrekke ooreengestem het. [9]

Die grootste enkele faktor wat tot dusver in die weg van samewerking gestaan het, was egter die sesessievraagstuk. [10] Indien daar nie 'n vergelyk tussen die twee partye getref kon word wat dit aanbetref nie, sou daar nie sprake van 'n verkiesingsooreenkoms kon wees nie. Daar was enkele ander hindernisse ook; die sosialistiese karakter van die Arbeidersparty het baie Nasionaliste afgeskrik, [11] afgesien van die hoë agting wat kol. Creswell allerweë geniet het. Daarbenewens was Creswell self nooit geneë tot koalisie nie. In 1914 sê hy aan genl. Hertzog dat hy gekant is teen koalisie van die Arbeiders met 'n ander groep. Partye in enige koalisie is vir hom „... merely family parties with no definite convictions on public matters except that they ought to be in power." [12] Vyf jaar later het Creswell nog die-

---

7. Nasionale Party. Toelichtingen op't programma van beginselen van de Nationale Partij, p. 14.
8. Sien hierbo, pp. 14 1 15 en Hoofstuk 3, B.
9. Sien ook hierbo, pp. 79 - 80.
10. Sien hierbo, pp. 27, 34.
11. Ibid.
12. Neame, op. cit., pp. 32 - 33.

selfde oortuiging gehuldig en die Nasionale Party as 'n rasseparty beskou "... which holds out no hope to the man who wishes to come to grips with the economic matters we have been discussing." [13] In dieselfde gees verwerp hy ook die idee van koalisie met genl. Smuts se party.

### B. Struikelblokke in die weg van samewerking en die verwydering daarvan

#### 1. Die Sesessievraagstuk [14]

Volgens die program van beginsels van die Nasionale Party word daar nie deur die Party direk vir 'n republiek voorsiening gemaak nie, maar die handhawing van die staatkundige vryheid van Suid-Afrika word tog onomwande gestel. [15]

Die onafhanklikheidsideaal van die Afrikaner het reeds weer tydens die Rebellie begin opvlam, toe 'n groep eertydse Boereleiers Botha se besluit om Suid-wes-Afrika binne te val ten sterkste afgekeur het. Hierdie groep, onder wie genls. Manie Maritz, Koos de la Rey en Christiaan de Wet het in dié gebeurtenis 'n geleentheid gesien vir die Afrikaner om sy onafhanklikheid terug te win, desnoods met die wapen in die hand. [16] Hoewel die Rebellie misluk het, het dit

---

13. Ibid., p. 33.
14. Vir 'n omvangryke uiteensetting van die republikeinse strewe van die Nasionale Party, sien Van der Walt, N.G.S., op. cit., pp. 80 - 110.
15. Vir 'n omskrywing van die onafhanklikheidsstrewe van die Party, sien Programma van beginselen van de Nationale Partij, artikels 3 en 4, pp. 3 - 4.
16. Sien hierbo, pp. 21 - 22.

veel bygedra om die Nasionale Party te sterk, en 'n weersin in Smuts en Botha se pro-Empire-houding by 'n groot deel van die volk op te wek.

Pres. Wilson van die V.S.A. se verklaring t.o.v. die selfbeskikkingsreg van klein state het leiers van die Nasionale Party in 'n hoë mate geïnspireer.[17] Tielman Roos veral, het die geleentheid ten volle benut en verklaar dat Engeland nou hiervolgens aan Suid-Afrika sy verlore vryheid moet teruggee. Hy het selfs gepleit dat 'n Republikeinse vereniging buite die bestaande party gestig word, maar dr. Malan en genl. Hertzog was nie hiervoor te vinde nie.

Hertzog self het verklaar dat Suid-Afrika 'n selfregerende staat is met sy eie parlement en sy eie regering, en derhalwe die reg moes hê om sy eie heil uit te werk. Die uitroep van 'n republiek was vir hom op daardie stadium egter nog nie aanvaarbaar nie. So 'n stap kon buitendien ook nie op die volk afgedwing word nie, maar moes die spontane resultaat van die volkswil wees.[18]

Die Nasionale Party het nou besluit om sy standpunt duidelik te formuleer en wêreldkundig te maak en in Julie 1917 reik die Federale Raad 'n republikeinse manifes uit.[19] Die republikeinse saad is hierdeur gesaai en in Augustus 1918 reik die kongres van die Sentrale Besture van die Party 'n verklaring uit waarvolgens die Sentrale Komitees versoek word om die nodige maatreëls te tref om die reg en vryheid van Suid-Afrika te herstel in ooreenstemming met die verklarings van die geallieerde bondgenote en deur die President van die V.S.A., naamlik dat alle geskonde regte herstel moet word en elke nasionaliteit die reg moet hê om oor sy eie lot

---

17. Van den Heever, op. cit., pp. 402. 406 - 407
18. Ibid., pp. 405 - 406, 408.
19. Van Rooyen, J.J. en Van Schoor, M.C.E. Republieke en Republikleine, Kaapstad, 1960, p. 180: Oor dié dokument skryf J.J. van Rooyen soos volg: „Hierdie manifes is 'n baie belangrike dokument in die geskiedenis van Suid-Afrika en is die fondament van die Nasionale Party se republikeinse beleid. Alle daaropvolgende formuleringe was net 'n aanvulling van daardie eerste verklaring - logiese en noodsaaklike aanvullinge na die behoeftes van die tyd."

te beskik.[20] Nasionale leiers het sterk standpunt ingeneem oor Suid-Afrika se onafhanklikheid en in sy welbekende toespraak op Malmesbury beklemtoon dr. D.F. Malan die belangrikheid van die stryd vir onafhanklikheid.[21] Dit alles het voorbrand gemaak vir die deputasie van Nasionale leiers onder leiding van Hertzog self na Versailles om die onafhanklikheid van die voormalige Boererepublieke te bepleit. Hoewel die sending nie in sy doel geslaag het nie, het Hertzog en sy volgelinge hul voorgeneem om sterker as ooit te veg vir hierdie saak.[22]

Nadat Smuts in die Volksraad aan Nasionaliste gesê het dat Suid-Afrika nie die reg het om van Brittanje af te skei nie,[23] het dit duidelik geword dat sy beleid en dié van die Nasionale Party wat dié saak aanbetref totaal onversoenbaar is. Die kongres van die Vrystaatse Nasionale Party het in 1920 egter Hertzog se standpunt bevestig en verder verklaar dat verandering in regeringstelsel slegs langs konstitusionele weg sal geskied, d.w.s. met inagneming van die gevoelens en simpatie van albei volksgroepe en deur middel van 'n referendum.[24] Ook in Transvaal was die onafhanklikheidsgevoel sterk en Roos het soos reeds gesien, tydens die Transvaalse kongres in November 1919 verklaar dat die 1920-verkiesing om die afskeidingsreg van die Unie geveg sal word.[25] Dit was juis hierdie vraagstuk wat ook hereniging tussen die Suid-Afrikaanse Party en die Nasionale Party in 1920 laat skipbreuk ly het. Smuts was eenvoudig nie bereid om in daardie stadium die reg van afskeiding te waarborg nie.[26]

Die Arbeidersparty het hom wel nie amptelik beywer om die ver-

---

20. Die Burger, 9/8/18: Verklaring van konferensie van Sentrale Besture van die N.P.
21. Sien hierbo, p. 31.
22. Sien hierbo, p. 25.
23. Sien hierbo, pp. 28 - 29.
24. Politieke Argief, U.O.V.S. Verslag van Nasionale Partykongres, 19 en 20 Oktober, 1920, p. 28.
25. Sien hierbo, p. 29.
26. Sien hierbo, p. 32.

houding van Suid-Afrika met die Britse Kroon te bevorder nie,[27] maar die Party het nogtans oorwegend uit Engelssprekendes bestaan wat nie gediend was met die republikeinse idees van die Nasionale Party nie. Die bande met Brittanje was vir hulle tradisionele politiek en in hierdie beskouing was daar nie plek vir ekstremisme soos sesessie nie. Daarbenewens het die Arbeidersparty met die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog die Regering se oorlogspoging gesteun,al het hy die prys van partyverdeeldheid daarvoor betaal.[28]

Hierdie vraagstuk het dwars in die weg van politieke samewerking tussen die twee partye gelê en alvorens hiervoor nie 'n oplossing gevind is nie, sou daar geen verkiesingsooreenkoms gesluit kon word nie. Hertzog het egter besef dat samewerking met die Arbeiders die enigste moontlikheid in daardie stadium was om die Smuts-regering tot 'n val te bring. Ook het hy besef dat Creswell slegs tot 'n ooreenkoms sou toestem, indien die Nasionale Party bereid was om nie die bestaande konstitusionele posisie van Suid-Afrika aan te tas nie.[29] Hiertoe was Hertzog bereid en hy sou ook nie daardeur in onguns by sy partygenote verval nie, aangesien hy sy standpunt duidelik gestel het: Suid-Afrika sal nie 'n republiek word eer die tyd en klimaat daarvoor nie reg is nie; daarbenewens moet dit 'n spontane uiting van die volksgevoel wees. Geen beginsel van die Nasionale Party sou afgewater of prysgegee word indien sesessie tydelik op die agtergrond geskuiwe word nie.

Hierdie nuwe toedrag van sake het eweneens by Roos se politiek ingepas. Sy vurige republikeinse pleidooie sedert 1918 is ietwat getemper om aan te pas by die nuwe politieke situasie en reeds

---

27. Sien Konstitusie van Arbeidersparty 1912 - 13; Geen verwysing na die Unie se verhouding tot Brittanje word in die konstitusie gevind nie.

28. Sien hierbo, pp. 23 - 24.

29. Sien hieronder. p. 98.

op 2 Desember 1922, nadat fluisteringe van samewerking tussen die twee partye rondgegaan het, sê hy op Hammanskraal dat die republikeinse gedagte wel nog 'n beginsel van die Nasionale Party bly, maar aangesien baie kiesers wat vir die Nasionale Party wou stem, nog nie ryp was vir die republikeinse idee nie, sou die Nasionale Party, indien hy na 'n volgende verkiesing aan bewind kom, vir die tydperk van daardie Parlement geen stappe doen in die rigting van onafhanklikheid nie.[30] Die Nasionaliste sou volgens Roos nie 'n republiek afdwing voor die tyd nie ryp is nie.[31] Onafhanklikheid bly steeds sy ideaal, maar sy party sal nie verder aktief propaganda daarvoor maak, voordat hy nie Suid-Afrika uit die ekonomiese dilemma waarin hy verkeer, gehelp het nie.[32]

Genl. Hertzog self wou graag hierdie punt sterk onder die aandag van die kieserspubliek bring. In 'n pamflet wat hy laat versprei het, het hy duidelik verklaar dat die Nasionale Party geen stap sou doen in die rigting van afskeiding sonder medewerking van beide Engelssprekendes en Afrikaanssprekendes nie. Die aantyging teen die Party dat hy elke geleentheid wil aangryp om af te skei en 'n republiek te stig, is vals.[33] Sesessie, het hy kort voor die verkiesing gesê, sal kom wanneer die volk van Suid-Afrika daarom vra. Op daardie oomblik sou hy hom nie daaroor bekommer nie.[34] Op 9 Mei 1924 is aan genl. Hertzog op Carnavon die volgende skriftelike vraag stel: „Indien u aan die bewind kom, moet ek aanneem dat u en u ministers niks sal doen om die grondwet so te verander dat die land 'n republiek word nie.?" Hertzog het skriftelik geantwoord:

---

30. De Volkstem, 6/12/22: Verslag van Roos se toespraak te Hammanskraal.
31. The Star, 10/1/23: Verslag van Roos se vergadering op Volksrust.
32. Sunday Times, 24/6/23: Verslag van Roos se toespraak op Somerset-Oos.
33. Nasionale Party, Kaapprovinsie. Racial feeling and its abuse. Uiteensetting deur genl. Hertzog, Kaapstad, s.j.
34. Rand Daily Mail, 10/6/24: Verslag van Hertzog se toespraak op Heidelberg; sien ook Die Burger, 24/4/24: Verslag van Hertzog se toespraak te Vryheid.

„Nie alleen het ek onderneem dat gedurende die leeftyd van die volgende Parlement, indien die Nasionaliste aan bewind kom, geen sodanige poging aangewend sal word nie, maar ek sê dat dit uiters dwaas sou wees om enigiets van die aard nou of oor vyf of oor vyftig jaar te probeer, tensy dit begeer word deur die volk van die land as geheel - sowel Engels- as Hollandssprekend." 35)

Dr. D.F. Malan het hierdie standpunt volkome onderskryf en op 6 Mei 1924 in Parow verklaar:

„Voordat die meerderheid van die Engelssprekendes ten gunste van verandering van die bestaande regeringsvorm is, sal die Nasionale Party nie geregtig voel om 'n stap in daardie rigting te doen nie." 36)

Ontaktvolle uitlatings op die Transvaalse kongres van die Nasionale Party in September 1923, het sekere Arbeiderleiers laat twyfel aan die goeie bedoelings van die Nasionaliste. Nadat Hertzog en Creswell reeds gedagtes omtrent 'n verkiesingsooreenkoms gewissel het en die ooreenkoms, waarvolgens die Nasionale leier toegewings aan die Arbeiders t.o.v. sesessie gemaak het, laat publiseer het, het bogenoemde kongres verklaar dat die Nasionale Party nog net so sterk oor die republikeinse ideaal voel en dat die propaganda daarvoor moes voortgaan. Die kongres het daarop gewys dat genl. Hertzog bloot van kol. Creswell belowe het om nie sy party se meerderheid, indien deur 'n verkiesingsooreenkoms verkry, te gebruik om 'n republiek uit te roep nie. Roos het o.m. gesê dat die Pakt die aand van die verkiesing sou ophou bestaan. 37)

---

35. Nasionale Party, Kaapprovinsie. Die Nasionale Party en sesessie, Kaapstad, s.j.

36. Ibid.

37. Die Burger, 13/9/23; Natal Mercury, 13/9/23: Verslae oor die kongres van die Transvaalse Nasionale Party.

Onmiddellik het heftige reaksie van Arbeiderleiers, t.w. Boydell en Barlow gevolg. Volgens hulle het Roos die gees van die ooreenkoms geskend en deur sulke uitlatings sou hy reg in die hande van Smuts speel. [38] Die geskil is uiteindelik uit die weg geruim deurdat Roos sy verklaring moes herformuleer, [39] en Creswell self verklaar het dat Roos en Grobler se uitlatings nie die standpunt wat hy ingeneem het, beïnvloed nie. [40]

Dit blyk dus dat die sesessievraagstuk, soos trouens met die meeste ander verskilpunte die geval was, suksesvol opgelos is deur die twee leiers wat mekaar onderling gerespekteer en vertrou het. Albei het onwrikbaar by hul onderskeie standpunte gestaan, [41] maar toe ontaktvolle uitlatings deur partyleiers gedreig het om die samewerking in gevaar te stel, het Creswell manmoedig na vore getree en sy ondubbelsinnige vertroue in die Nasionale leier uitgespreek. Dit was hierdie soort vertroue wat die

---

38. Die Burger, 13/9/23; The Star, 14/9/23: Verslae van Boydell en Barlow se uitlatings in Bloemfontein; Die Burger, 15/9/23: Verslag van Boydell se vergadering in Bloemfontein.

39. Nasionale Party, Kaapprovinsie. Die Nasionale Party en sesessie.

40. Die Burger, 26/9/23; The Star, 25/9/23: Verslae van Creswell se toespraak in Durban; Die Burger, 11/10/23: In die verband het Creswell in Oktober 1923 in Pietermaritzburg weer verduidelik dat indien die Pakt aan bewind kom en die Volksraad bv. binne drie jaar ontbind, niemand gebind word deur die N.P. se belofte dat in die duur van die volgende Parlement nie 'n republiek uitgeroep sou word nie; Creswell-versameling, Band 4. Brief van Hertzog aan Creswell, d.d. 26/9/23: Hertzog het Creswell in hierdie brief bedank vir sy openhartige en opregbedoelde woorde, wat baie bygedra het om die geskil in der minne te skik.

41. Rand Daily Mail, 10/6/24: Creswell het by geleentheid o.m. gesê dat hy nie met dinamiet van die verbintenis met die Empire weggeblaas sal word nie.

Pakt moontlik gemaak het. Inderdaad was die sesessiegeskil 'n ware toetssteen vir samewerking en die feit dat Hertzog en sy partygenote bereid was om die toegewing aan die Arbeiders te maak, bewys dat die samewerking vir hulle 'n saak van dodelike erns was.

## 2. Sosialisme in die Arbeidersparty

Benewens die genoemde sesessievraagstuk was daar 'n verdere faktor wat in 'n mindere mate in die weg van 'n verstandhouding tussen die twee partye kon staan. Dit was naamlik die sosialistiese klousule in die Arbeidersparty se grondwet. Hierdie bepaling het soos volg gelui:

> „The socialisation of the means of production, distribution and exchange, to be controlled by a Democratic State in the interests of the whole community, by means of a continued agitation for the demands from time to time contained in the platform of the Party." 42)

Die klousule is deur die bemoeiing van die ekstremistiese linkse Arbeiders in die grondwet ingebring toe die Party nog in sy beginstadium was. 43) Teen die einde van 1922 het Hertzog daarop gewys dat daar in daardie stadium geen sprake van 'n koalisie tussen die twee partye was nie, maar dat die verwydering van sosialisme uit die Arbeiders se program samewerking aansienlik sou vergemaklik. 44) Creswell, wat self geen sosialis was nie. 45) het die wenslikheid van so 'n stap ingesien en reeds in November 1922 die aanvoorwerk gedoen. 46) Tydens die Arbeidersparty se konferensie in Januarie 1923 het Creswell die prysgawe van die sosialistiese beginsel be-

---

42. Arbeidersargief. South Africa Labour Party constitution and platform, p. 1.
43. Thompson, op. cit., p. 462.
44. Die Burger, 4/11/22: Verslag van Hertzog se verklaring.
45. Grobler, op. cit., p. 466.
46. The Star, 3/11/22: Verslag van Arbeidersparty se vergadering in Johannesburg; Die Burger, 6/11/22: Berig oor Creswell se memorandum aan Bloemfonteinse tak van Arbeidersparty i.v.m. verwydering van sosialistiese klousule.

pleit,[47] maar heftige teenkanting van sosialiste het hierop gevolg. Madeley het gedreig om uit die Party te bedank en Sampson het met nadruk verklaar dat geen sosialis van die Arbeidersparty weggewys mag word nie. Uiteindelik is 'n kompromis-formule deur 'n benoemde kommissie wat die saak sou ondersoek, saamgestel.[48] Op 4 Januarie is 'n verslag ingelewer wat die bogenoemde klousule met die volgende bewoording sou vervang:

„To secure for producers by hand or by brain the full fruit of their industry and the most equitable distribution thereof that may be possible upon the basis of common ownership of the means of production and the best obtainable system of popular administration and control of each industry or service with a view to the ultimate achievement of the democratic and socialist commonwealth." 49)

Hierdie voorstel is deur die Kongres aanvaar,[50] sodat die sosialistiese gevaar wat baie Nasionaliste moontlik in die Arbeidersparty gesien het, nou uit die weg geruim is.

C. Prikkels tot samewerking

In die voorafgaande hoofstukke is reeds gewys op die belangrike rol wat landsvraagstukke, veral op ekonomiese gebied, gespeel het in die proses om die twee Opposisiepartye nader na mekaar te laat beweeg. Dit, tesame met die 1922-staking wat sekerlik die sluit van 'n verkiesingsooreenkoms verhaas het, asook die bedrywigheid en politieke vernuf van Tielman Roos het noodwendig afgestuur op onderhandelings tussen die twee Opposisieleiers met die oog op die vorming van 'n gekonsolideerde Opposisie.

---

47. The Star, 2/1/23; Die Burger, 3/1/23: Verslag van Arbeidersparty se konferensie.

48. The Star, 2/1/23, 3/1/23: Verslag van Arbeidersparty se konferensie.

49. Arbeidersargief. Notule van jaarlikse konferensie 1 - 4 Januarie 1923; The Star, 3/1/23; Die Burger, 4/1/23: Verslae van Arbeidersparty se konferensie.

50. Die Burger, 5/1/23: Verslag van Arbeidersparty se kongres.

1. Die 1922-staking as bydraende faktor

Die Regering se optrede met die staking aan die Witwatersrand in 1922 het meer as enige ander faktor bygedra om die Nasionaliste en Arbeiders teen Smuts te verenig.

Nadat die staking omtrent 'n maand oud was, het Nasionaliste en Arbeiders reeds 'n gesamentlike poging aangewend om dit te beeindig. Die Nasionale Party was teen 'n rewolusie gekant, maar was nietemin die stakers simpatiekgesind, soos blyk uit sy versoek aan Smuts om voedsel aan stakers te voorsien, asook die bewilliging van £20,000 deur die Transvaalse Provinsiale Raad om die staking te beëindig, waarin Nasionaliste 'n groot aandeel gehad het. Na die staking het Arbeiders en Nasionaliste in die Parlement saamgestaan en die Regering heftig aangeval oor sy hantering van die staking. [51)]

2. Tielman Roos se rol

Dat Roos 'n groot aandeel in die uiteindelike ooreenkoms tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty gehad het, val nie te betwyfel nie.

Roos, 'n uitgeslape politikus en gevatte spreker, het veral in Transvaal 'n sterk invloed gehad. Sy aanhang onder die werkers het van hom 'n gevreesde politieke teenstander gemaak en hy was bekend daarvoor dat hy die mees vyandige gehoor eerlank op bekwame wyse kon hanteer en dikwels van sy standpunt kon oortuig. [52)] Dat hy soms voortvarend was en deur opportunistiese optrede vir Hertzog in die verleentheid gestel het, is wel waar. [53)] Desnieteenstaande was hy 'n politieke krag wat in hierdie jare energieke en toegewyde diens aan sy party gelewer het en veel daartoe bygedra het om die Smuts-regering tot 'n val te bring.

---

51. Sien hierbo, pp. 52 - 57.
52. Neame, op. cit., pp. 15 - 17.
53. Sien hierbo, pp. 90 - 91.

Voor die staking van 1922 was Roos 'n vurige republikein wat nie sou rus voordat Suid-Afrika die reg tot afskeiding van die Britse Ryk verkry het nie. [54] Die staking van 1922 en die moontlikheid van 'n daaropvolgende samewerking met die Arbeiders om Smuts uit die kussings te lig, het vir Roos op daardie stadium egter die swaarste geweeg. In die staking het hy die regte geleentheid gesien om van die regering ontslae te raak en die kans het hy met albei hande aangegryp. Sy aktiewe rol in die staking en daarna is reeds genoem; [55] sedertdien was daar vir Roos tydelik slegs een ideaal, nl. om die Arbeiders en Nasionaliste bymekaar te bring. Omdat sesessie in die weg gestaan het, was Roos heeltemal bereid om sy republikeinse propaganda voorlopig te laat vaar om sodoende die Arbeiders tevrede te stel. [56] Teen die helfte van April 1922, goed drie maande voordat Hertzog en Creswell hul verkiesingsooreenkoms bekend gemaak het, het Roos reeds in die Parlement verklaar dat hy graag in 'n verkiesing met die Arbeiders sou saamwerk en dat samewerking tussen die twee partye in die pers aangekondig sou word sodra die twee partye 'n ooreenkoms bereik het. [57] Met hierdie woorde het Roos die stryd teen die S.A.P.-regering aangepak en onvermoeid in die Parlement, op die politieke platform en in die pers teen Smuts en sy luitenante te velde getrek, terwyl hy menige vergadering in stad en platteland oor die deugde van die Pakt ingelig het.

### 3. Die gemeenskaplike stryd teen die S.A.P.-regering se hantering van landsvraagstukke

Nie slegs die Regering se optrede tydens die 1922-staking nie maar ook die hantering van talle aktuele vraagstukke, het 'n gemeenskaplike gevoel van teenkanting by die twee Opposisie-

---

54. Sien hierbo, p. 29.
55. Sien hierbo, pp. 47 - 57.
56, Neame, op. cit., pp. 17 - 18.
57. <u>Ons Vaderland</u>, 18/4/22: Verslag van Roos se toespraak in die Volksraad.

partye opgewek. Dit was veral die onvermoë van die Regering om die werkloosheidsvraagstuk op te los wat die Nasionaliste en Arbeiders diep gegrief het. Inderwaarheid was dit 'n probleem wat albei partye geraak het : vir die Arbeidersparty, omdat dit juis die doelstelling van dié Party was om die belange van die blanke werker te bevorder; vir die Nasionale Party, omdat verstedelikte Afrikaners hierdeur ernstig geraak is. Die Afrikaner het spoedig sy Engelssprekende landgenoot op arbeidsterrein in getal oortref en die grootste persentasie van hierdie Afrikaners het die Nasionale Party gesteun.

Voorts was die finansiële administrasie van die S.A.P.-regering so kwesbaar, dat enige opposisie dit sou kon uitbuit tot sy voordeel. Die Nasionaliste en Arbeiders het dan ook ruimskoots hierdie wanadministrasie aan die kiesers voorgehou en dit sou veral later handig te pas kom in die Pakt se verkiesingsprogram.

Hertzog en Creswell het albei die noodsaaklikheid van eie nywerhede beklemtoon, asook die terugkeer na die goudstandaard. Albei leiers het saamgestem dat die stedelike Bantoes 'n groot gevaar vir die toekoms inhou en dat residensiële segregasie die enigste werklike oplossing vir die probleem bied.

Dit is dus duidelik dat die twee partye voldoende prikkels tot samewerking gehad het. Op ekonomiese terrein was daar oor elke aangeleentheid eenstemmigheid, terwyl die twee leiers ook oor 'n nie-blanke beleid saamgestem het. 'n Verkiesingsooreenkoms, gemanifesteer in 'n briefwisseling tussen Hertzog en Creswell sou in April 1923 die seël plaas op die gesamentlike optrede van die Arbeiders en Nasionaliste. In die volgende afdeling word hierdie ooreenkoms behandel.

## 4. Gedagtewisseling tussen Hertzog en Creswell

'n Belangrike hoeksteen van die Pakt was die goeie verhouding tussen genl. Hertzog en kol. Creswell. Laasgenoemde was 'n Engelssprekende wat by vriend en vyand die grootste agting afgedwing het, 'n man van onkreukbare karakter, vaste beginsels

en iemand op wie se woord staatgemaak kon word. As parlementêre kollegas het Creswell en Hertzog dikwels gedurende sittings mekaar ontmoet en aangenaam oor 'n groot verskeidenheid onderwerpe, wat gewissel het van politiek tot Einstein, gesels. [58] Beide was dit eens dat die Regering die belange van die geldmag beskerm in plaas van na die belange van die land omsien. [59] Die staking van 1922 het moontlik meer as enigiets anders bygedra om die twee leiers in hul stryd teen Smuts toegeneë tot mekaar te laat voel. Gedurende sy wantrouemosie op 23 Januarie 1923 is Hertzog vurig deur Creswell ondersteun. [60]

Aan die begin van Februarie 1922 skryf Hertzog aan Creswell dat die vervanging van blanke mynwerkers deur Nie-blankes skynbaar deur die Regering toegelaat word, tot groot nadeel van die belange van die land. Die Regering moes sy standpunt onomwonde stel, soos aan hom (Hertzog) verseker deur min. F.S. Malan, naamlik dat die beleid van segregasie ook industriële segregasie insluit. [61]

Met die tussenverkiesing in die Natalse kiesafdeling Stamford Hill in Julie 1922 word Creswell met 'n meerderheid van 13 stemme tot Volksraadslid verkies [62] en 'n bietjie meer as 'n week later, op 15 Julie, bespreek hy en Hertzog die moontlikheid van 'n verkiesingsooreenkoms. Creswell het Hertzog meegedeel dat hy reeds 'n paar weke van tevore met Roos gesels het en dat lg. die gedagte van samewerking met Sampson, Madeley en ander Arbeiderleiers bespreek het. Creswell het gevoel dat die kontak

---

58. Creswell, op. cit., p. 78; Van den Heever, op. cit., p. 452; Brief van oud-pres. C.R. Swart aan samesteller, d.d. 30/4/70.

59. Brief van Creswell aan Hertzog in Oktober 1921, soos gepubliseer in Creswell, op. cit., pp. 78 - 80; Creswell-versameling. Brief van Hertzog aan Creswell, d.d. 26/10/21.

60. Sien hierbo, p. 54.

61. Creswell-versameling, Band 4. Brief van Hertzog aan Creswell d.d. 1/2/22.

62. The Star, 7/7/22 : Uitslag van tussenverkiesing in Stamford Hill.

tussen Roos en ander Arbeiderleiers eintlik ongewens was, maar in die lig van die bestaande toestande in die land, sou dit moontlik goed wees dat leiers van die Opposisiepartye die politieke situasie openhartig bespreek met die doel om die weg vir moontlike toekomstige samewerking te baan. Genl. Hertzog het saamgestem, hoewel die samespreking tussen Roos en Arbeiderleiers hom nie aangestaan het nie. Hy en Creswell het nietemin besluit om op 'n later datum weer bymekaar te kom en die saak deeglik te ondersoek. 63)

Creswell het intussen sy voorwaardes vir 'n Pakt-regering tussen die Nasionale- en Arbeidersparty soos volg uiteengesit:

(i) Die Nasionale Party en Arbeidersparty bly as twee afsonderlike partye voortbestaan, met afsonderlike leiers en koukusse.

(ii) Geen verandering word gemaak aan die konstitusionele posisie van die Unie nie.

(iii) Daar moet geen grond vir aanstoot aan Engelse- of Afrikaanse taal-of rassegroepe wees nie.

(iv) Die doel van die samewerking sou wees om 'n program van maatskaplike en ekonomiese verbeteringe aan te bring:-

(a) 'n Daadwerklike poging om die bestaande werkloosheidsvraagstuk op te los.

(b) 'n Mynteringswet op basis van die De Villiers- kommissie Wet.

(c) Ouderdomspensioene.

(d) Pensioene aan soldate volgens behoorlike administrasie.

(e) Erkenning van die beginsel van 'n 8-uur werksdag op die Spoorweë.

(f) 'n Gesindheid van vertroue in vakbonde en arbeidsorganisasies.

---

63. Creswell-versameling, Band 4. Memorandum van Creswell na aanleiding van sy gesprek met Hertzog, 15/7/22.

(g) Die daarstel van 'n ministerie van Arbeid, sodat werkers se belange gereeld onder die Regering se aandag gebring kan word.

(v) Daadwerklike pogings deur die nuwe regering om vas te stel langs watter weg die volgende ten uitvoer gebring kan word:

(a) Segregasiebeleid

(b) 'n Staatsbank

(c) Die benutting van onbewerkte en onbeboude gebiede wat deur maatskappye gehou is.

(d) Reëling vir munisipaliteite van geproklameerde grond. 64)

Die finale samesprekings tussen Creswell en Hertzog het in Augustus 1922 in Bloemfontein plaasgevind, toe die Arbeiderleier Hertzog aldaar besoek het. 65) Die gedagtewisseling tussen die twee Opposisieleiers sou uiteindelik lei tot die openbare bekendmaking van 'n verkiesingsooreenkoms tussen die twee partye en wel by wyse van briefwisseling wat in die pers verskyn het.

In 'n brief aan Hertzog gedateer 12 April 1923, skryf Creswell dat hy graag die bestaande onderhandelinge tussen hom en Hertzog wil saamvat, dat Hertzog dit dan moet bekragtig en die briefwisseling dan aan die pers gestuur word om enige wanvoorstelling en verkeerde interpretasie van beoogde samewerking tussen die twee partye, veral deur die S.A.P. en sy koerante te voorkom. Creswell het die stand van sake soos volg opgesom:

(i) Die Regering se optrede spruit uit die oortuiging dat landsvraagstukke ten beste opgelos kan word deur die sg. „Big Finance" - beleid. So 'n beleid is nadelig vir die teenswoordige welvaart van die land, asook vir die toekoms.

(ii) Hy en Hertzog het die moontlikheid van 'n verkiesingsooreenkoms ondersoek; d.w.s. om die verdeling van Opposisiestemme

---

64. Creswell-versameling, Band 4, Uiteensetting van Creswell se voorwaardes vir samewerking met die Nasionaliste.

65. Die Burger, 6/9/22 : Berig.

tydens 'n verkiesing uit te skakel.

(iii) 'n Groot struikelblok in die weg van samewerking was die S.A.P.-propaganda onder Engelssprekendes dat indien die Nasionale Party aan bewind sou kom, Hertzog alle konstitusionele bande met die Britse Ryk sou verbreek en 'n Republiek uitroep. In 'n mindere mate is mense in plattelandse distrikte wysgemaak dat die Arbeidersparty 'n Bolsjewistiese groep is, wat mense van hul eiendom sou beroof en ander dergelike misdrywe sou pleeg. Die bande met Brittanje was 'n baie gevoelige saak vir Engelssprekendes en Hertzog moes die versekering gee dat dié deel van die bevolking se stem by die volgende algemene verkiesing nie gebruik sou word teen hulle wense wat hierdie saak betref nie. Hertzog het reeds verklaar dat indien 'n Nasionale regering aan bewind kom, geen Nasionale Parlementslid binne die Parlement sy stem sou gebruik om die bestaande konstitusionele betrekking van Suid-Afrika tot die Britse Kroon omver te werp nie. Die twee partye sou hul ook beywer om in die Parlement die nodige maatreëls te tref om die land se welvaart te bevorder, in ooreenstemming met die volksgees.

(iv) Hoewel die verskille t.o.v. politieke uitkyk, rasse- en ander vooroordele tussen die twee partye groot is, het beide leiers gevoel dat die logika van feite sou dwing tot die onderneming van maatreëls wat albei partye waarskynlik in beginsel sou ondersteun. Hulle was dit verder eens dat na 'n verkiesing elke verkose kandidaat - van watter party hy ookal mag wees - slegs aan sy eie party onderworpe en verantwoordelik sal wees. 66)

---

66. <u>The Star</u>, 21/4/23; <u>Die Burger</u>, 21/4/23; Nasionale Party, Kaapprovinsie. Die ooreenkoms tussen Nasionaliste en Arbeiders: verlede en hede, 1907 - 1924, pp. 22 - 25: Brief van Creswell aan Hertzog, d.d. 12/4/23.

Hertzog het hierop geantwoord dat hy heelhartig saamstem met Creswell se suggestie om die korrespondensie te publiseer. Aangesien die uiteensetting van Creswell die situasie volkome korrek opgesom het, het hy (Hertzog) niks om by te voeg nie, behalwe om dit ten volle te bekragtig. [67)]

Hiermee het die verkiesingsooreenkoms tussen die twee partye gestalte begin kry. Die breë fondament waarop die samewerking sou berus, is deur die twee leiers gelê en deur die publikasie van die korrespondensie in Afrikaanse en Engelse koerante kon die kiesers publiek die opregte bedoelings van Creswell en Hertzog sien en nie onder die wanindruk verkeer dat die twee agter die skerms gekonkel het nie.

## D. Die Pakt begin vorm aanneem

### 1. Voorlopige besluite deur Partykongresse

Die Federale Raad van die Nasionale Party het reeds op 21 April 1922 die volgende besluit t.o.v. samewerking met die Arbeidersparty geneem : Hoewel daar geen verbintenis tussen die Nasionale Party en die Arbeiders is nie, is die Nasionale Party wel bereid om by enige tussen- of algemene verkiesing sy stem te verleen om die Suid-Afrikaanse Party te bestry, deur by voorkeur vir 'n Nasionalis, of indien nie moontlik nie, vir 'n Arbeider te stem. Dit word gedoen om die euwel van die oorheersing van die mynmagnate en hul geldmag uit te roei of te verminder. [68)]

Van die provinsiale kongresse van die Nasionale Party gedurende

---

67. The Star, 21/4/23; Die Burger, 21/4/23: Brief van Hertzog aan Creswell, d.d. 19/4/23. Sien ook Nasionale Party, Kaapprovinsie. Die ooreenkoms tussen Nasionaliste en Arbeiders : verlede en hede, 1907 - 1924, p. 25 : Brief van Hertzog aan Creswell (datum word in hierdie pamflet as 15/4/23 aangegee).

68. Politieke Argief, U.O.V.S. Notule van vergadering van Federale Raad, gehou te Kaapstad, 21/4/22.

1922 het daar nie ernstige beswaar teen samewerking gekom nie. [69] Dr. D.F. Malan, wat aanvanklik huiwerig vir samewerking met die Arbeiders was, maar toe 'n veilige basis vir ooreenkoms gevind is, die Pakt sterk gesteun het, [70] het op die Kaaplandse Partykongres die versekering gegee dat geen beginsels prysgegee word nie. Daar die Nasionale Party nie 'n republikeinse party was nie, sou die bestaande regeringsvorm nie aangeraak word nie. [71]

Dat die Arbeiders op hierdie stadium ook geneë tot samewerking gevoel het, blyk uit die feit dat op aandrang van Creswell die Party in Januarie 1923 besluit het om die sosialistiese klousule te wysig. [72] Aangesien sosialisme moontlik in die weg van samewerking kon gestaan het, is dit duidelik dat ook die Arbeidersparty 'n verkiesingsooreenkoms in die vooruitsig gestel het, vandaar die toegewing.

## 2. Verspreiding van die gedagte van samewerking onder die kiesers van die land

Tot op hierdie stadium is die ooreenkoms tussen die twee partye hoofsaaklik op die vlak van partyleiding bespreek en voorlopig goedgekeur. Nou het die groot taak om die Pakt aan die kiesers-publiek bekend te stel en dit sodoende aanvaarbaar te maak, op

---

69. Politieke Argief, U.O.V.S. Notule van Agste Jaarkongres van die Natalse Nasionale Party gehou op 18/10/22 te Utrecht: Openingsrede deur dr. E.G. Jansen; Ons Vaderland, 24/10/22; Die Burger, 1/11/22; Verslae van Transvaalse en Kaaplandse Nasionale Partykongresse respektiewelik.

70. Malan, D.F. Afrikaner - Volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen. Kaapstad, 1959, p. 73.

71. Die Burger, 1/11/22: Verslag van Kaaplandse Nasionale Partykongres.

72. Sien hierbo, p. 93.

Nasionale- en Arbeiderleiers gewag. Die Pakt moes immers ook by die volk inslag vind.

In 'n pamflet wat die Federale Raad van die Nasionale Party in 1923 uitgegee het, is op die volgende punte gewys: Die Nasionale Party het nog nooit enige bondgenootskap, ooreenkoms, samewerking of verstandhouding met die Arbeiders gehad nie. Die Suid-Afrikaanse Party het wel, want tydens die Parlementsitting van 1920 was Smuts afhanklik van die ondersteuning van die Arbeidersparty om nie verslaan te word nie en was hy verplig om sy politiek in te rig volgens goedkeuring van die Arbeidersparty. Smuts het in 1921 die oorwinning by die stembus behaal met behulp van Arbeiderstemme. Volgens die pamflet het die Eerste Minister toe 'n beroep op rassegevoelens gedoen. Die Nasionale Party het nog nooit so 'n beroep gedoen nie, omdat dit 'n party vir die hele volk is; derhalwe voel die N.P. dit ook sy plig om na die arbeider om te sien. Die roeping van die Nasionale Party is om aan die armblanke en die werker te toon dat hulle nie sal baat vind by sosialisme, kommunisme of dergelike rewolusionêre buitensporighede nie, maaar wel by 'n regering wat rus en vrede handhaaf en die arm man beskerm. Die veldtog teen die Nasionale Party dat dit met rewolusionêre elemente en Bolsjewisme saamspan, is derhalwe onsin. Die Party verwerp Bolsjewisme en revolusionêre elemente ten sterkste.[73)]

Laasgenoemde beskuldiging teen die N.P. was 'n sterk propagandamiddel van die Suid-Afrikaanse Party om veral die Nasionaliste die skrik op die lyf te ja. Daar is veral gehamer op 'n toespraak van genl. Hertzog in 1919 toe hy by geleentheid van die N.P.-kongres te Pretoria o.m. die volgende gesê het:

---

73. Nasionale Party, Federale Raad. Wat het die Nasionale Party met die Arbeiders te doen? s.j.

„.......... Bolsjewisme zo zeg ik, is de wil van het volk om vrij te zijn ...... waarom wil men heden dit bolsjewisme onderdrukken en doodmaken? Omdat volksvrijheid de dood voor kapitalisten en imperialisten is. Laat ons niet voor zulk Bolsjewisme schrikken...... Het idee op zichself is uitstekend." 74)

Dr. D.F. Malan het later in 'n toespraak vir genl. Hertzog in die bresse getree en daarop gewys dat Hertzog net die beginsel van Bolsjewisme wat die vryheid van alle volke voorstaan, onderskryf het. 75)

Tog het daar in 1923 nog by sommige Nasionaliste blykbaar 'n gevoel van onrustigheid en onsekerheid geheers oor die kwessie van sosialisme en Kommunisme in Arbeidergeledere. So het 'n sekere ds. Theron uit Natal Hertzog versoek om hom en sy eners-denkende vriende 'n besoek te bring ten einde hul meer inligting oor die aard van die samewerking met die Arbeidersparty te gee. 76) Hierop het Hertzog 'n uitvoerige en duidelike uiteensetting gegee van die samewerking tussen die twee partye, wat ook in die pers bekendgemaak is. In hierdie uiteensetting wys hy daarop dat 'n Nasionalis wat vir 'n Arbeider stem om die S.A.P.-kandidaat uit te hou, geen risiko loop om Arbeider-

---

74. S.A.P.- hoofkantoor, Nationale leiders over nationale kwesties, s.j.

75. Die Burger, 5/12/19: Toespraak deur dr. D.F. Malan op Carnavon.

76. Politieke Argief, U.O.V.S. E.G. Jansen-versameling, Groep IV, Brief van Hertzog aan ds. Theron (Hertzog het 'n afskrif van die brief aan Jansen gestuur en bo-aan 'n nota in sy eie handskrif gemaak dat dit vir hom eienaardig is „.... dat ons predikante nog nie op hoogte van sake is nie." Hertzog deel Jansen verder mee dat indien nodig, hy maar inligting soos wat hy aan ds. Theron verstrek het, sal laat publiseer.)

leerstellings te aanvaar nie, selfs al is die kandidaat 'n Kommunis.Die Pakt verplig nie 'n persoon om vir 'n spesifieke kandidaat te stem nie. Enige Nasionalis is vry om vir 'n Kommunis te stem of om nie vir hom te stem nie. Die beswaar mag bestaan dat 'n Arbeider wat ook 'n Kommunis is, in die Regering opgeneem word en Kommunisme sodoende bevorder, maar dit is 'n toevalligheid waarmee die Pakt absoluut niks te doen het nie. Die dag na die verkiesing word die Pakt beëindig, behalwe vir die ooreenkoms tussen die twee partye wat betref die sesessievraagstuk. Arbeidersetels in 'n Nasionale kabinet is onafhanklik van die Pakt en moet op eie meriete behandel word. Hertzog het dit beklemtoon dat die Arbeidersparty nie noodwendig deel vorm van 'n Nasionale kabinet nie. Voorts moet die waarskynlike situasie aanvaar word dat geen party 'n volstrekte meerderheid in die volgende Parlement sal hê nie. Indien so, is een van die volgende kombinasies moontlik:

a. N.P. cum S.A.P. vs. Arbeidersparty
b. N.P. cum Arbeidersparty vs. S.A.P.
c. S.A.P. cum Arbeidersparty vs. N.P.

Iemand moet immers die land regeer; daarom sal een van genoemde drie kombinasies saamgestel moet word. Derhalwe is dit noodsaaklik dat die Kommunistiese element deur die Nasionale Party of die Suid-Afrikaanse Party gedoog sal moet word. Darby is die Arbeidersparty buitendien geen Kommunistiese party nie. Die ooreenkoms is, aldus Hertzog, duidelik en eenvoudig. Die Partye sal mekaar nie opponeer om die S.A.P. 'n kans te gee om te wen nie. Hertzog het dit duidelik gestel dat daar niks meer in die ooreenkoms met Creswell steek as wat in die gepubliseerde briefwisseling tussen hulle twee meegedeel is nie. 77)

Creswell het Hertzog sterk aangeraai om 'n aantal vergaderings in Natal, waar die Engelssprekendes ver in die meerderheid was, te hou aan-

---

77. Die Burger, 18/10/23; The Star, 18/10/23: Uiteensetting van Hertzog op N.P.-kongres, Bloemfontein.

gesien die algemene gevoel daar ten gunste van 'n verandering in die regering was. Die Natallers was egter nog altyd bang vir Hertzog se party en het gemeen dat hy reguit op sesessie sou afstuur. Die Arbeiderleier het aanbeveel dat Hertzog veral nadruk moet lê op die sg. „Big Finance" beleid van die Regering, asook sy belofte dat geen Nasionale Parlementslid sy stem in die Parlement sou gebruik om die konstitusionele bande van Suid-Afrika met die Britse Kroon te verbreek nie.[78] Hertzog het Creswell se raad gevolg en het 'n goeie ontvangs in Natal geniet.[79]

2 Ook Roos het met onvermoeide ywer die deugde van die Pakt verkondig en op die tekortkominge van die Smuts-regering gewys : bloedvergieting, swaar belasting en onvermoë om die armblanke- en werkloosheidsvraagstuk op te los.[80] Die Nasionale Party volg geen oneerlike taktiek deur met die Arbeiders saam te werk nie en daar bestaan ook nie soiets soos 'n bondgenootskap met Bolsjewiste nie.[81] Die twee partye verskil oor baie sake, maar hulle sal mekaar terughou wat betref uiterste denkbeelde. Hy wys daarop dat Smuts die Nasionaliste beskuldig van 'n onsedelike, onheilige koalisie met die Arbeiders, maar die waarheid is dat die bondgenootskap tussen die S.A.P. en die Unioniste onsedelik, onheilig en beginselloos is. Die leiers van die Re-

---

78. Sien hierbo, pp. 99 - 100.

79. Creswell-versameling, Band 4. Briewe van Hertzog aan Creswell d.d. 3/9/23 en 26/9/23. Brief van Creswell aan Hertzog, d.d. 8/10/23; Die Burger, 5/11/23: Verslag van Hertzog se vergadering op Pietermaritzburg.

80. Die Burger, 18/4/23, 13/2/23: Verslae van Roos se vergaderings te Ermelo en Malmesbury; The Star, 10/1/23: Verslag van Roos se vergadering te Volksrust.

81. Die Burger, 17/4/23, 10/1/23: Verslae van vergaderings van Roos op Breyton en Volksrust respektiewelik.

geringsparty is verbitterd, want hul weet dat die Arbeider-Nasionale bondgenootskap hul uit die kussings gaan lig. [82] Die Pakt het 'n gemeenskaplike vyand om te vernietig [83] en sal derhalwe nie by die stembus stemme verdeel nie, maar mekaar ondersteun om sodoende van die Sappe ontslae te raak. [84] In kiesafdelings waar Arbeiderkandidate staan, wil Roos die versekering gee dat die N.P. honderd persent vir die Arbeiders sal stem, omdat die Party sy woord hou. [85] Indien die Nasionale Party aan bewind kom met die Arbeiders se hulp, meen hy dat Hertzog Arbeider-parlementslede in die kabinet sal opneem. Die Pakt sal vir werkloosheid voorsiening maak en na die belange van die arbeider omsien. Verder sal die land se nywerhede beskerm word en eie kapitaal sal d.m.v. die ryk myne ontwikkel word, sodat dit nie nodig is om gedurig by ander lande te leen nie. Die N.P. sal toesien dat die staat die grootste deel van die mynprofyte bekom; ook sal die prys van graan en ander produkte gereguleer word, terwyl diamantslypery plaaslik gedoen moet word. [86]

Soos hierbo genoem, het Creswell en Hertzog 'n wedersydse agting en toegeneentheid teenoor mekaar gekoester. [87] Vir Creswell was Hertzog se geselskap altyd aangenaam, omdat Hertzog vir hom 'n „.... well read and thoughtful man ...." was. [88] by geleentheid het Creswell aan sy vrou geskryf dat hoe meer hy van Hertzog sien, hoe meer hou hy van hom as indiwidu; tog het hy al soms gewonder (en dit het hy vertroulik aan sy vrou meegedeel) of Hertzog genoeg beslistheid as Eerste Minister sal hê. Die Nasionale

---

82. Ibid., 18/4/23; The Star, 17/4/23: Verslae van Roos se vergadering op Ermelo.
83. Die Burger, 2/11/23: Verslag van Roos se toespraak in Pretoria.
84. Ibid., 13/2/23: Verslag van Roos se vergadering te Malmesbury.
85. Sunday Times, 13/4/24: Verslag van Roos se vergadering in Johannesburg.
86. Die Burger, 25/6/23; Sunday Times, 24/6/23: Verslae van Roos se vergadering te Somerset-Oos; Sunday Times, 19/8/23: Verslag van Roos se vergadering op Klerksdorp.
87. Sien hierbo, p. 97.
88. Creswell-versameling, Band 4. Brief van Creswell aan sy vrou, d.d. 29/1/24.

leier filosofeer graag oor 'n saak, maar wanneer 'n mens in so 'n verantwoordelike posisie kom „.... you should be deciding and acting instead of pondering too long."[89] Hierdie woorde mag egter geensins as wantroue in Hertzog as moontlike Premier vertolk word nie, aangesien Creswell bloot maar oor sekere persoonlike kenmerke van Hertzog bespiegel het. Hy het hierby gevoeg dat hy nie glo dit werklik aangenaam vir Hertzog sou wees om Eerste Minister te wees nie. Dieselfde geld vir homself.[90) Wat die Pakt aanbetref, het Creswell nooit vir 'n enkele oomblik daaraan getwyfel dat Hertzog en sy party hul ooreenkoms met die Arbeiders gestand sou doen nie.[91] Hy het 'n beroep op Afrikaans- en Engelssprekendes gedoen om hul rassevooroordeel te laat vaar en aan die belange van die land te dink.[92] „That pact," het Creswell verduidelik „is not a pact of parties; it is the people's pact." Die doel daarvan was om so spoedig moontlik van die Regering ontslae te raak,[94] en sodoende voorkom dat groot geldbelange die land beheer.[95]

3. Die beklinking van die Pakt

Met die belangrike aanvoorwerk, nl. om die Pakt aanvaarbaar vir die

---

89. Ibid., Brief van Creswell aan sy vrou, d.d. 6/2/24.

90. Ibid.

91. Creswell-versameling, Band 4. Brief van Creswell aan Hertzog d.d. 8/10/23; The Star, 15/8/23, 11/10/23: Verslae van Creswell se toesprake op Kimberley en Troyeville respektiewelik.

92. The Star, 11/10/23: Verslag van Creswell se toespraak op Troyeville.

93. Sunday Times, 13/4/24: Verslag van Creswell se toespraak in Johannesburg.

94. The Star, 17/7/23; Die Burger, 18/7/23: Verslae van Creswell se toespraak in Johannesburg.

95. Die Burger, 13/10/23: Verslag van Creswell se toespraak op Troyeville.

kiesers te maak, afgehandel, moes die Partykongresse nog net hul goedkeuring daaraan heg. Van Nasionale kant het daar, sover bekend, geen noemenswaardige beswaar teen die verkiesingsooreenkoms gekom nie.[96] Die Party was so geesdriftig om die volgende verkiesing te veg, dat die Federale Raad selfs 'n oproep tot die vroue gerig het om 'n aantal vrouetakke van die Nasionale Party te stig.[97] Daarna het die Vrystaatse,[98] Transvaalse,[99] Natalse[100] en Kaaplandse[101] Kongresse van die Party hul goedkeuring aan die verkiesingsooreenkoms geheg.[102] Nadat die Arbeiders oortuig was dat die Nasionaliste nie sesessie sal afdwing nie en die saak tussen Roos, Grobler en die Arbeiders oor hierdie aangeleentheid in der minne geskik is,[103] het die Jaarkongres van die Arbeidersparty vroeg in 1924 die ooreenkoms tussen Hertzog en Creswell goedgekeur.[104]

---

96. Samesteller kon by wyse van steekproewe uit notules van Nasionale Partytakke oor die hele land tot die gevolgtrekking kom dat die Pakt skynbaar oral met instemming begroet is.

97. Politieke Argief, U.O.V.S. Notule van die Federale Raad van die N.P. se vergadering op 6/6/23.

98. Politieke Argief, U.O.V.S. Verslag van 1923-kongres van N.P. in O.V.S., p. 22; Die Burger, 18/10/23; The Star, 17/10/23: Verslae oor O.V.S.-kongres van N.P.

99. Die Burger, 13/9/23: Verslag van kongres van Transvaalse N.P.

100. Politieke Argief, U.O.V.S. Notule van negende kongres van Natalse N.P. op Dundee, 24/10/23.

101. Die Burger, 28/9/23: Verslag van N.P.-kongres van Kaapland. Die ooreenkoms is hier met een teenstem bekragtig.

102. Brief van oud-pres. C.R. Swart, d.d. 30/4/70 aan samesteller. Mnr. Swart konstateer: „Ek weet van geen teenkanting op die kongresse nie; as daar enigsins ernstige besware gekom het, sou ek daarvan geweet het."

103. Sien hierbo, p 91.

104. Arbeidersargief. Notules van Jaarkongres, Pretoria, 1/1/24 - 3/1/24; The Star, 3/1/24; Die Burger, 3/1/24 : Verslae van Arbeidersparty se Jaarkongres.

## 4. Die reaksie van die Suid-Afrikaanse Party

Met die realisering van die Pakt en die skynbaar gunstige ontvangs wat dit by die kiesers te beurt geval het, het genl. Smuts besef dat hierdie nuwe bondgenootskap moontlik sy einde kan beteken. Koorsagtig het hy aan die werk gespring om te red wat daar nog te red was.

Een van die middele wat hy wou gebruik om die Pakt mee teen te werk, was 'n nuwe ekonomiese beleidsrigting. In hoofsaak het dit neergekom op:

(i) Toenemende gebruik en ontwikkeling van die land se materiële hulpmiddels, d.m.v. aanmoediging van die landbou en deur ontwikkeling van nuwe industrieë.

(ii) Gekontroleerde immigrasie van Blankes van hoogstaande kwaliteit.

(iii) Die verbetering van die kwaliteit van die bestaande blanke bevolking, veral in die laer klasse. 105)

Vroeg in 1923 het die Regering dan ook skouer aan die wiel gesit om die landbou op sy bene te probeer help. Besproeiingsskemas is uitgebrei, [106] terwyl 'n gekose komitee aangestel sou word om navraag te doen in verband met die groot verskil in pryse ontvang deur die produsent vir sy produk en die pryse wat vir dieselfde produk deur die verbruiker betaal word. [107] Deur die Landbou-industrie Bevorderingswet is 'n heffing van 5s. per ton op vrugte geplaas, wat hierdie nywerheid ten goede gestrek het. [108] Op 'n kongres van die Suid-Afrikaanse Landbou-unie het die Minister van Landbou, sir Thomas Smartt belowe dat hy alles in sy vermoë sou doen om arm boere te help. [109]

---

105. Hancock. Smuts, 2, p. 157.
106. <u>The Star</u>, 10/1/23 : Hoofartikel.
107. Ibid., 31/1/23 : Berig.
108. Ibid., 23/2/23 : Hoofartikel.
109. <u>Die Burger</u>, 11/10/23: Verslag van Smartt se toespraak in Pretoria.

Die invoer van blanke immigrante om die beoogde nywerhede doeltreffend te laat funksioneer, het vir Smuts op hierdie stadium noodsaaklik geword. Suid-Afrika het volgens hom 'n blanke bevolking van 'n bepaalde tipe nodig gehad om in die ekonomiese situasie van die land in te pas. 110) Hy sou derhalwe poog om Britse, Hollandse en Deense immigrante vir die nywerheid en landbou te werf. 111) Die Eerste Minister was oortuig dat die myne oor vyf of tien jaar een van die mees florerende industrieë in die land sou wees 112) en dat die ekonomie oor die algemeen 'n bloeitydperk kan betree, mits Suid-Afrika binne die Britse Ryk nuwe markte vind. 113) Om ontevrede salaristrekkers te paai, het Smuts in Augustus 1923 verklaar dat daar eers met staatsamptenare en spoorwegmense oor hul salarisse onderhandel sou word en indien geen ooreenkoms bereik sou word nie, sou die partykoukus geraadpleeg word. 114)

In hierdie tydperk het die Regering 'n aantal noodsaaklike en positiewe wette deur die Parlement geloods, o.a. die Wet op Naturelle in stedelike gebiede (1923) 115) en die Nywerheids-

---

110. The Star, 25/6/23: Verslag van Smuts se toespraak in die Parlement.

111. Ibid.; Die Burger, 22/8/23: Verslae van Smuts se toesprake in die Parlement en in Pretoria respektiewelik.

112. Sunday Times, 22/7/23: Verslag van Smuts se toespraak in Johannesburg.

113. Die Burger, 25/6/23, 16/8/23, 25/9/23: Verslae van Smuts se toesprake in die Parlement, in Bloemfontein en in Londen respektiewelik.

114. The Star, 24/8/23: Verslag van Smuts se toespraak in Turffontein.

115. Sien hierbo, p. 79.

versoeningswet (1924).[116] Deur toedoen van die Minister van Mynwese, mnr. F.S. Malan, het vrugbare industriële-en sosiale wetgewing die lig gesien. Daar was die Fabriekswet van 1918 wat lone, werksure en indiensneming van vroue en kinders beheer het, die Jeugwet van 1921, die Vakleerlingwet van 1922 en die Elektrisiteitsvoorsieningswet van 1922.[117] Hierdie lofwaardige pogings van die Smuts-regering is egter in die skadu gestel deur die algemene landstoestand en het nie genoeg indruk op die volk gemaak nie. Veral die finansiële administrasie van die land was in so 'n haglike toestand dat dit opsigself die S.A.P.-bewind onherstelbare skade berokken het.[118]

Vervolgens moes Smuts homself verweer teen die aanvalle van sy opponente en terselfdertyd die beeld van die Pakt by die kiesers vertroebel. Hy het aan die begin van die Parlementsitting in 1923 in 'n lang toespraak daarop gewys dat die algemene toestande in die Unie goed vergelyk met dié van die res van die wêreld. Die land se probleme is aansienlik vererger deur droogtes, terwyl die Randse Staking toegeskryf moet word aan opstoking van 'n deel van die volk en die verset van die Opposisiepartye. Laasgenoemdes het wanorde geskep wat die Regering moes herstel. Hy het Creswell se aantyging dat hy met kapitaliste saamgesweer het, ten sterkste ontken en verklaar dat die myne immers teen 'n minimum koste met die beste werkkragte beskikbaar gedryf moet word. Die werklike vyande van die mynbedryf is diegene wat onmoontlike hoë lone aan die mynwerkers voorhou. Hy kon nie insien hoe die kleurslagboom nog kon bestaan nie, aangesien dit tog onmoontlik was om die Naturel uit die nywerheid te hou. Sy beoogde inlywing van

---

116. Sien hierbo, p. 46.

117. Krüger, The making of a nation, p. 132.

118. Bid., 131 - 132.

Rhodesië was 'n daadwerklike poging om die blanke ras in Suid-Afrika te versterk en nie om die Engelssprekende Rhodesiërs se stemme te probeer werf om sy eie posisie te versterk nie. [119)] By 'n latere geleentheid het hy ook beskuldigings dat Suid-Afrika hom aan die Britse wisselkoers koppel, ontken. [120)]

Die slimste strategie teen die Pakt was ongetwyfeld om die kiesers voortdurend teen die sosialisme van die Arbeiders en die republikeinse strewe van die Nasionale Party te waarsku. Smuts het die Arbeidersparty as 'n sosialistiese party, wat slegs met die N.P. wou saamwerk om die Regering te verslaan, bestempel, terwyl hy van die N.P. as 'n party wat uit rassehaat en uit beweging teen die Ryk gebore is, gepraat het. Hierdie Party help nou die Arbeiders om hul gevaarlike sosialistiese leer na die platteland te versprei, waar dit ook die Bantoe kon bereik. [121)] Op Hertzog se beskuldiging dat hyself in 1920 met die Arbeiders wou saamwerk, het Smuts verduidelik dat geen enkele party in daardie stadium 'n meerderheid gehad het nie en dat hy bloot voorgestel het dat 'n interregnum gevorm word om die administrasie van die land voort te sit. Die samewerking tussen Hertzog en Creswell is vir hom egter onsedelik en onheilig. [122)] Buitendien kom die twee partye volgens Smuts nie op een beginselpunt ooreen nie; hoe sou hul dan kon saamwerk. [123)] Hertzog kon nie op swart en wit die versekering aan Creswell gee dat sesessie nie op die Arbeiderkiesers afgedwing sou word nie. [124)] Die Eerste Minister het by geleentheid aan die plattelandse kiesers vertel dat die Arbeiders ondersteuning op die platteland soek en die N.P. gebruik om hul doel te bereik. As die Pakt die verkiesing wen, sou die Arbeiders-

---

119. Die Burger, 25/1/23: Verslag van Smuts se toespraak in die Parlement.

120. The Star, 22/3/23: Verslag van Smuts se toespraak in die Parlement.

121. Rand Daily Mail, 4/4/24 : Verslag van Smuts se boodskap aan die kiesers van die land.

122. Die Burger, 14/4/23: Verslag van Smuts se toespraak in Kaapstad.

123. The Star, 16/7/23: Verslag van Smuts se toespraak op Pietermaritzburg.

124. Ibid., 2/6/24 : Verslag van perskonferensie met Smuts.

party groei en dan sou Suid-Afrika spoedig deur die Arbeiders regeer word. [125)]

Minister Burton het in die Parlement gesê dat redelose haat teen die Regering die enigste band tussen die Arbeiders en die Nasionaliste is en dat die mynbase en die arm man hul speelbal is, [126)] terwyl kol. Mentz vir genl. Hertzog daarvan beskuldig het dat hy tien jaar tevore die kabinet verlaat het omdat die Regering 'n versoeningsbeleid teenoor die Engelsman volg, terwyl hy self nou met die Engelse wil saamwerk. [127)]

Of hierdie veldtog teen die Pakt enigsins indruk by die kieserspubliek gemaak het, is hoogs twyfelagtig. Tussenverkiesings was voldoende bewys van die toenemende steun vir die Pakt en in hierdie stadium het iedereen die S.A.P. se naderende einde sien kom. Die Eerste Minister het hierdie keer geen party gehad met wie hy kon saamsmelt soos in 1921 nie. Hy sou nou op sy eie krag moes staatmaak.

## E. Samevatting

Voor die nywerheidsonrus in 1922 was daar dus geen formele samewerking tussen die Nasionaliste en Arbeiders nie, hoofsaaklik vanweë die volgende faktore:

(i) Verskil oor die Unie se konstitusionele posisie t.o.v. Brittanje.

(ii) Creswell was voor 1922 nie tot enige ooreenkoms met 'n ander party geneë nie.

(iii) In 'n mindere mate het sosialisme in die Arbeidergeledere, veral sedert 1917, Nasionale Afrikaners beïnvloed om hulle van die Arbeiders te distansieer.

Die 1922-staking het die meeste daartoe bygedra om die twee partye

---

125. Sunday Times, 29/4/23; Die Burger, 30/4/23: Verslae van Smuts se toespraak op Tulbagh.

126. Die Burger, 26/4/23: Toespraak van Burton in die Parlement.

127. The Star, 4/1/23: Verslag van Mentz se toespraak op Rusthof.

bymekaar te bring. 'n Gesamentlike stryd teen die Regering en kapitalisme is aangeknoop en 'n gemeenskaplike ideaal, naamlik om die arbeider en die armblanke op te hef het albei partye inspireer. Roos het agter die skerms samewerking aangevoor, nadat hy sy republikeinse ideale tydelik op die agtergrond geskuif het. Dit het gelei tot samesprekings tussen die twee hoofleiers, wat uiteindelik gemanifesteer is in 'n briefwisseling waarin 'n verkiesingsooreenkoms aangegaan is. Hertzog, wat altyd 'n pleitbesorger van die onafhanklikheidsgedagte was, maar nooit 'n republiek sonder die volkswil wou daarstel nie, het Creswell die versekering gegee dat sesessie nie aangeroer sal word in 'n nuwe parlement nie. Die Arbeiderleier het op sy beurt 'n toegewing gemaak deur die sosialistiese klousule in die Partygrondwet te wysig.

Samewerking is op een stadium bedreig deur uitlatings van Roos en Grobler m.b.t. republikeinse propaganda, maar die geskil is spoedig uit die weg geruim. Die twee partye kon nou konsentreer op landsvraagstukke wat dringend aandag nodig gehad het en in die afgelope jare deur die Smuts-bewind verwaarloos is : die landsekonomie, arbeid, armblankevraagstuk en algemene landsadministrasie. Die Pakt is vervolgens aan die kieserspubliek bekend gestel en een aspek is veral beklemtoon, naamlik dat die twee partye nie ineensmelt nie, maar as onafhanklike partye voortbestaan; die hoofgedagte was om driehoekige gevegte in toekomstige verkiesings uit te skakel en sodoende die Regeringsparty te laat val.

Die samewerking was gegrond op 'n stewige en aanvaarbare basis. Beide leiers het toegewings gemaak, maar nooit ten koste van beginsels nie. 'n Sprekende bewys hiervan was die geesdrif waarmee die Pakt begroet is en die feit dat partykongresse van beide partye die ooreenkoms feitlik sonder teenstemme goedgekeur het.

Genl. Smuts was duidelik bekommerd by die aanskoue van hierdie bondgenootskap en het besef dat hy daadwerklike stappe sou moes doen om nie 'n neerlaag in die volgende algemene verkiesing

te ly nie. Hy het derhalwe onmiddellik aandag aan veral immigrasie, landbou, mynbou en die nie-blanke vraagstuk bestee. Die Eerste Minister en ander kollegas in die Kabinet het vervolgens alles in hul vermoë gedoen om die beeld van die Pakt by die kiesers te skaad. Veral Smuts het op meesterlike wyse sosialisme en republikanisme gebruik om die volk te probeer afskrik.

Tussenverkiesings en die provinsiale verkiesings, asook die ontvangste wat die Pakt-leiers feitlik oral ontvang het, het egter daarop gedui dat die land moeg was vir die Smuts-regering en 'n verandering begeer. So 'n verandering het, soos in die volgende hoofstuk aangedui sal word, nie baie ver in die toekoms gelê nie.

fotostatiese van 117 – 133

in p 110 - 114.

HOOFSTUK 5

# DIE PAKT EN DIE VERKIESING

## A. Inleiding

Dat die Suid-Afrikaanse Party se gewildheid vinnig aan die taan was, kon afgelei word van die uitslae van tussenverkiesings sedert 1922. Dit het begin met die terugkeer van kol. Creswell na die Volksraad in Julie 1922. Voor die tussenverkiesing in die Natalse kiesafdeling Stamford Hill, het mev. Creswell haar man oorgehaal om van huis tot huis te gaan om die kiesers te ontmoet, hoewel hy niemand gevra het om vir hom te stem nie. [1] Hierdie strategie het suksesvol geblyk, want die Arbeiderleier het uiteindelik sy S.A.P.-teenstander, genl. Wylie met 827 stemme teen 814 verslaan. [2] In 'n ander tussenverkiesing in die kiesafdeling Umvoti, het die Regerende Party se meerderheid van 329 in 1921 tot 111 in 1922 gedaal. [3]

Na die algemene verkiesing van 1921 het die Nasionale Party die kiesafdeling Rustenburg bygekry toe mnr. P.G.W. Grobler, wat aanvanklik met een stem verloor het, deur die Hooggeregshof as kandidaat aangewys is. [4] Met die aanvang van die Parlement in 1923 was die stand van partye soos volg:

| | Kaapland | Transvaal | Natal | O.V.S. | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| S.A.P. | 33 | 28 | 13 | 0 | 74 |
| N.P. | 13 | 16 | 1 | 16 | 46 |
| Arbeidersparty | 4 | 5 | 3 | 1 | 13 |
| Konserwatiewe Demokrate | 1 | 0 | 0 | 0 | 1 [5] |

1. Creswell, op. cit., p. 83.
2. The Star, 7/7/22; De Volkstem, 6/7/22: Verkiesingsuitslae.
3. Malan, M.P.A., op. cit., p. 85.
4. Ibid.
5. The Star, 19/1/23: Berig.

Daarna het die Nasionale Party in Maart 1923 die kiesafdeling Oudtshoorn met 'n meerderheid van 627 van die Regeringsparty gebuit. [6] In Uitenhage het die S.A.P. se meerderheid van 500 in 1921 gedaal tot 58 in 1923 [7] en in Ladybrand het adv. C.R. Swart die setel met 512 stemme behou teen die S.A.P.-kandidaat, komdt. Crowther. [8] Die Regeringsparty het ook Oos-Londen, Kaapstad-Tuine en Liesbeeck verloor, [9] maar die grootste ontnugtering vir die Party was sekerlik die oorwinning wat maj. Hunt, wat kort tevore uit die Party bedank het [10] en hom toe as onafhanklike in Turffontein verkiesbaar gestel het, oor die S.A.P.-kandidaat, H. Nourse, behaal het. [11]

Met die Provinsiale verkiesing van 1923 het Smuts se party homself nog gehandhaaf in die Transvaal, omdat die Pakt nog nie heeltemal glad gefunksioneer het nie, maar in Natal en Kaapland het die S.A.P. beslis agteruitgang getoon ten gunste van die Nasionale Party en die Arbeiders. [12]

B. Die verkiesingsveldtog

Met 'n skrale meerderheid in die Volksraad het Smuts, ten spyte van liggaamlike vermoeidheid en 'n verswakte gestel, [13] die stryd aan die begin van 1924 voortgesit. Hy moes op twee fronte

---

6. Ibid., 8/3/23: Verkiesingsuitslag.

7. Die Burger, 25/6/23; The Star, 25/6/23; Sunday Times, 24/6/23 : Verkiesingsuitslae.

8. De Volkstem, 27/7/23: Verkiesingsuitslag.

9. Malan, M.P.A., op. cit., p. 85.

10. Die Burger, 16/6/23; The Star, 6/6/23; 21/6/23: Maj. Hunt, S.A.P.-Volksraadslid vir Turffontein het openlik met die partyleiding van die S.A.P. gebots oor die behandeling van die laer grade van die staatsdiens, werkloosheid en die behandeling van spoorwegwerkers. Hy het uit die Party bedank en homself as onafhanklike kandidaat verkiesbaar gestel in die tussenverkiesing.

11. The Star, 29/8/23; Die Burger, 30/8/23: Verkiesingsuitslae.

12. Rand Daily Mail, 12/11/23: Verkiesingsuitslag in Transvaal; Ibid. 19/11/23: Verkiesingsuitslag in Kaapland; Natal Mercury, 23/11/23: Verkiesingsuitslag in Natal.

13. Crafford, op. cit., pp. 251-252. Herhaalde malaria-aanvalle het die Eerste Minister in hierdie tyd geteister.

veg : aan die een kant het hy die landsadministrasie en - ekonomie probeer regruk en aan die ander kant het hy te doen gehad met die groeiende opposisie van die Pakt. Die vraag was hoe lank hy sou kon volhou.

Die tussenverkiesing in Wakkerstroom vroeg in April van 1924 het vir Smuts die deurslag gegee. Die Suid-Afrikaanse Party was vasbeslote om die setel te behou en het sekerlik die sterkste beskikbare kandidaat daar gestel, nl. mnr. A.G. Robertson, wat as Administrateur van Transvaal bedank het om Wakkerstroom te bestry[14] Groot was die ontnugtering vir die Regeringsparty toe die ietwat onbekende Nasionale kandidaat, mnr. A. Naudé, die setel met 'n meerderheid van 213 stemme gewen het.[15] Op 7 April het genl. Smuts in die Volksraad verklaar dat die Regering twyfel of hy nog die vertroue van die land geniet en het 'n algemene verkiesing uitgeroep, wat op 17 Junie sou plaasvind.[16] Wakkerstroom was 'n toetssteen vir die Regering, wat nog bykans twee jaar gehad het om te regeer. Dit was egter baie duidelik dat die S.A.P.-bewind uitgedien was en dat die volk om 'n nuwe regering gevra het.

Na die neerlaag van die Regeringsparty in Wakkerstroom, was die stand van partye soos volg:

| | Na 1921-verkiesing | Na Wakkerstroom |
|---|---|---|
| S.A.P. | 79 setels | 71 setels |
| N.P. | 45 | 47 |
| Arbeidersparty | 9 | 13 |
| Onafhanklikes | 1 | 1 |
| S.A.P.-meerderheid | 24 | 9 |

---

14. Die Burger, 13/3/24; The Star, 19/2/24: Hoofartikels.
15. Ibid., 7/4/24 : Verkiesingsuitslae.
16. Die Burger, 8/4/24.

(Pretoria Noord se uitslag was nog uitstaande.) [17]

Hierdie syfers moes Smuts tot die besef gebring het dat sy kanse op 'n oorwinning in die komende verkiesing uiters skraal was.

Met onvermoeide ywer het die Eerste Minister nietemin sy verkiesingsveldtog op 23 April begin met 'n lang toespraak in sy eie kiesafdeling, Pretoria-Wes. Hierdie rede van Smuts was ook terselfdertyd die verkiesingsmanifes van die Suid-Afrikaanse Party en is in pamfletvorm deur die Party versprei. Smuts het die Pakt met die samesmelting tussen die S.A.P. en Unioniste vergelyk en gesê laasgenoemde was 'n poging om rassestryd te beëindig, terwyl die Pakt 'n kunsmatige bondgenootskap was. Tielman Roos het deur middel van sesessie die herenigingskongres in 1920 verongeluk en nou word dit tydelik op die agtergrond geskuif om Creswell te sus. Die land is in 1922 met depressie, ineenstorting van pryse, die Randse rewolusie, werkloosheid, droogte en sprinkane getref, maar tog het die Regering gered wat daar te red was. Die finansiële posisie van die land is besig om te verbeter, belastings sal verlig word en die Suid-Afrikaanse pond is reeds meer werd as die Engelse pond sterling; daarby het Suid-Afrika daarin geslaag om inflasie te vermy. Smuts het die N.P.-propaganda van reorganisasie van siviele dienste verwerp, omdat dit nie geregverdig was nie. Hy het bygevoeg dat salarisse in die staatsdiens nie verder verminder sou word nie. Die ontwikkeling van industrieë is gestrem deur depressie; nogtans is heelwat spoorwegaanbou onderneem en dit sou werk aan baie verskaf. Die Regering het ook gepoog om nuwe markte en afsetgebiede vir Suid-Afrika te vind en om voorkeur vir Suid-Afrikaanse vrugte, wyn, tabak en suiker by Engelse markte te verkry. Die Regering sou alles in sy vermoë doen om die landbounywerheid te bevorder en landbounedersettings aan te moedig. Die industriële ontwikkeling van die land is gestrem deur veral geldskaarste en inkorting

---

17. Ibid., 7/4/24: Uiteensetting van stand van partye.

van krediet. Vooruitsigte het egter beter geword, omdat die finansiële toestand begin verbeter. Die Eerste Minister het gehoop om binnekort 'n yster- en staalindustrie te begin, asook die uitbreiding van elektriese krag d.m.v. die Elektrisiteitskommissie. 'n Nuwe portefeulje van Nywerheid en Handel sou in die Kabinet geskep word, terwyl 'n instelling soortgelyk aan die Landbank vir jong nywerhede daargestel gaan word. Spoorwegwerke sou nou ontwikkel word; in die verlede is ontwikkeling gestrem deur die feit dat te veel rollende materiaal ingevoer moes word. Die Regering sou ook alles in sy vermoë doen om tegniese onderwys te bevorder. Smuts het sommige verkiesingsbeloftes van die Opposisie gekritiseer, o.a. Roos se voornemens om te besnoei op verdediging en sy uitlating dat meer papiergeld gedruk moes word en dat goud die waarborg sou wees. Oordrewe papieromloop sou, volgens Smuts, Suid-Afrika se krediet in die buiteland 'n groot knou toedien. Hy het ook die Pakt se stelling dat myne swaarder belas moes word gekritiseer en gesê dat so 'n stap tot krisisse sou lei. Die Eerste Minister het genl. Hertzog se segregasiebeleid as dwaas bestempel en hom daarvan beskuldig dat hy tydens die Rebellie niks gedoen het om vrede te bewaar nie; ook het hy Hertzog se sg. veldtog van afskeiding van die Britse Ryk, aangeval. Die Nasionale leier se politieke verlede is van so 'n aard dat die volk hom nie durf Eerste Minister maak nie, aldus Smuts. Die Pakt het hy as 'n eleksieset, bedoel om die ware oordeel van die land te verduister, voorgehou. Die leiers van die Arbeidersparty is ten gunste van die verbond, omdat dit hulle in staat sal stel om die sosialistiese leer na die platteland te bring. Die leiers van die N.P. is weer ten gunste van die verbond, omdat dit hulle van die nodige stemme voorsien om aan bewind te kom; hulle gee vir niks anders om nie. Smuts het ten slotte 'n beroep op die kiesers gedoen: „Laat in hierdie verkiesing ons strydkreet wees: Die Suid-Afrikaanse nasie eerste en weg met alle party akkoordjies en alle seksie- of klassebelange." [18)]

---

18. Hoofkantoor van S.A.P. Toespraak deur Smuts 23/4/24 in Pretoria-Wes (pamflet); De Volkstem, 24/4/24: Verslag van Smuts se toespraak in Pretoria-Wes.

Dit was duidelik dat die S.A.P. daarop uit was om in eerste instansie die aard en samestelling van die Pakt uitmekaar te skeur. De Volkstem se benaming daarvoor was die „Pakmekaar," [19] terwyl The Star na die bondgenootskap verwys het as „....... this loveless alliance between the Nationalist and Labour parties." [20] Die Rand Daily Mail, het Creswell 'n „political bedfellow" van Hertzog genoem. [21] Sesessie en sosialisme is by uitstek as landsgevare aan die kiesers voorgehou. The Star, het verwys na Hertzog se toespraak in 1919 toe hy gesê het dat Bolsjewisme die wil van die volk is om vry te wees en dat die idee opsigself uitstekend is, asook die Nasionale leier se uiteensetting in 1923 van die Pakt., nl. dat as 'n Nasionalis vir 'n Arbeider stem om die S.A.P.-kandidaat uit te hou, hy nie die risiko loop om Arbeiderleerstellinge te aanvaar nie, al is die kandidaat 'n Kommunis. [22] Smuts het weer die Nasionaliste as aftakelaars van die Unie bestempel en Creswell blameer omdat hy sy kiesers in 'n verkiesing met die Nasionaliste, wat daarop uit is om af te skei van die Britse kroon, gedompel het. [23] As die Pakt aan bewind kom, het Smuts verklaar, sou daar 'n koalisieregering wees en die land sou dan regeer word deur twee partye met programme wat in diametriese teenstelling met mekaar staan. Die Pakt is daargestel as gevolg van die haat van genl. Hertzog vir hom en genl. Louis Botha. [24] Die redakteur van The Star het in die Pakt-bewind 'n tydperk van isolasie voorsien en te kenne gegee dat indien die Pakt die bewind oorneem, buitelandse betrekkinge verbreek sou word: „General Hertzog would like to shut and bar our gates." [25] Hierdie redakteur het skynbaar ver-

---

19. De Volkstem, 5/6/24 : Politieke oorsig.
20. The Star, 11/6/24: Hoofartikel.
21. Rand Daily Mail, 6/6/24: Politieke oorsig.
22. The Star, 11/6/24, 16/6/24: Politieke oorsig; Sien ook hierbo, pp. 104 - 105.
23. The Star, 2/6/24: Smuts se verklaring op 'n perskonferensie.
24. Ibid., 16/5/24: Verslag van Smuts se toespraak op Ventersdorp.
25. Ibid., 11/6/24: Hoofartikel.

wag die land se konstitusionele posisie sou onmiddellik verander wanneer die Opposisie aan bewind kom, want hy skryf o.m. dat die finansiële kenner, D.C. Greig, voorspel dat indien S.A. 'n republiek word, sy lening by Brittanje nie maklik hernubaar sou wees nie. 26) <u>De Volkstem</u> het daarop gewys dat Hertzog met Botha gebreek het oor konsiliasie:

> ".... hy't afgestig en die volk geskeur van die een end na die ander. Nou konsilieer hy met Creswell, Boydell, Garnsworthy en ander en verkondig konsiliasie met die mense van idere bokwa af." 27)

<u>The Star</u> kon nie nalaat om Hertzog se verklaring na die 1921-verkiesing, naamlik dat die Arbeidersparty te pletter geloop is teen die Nasionale rots van die Afrikanerdom en dat die Arbeiders slegs in naam nog bestaan, te herhaal nie. 28)

Smuts het deeglik besef dat hy in hierdie verkiesingsveldtog nie slegs die Opposisie kan aanval nie, maar dat hy met oplossings vir die landsvraagstukke en alternatiewe vir beloftes van die Pakt vorendag sou moes kom. Werkloosheid was een van die belangrikste griewe teen die Regering en 'n beleidsverklaring in die verband was noodsaaklik. Vlak voor die verkiesing het Smuts verklaar dat mynbase tydens die 1922-staking hom die versekering gegee het dat wanneer toestande verbeter en die laegraadmyne gered kon word, afgedanktes en baie ander werkloses in diens geneem sou word. 29) Hier het die Eerste Minister hom egter lelik vasgeloop, want net die volgende dag het die President van die Kamer van Mynwese die bewering ten sterkste ontken. 30)

Aan Spoorwegwerkers het Smuts die versekering gegee dat daar na hul belange omgesien word. Weens ekonomiese nood moes min. Jagger soms drastiese maatreëls neem, maar gedurende April was die spoorwegsurplus £176,000 en toestande sal nog verder verbeter. Salarisse sou nie verder verminder word nie, terwyl 'n aangewese komitee

---

26. Ibid.
27. <u>De Volkstem</u>, 11/6/24 : Politieke oorsig.
28. <u>The Star</u>, 4/6/24 : Politieke oorsig; sien ook hierbo. p. 34.
29. <u>The Star</u>, 15/5/24: Verklaring van Smuts.
30. Ibid., 17/5/24: Verklaring van Wallers, President van Kamer van Mynwese.

huishuur hersien; voorts word 'n pensioenskema en 'n weduweepensioenfonds beoog. Administratiewe probleme wat wrywing veroorsaak het, word ondersoek. [31)]

Oor die industriële ontwikkeling van die land was die Eerste Minister optimisties. Hy het 'n yster- en staalnywerheid voorsien, asook spoorwegwerksplase. Hy sou finansiële hulp aan nywerhede bied, maar nie op dieselfde wyse as handelsbanke nie, omdat dié se verpligtinge te swaar op nywerhede rus. [32)] Die Regering het ook 'n uitstekende Bank- en Wisselkoerswet vier jaar van tevore ingestel, 'n stelsel wat deur Europa se grootste finansiers as model voorgehou word. Hierdie wetgewing hou Suid-Afrika se geld op hoë waarde, terwyl in die meeste ander lande inflasie heers. Daarteenoor wou Roos 'n staatsbank op Australiese model instel, wat goud van myne oproep en 20 miljoen sterling banknote uitgee. Die gevolg van so 'n geweldige sirkulasie van banknote sal styging van lewenskoste wees, die loonwerker en die gewone man sal ly soos nooit tevore nie, ons krediet sal kwyn en Suid-Afrika sal dieselfde weg volg as Rusland en Duitsland. Die Pakt se finansiële beleid is niks anders as gekke Bolsjewisme nie. [33)]

Tenopsigte van die Randse staking van 1922 het Smuts verklaar dat hy niks het om oor spyt te wees nie. Sy raad om die hoë lone en koste wat tydens die oorlog geheers het, geleidelik te verminder, sodat laegraadmyne gered kon word, is in die wind geslaan. Gedurende die staking het hy sy bes gedoen om 'n skikking te bewerkstellig, maar dit het misluk as gevolg van Roos en ander Nasionale leiers se inmenging. Wat die huidige lone van mynwerkers betref, het Smuts gesê dit is moeilik vir 'n regering om in te meng in so 'n saak. Die grootste skuld het hy op die Kamer van Mynwese gepak en die werkers beloof om sy bes vir hulle te doen. [34)]

---

31. Ibid., 2/6/24; 14/6/24: Smuts se verklaring tydens perskonferensie en verslag van sy toespraak in Johannesburg respektiewelik.
32. Ibid., 7/6/24, 14/6/24: Verslae van Smuts se toesprake.
33. Ibid., 14/6/24: Verslag van Smuts se toespraak in Johannesburg.
34. Ibid.

Ondersteun deur die Rand Daily Mail,[35] het Smuts verklaar dat die Pakt geen positiewe industriële beleid het nie, dat dit nie geld sal kan bekom om die onontwikkelde kleims aan die Oos-Rand te ontwikkel nie, dat die Pakt die mynindustrie sal bedreig deur staking van arbeidskragte uit Mosambiek, addisionele belasting op ryker myne en arbeidsprobleme wat nie opgelos sal kan word nie. Die staatsdiens sou ten kwade deur die Pakt hervorm word, die Verdedigingsmag sou kwyn omdat dit gelaai is met partylede wat slegs Nasionale beleid uitvoer, terwyl die naturelle gesegregeer en ontneem sou word van alle politieke regte wat in die Uniewet vasgelê is.[36] Die Cape Times het Hertzog se naturellebeleid as vaag verdoem en industriële segregasie, soos deur Tielman Roos en sommige Arbeiders gepredik as, „a crazy impossibility" bestempel.[37]

Die Arbeider-kiesers is deur Smuts gewaarsku dat as die Pakt die verkiesing wen, hul party bloot 'n linkervleuel van die sterk Nasionale Party gaan wees en sy onafhanklikheid totaal gaan verloor.[38]

> „And you will have been the donkey to pull the Nationalists out of the mud. You will have General Hertzog with his record as Prime Minister and General Kemp with his record as Minister for Defence. You will be the donkey,"

het hy op Pietermaritzburg gesê.[39]

Dat Smuts nie oral baie populêr was nie, blyk uit die ontvangste wat hy in Bloemfontein en Durban gekry het. Die rumoer van ontevredenes was so erg dat die Eerste Minister glad nie aan die

---

35. Sien Rand Daily Mail, 10/6/24 se behandeling van die Pakt se verkiesingsprogram t.o.v. 'n staatsbank, nywerhede, kommunikasie, spoorweglone, landbou en tering.
36. The Star, 2/6/24, 14/6/24: Verslae van Smuts se konferensie met die pers en sy toespraak in Johannesburg respektiewelik; Sien ook Cape Times,17/6/24: Verkiesingsoorsig.
37. Cape Times, 12/6/24; Politieke oorsig.
38. The Star, 2/6/24: Verslag van perskonferensie met Smuts.
39. Ibid., 3/6/24: Verslag van Smuts se vergadering op Pietermaritzburg.

woord kon kom nie en die vergadersaal onder beskerming moes verlaat. 40) Hy het daarna die kiesers van die Opposisie vir Bolsjewiste en straatboewe uitgeskel. 41)

Die Nasionale Party se program van beginsels is beliggaam in 'n toespraak van genl. Hertzog in sy kiesafdeling, Smithfield. Hy het Smuts se optrede van geweld tydens die 1922-staking gelaak en vervolgens die N.P. se beginsels uiteengesit:

(a) Die landbou sou bevorder word indien die Pakt aan bewind kom.

(b) Nywerhede sou opgerig word en dit sou terselfdertyd die armblanke- en werkloosheidsvraagstuk bekamp.

(c) Beskaafde arbeid sou beskerm word in blanke gebiede, terwyl vir die Bantoe in sy eie gebied voorsiening gemaak sou word.

(d) Die belastingstelsel sou hersien word, sodat goudmyne ook hul deel kon bydra en nie begunstig word soos in die verlede nie.

(e) 'n Staatsbank sou opgerig word om krediet te beheer, aangesien dit onwenslik was om dit aan private ondernemings oor te laat.

(f) Die onderwys sou beskerm word. 42) Die verkiesingsmanifes van die Arbeiders het naastenby op dieselfde as dié van die N.P. neergekom: bekamping van werkloosheid en die instroom van Bantoes na die stede, die invoer van 'n staatsbank en 'n belasting op onverbeterde grondwaardes. 43) Die Federale Raad van die Nasionale Party het die doelstellings van die Pakt soos volg uiteengesit: Hervorming van die belastingstelsel, 'n portefeulje van Arbeid, wetenskaplike bevordering van die landbou, beskerming van nywerhede, oplossing van die naturellevraagstuk, hersiening van belastings, beskerming van die opvoeding en die oprigting van 'n staatsbank. 44)

---

40. Die Burger, 29/5/24, 2/6/24; The Star, 2/6/24: Berigte.

41. Die Burger, 14/6/24: Verslag van verklaring deur Smuts in Johannesburg.

42. Ibid., 5/5/24: Verslag van Hertzog se toespraak op Smithfield.

43. Ibid., 1/5/24: Verkiesingsmanifes van die Arbeidersparty.

44. Politieke Argief, U.O.V.S. E.G. Jansen-versameling, nr. 41. Pamflet versprei deur Federale Raad van N.P.

Die Nasionale pers het die S.A.P. beskuldig van sameswering met die Unioniste, [45] dat die Regering sedert 1914 elke jaar met tekorte in die begroting sit, [46] en dat die publieke skuld vanaf 1912 tot 1923 met byna £87½ miljoen toegeneem het. [47] Daarby het die jaarlikse uitgawes aan administrasie vanaf 1910 - 11 tot 1922 - 23 met meer as £14½ miljoen toegeneem. [48] Ook is die S.A.P.-regering verwyt omdat hy die myn-kapitaliste hulle sin gegee het. [49] Hertzog was begaan oor die feit dat meer Blankes die land verlaat as binnekom. Die wortel van die kwaad lê vir hom in die nie-blanke arbeid en die feit dat ongeskoolde arbeid met geskoolde arbeid kompeteer. Die depressie en insolvensies in Suid-Afrika is die regering se skuld; terwyl Engeland se insolvensies slegs een in tienduisend beloop, is Suid-Afrika s'n 13 in tienduisend, het Hertzog verklaar. [50] Plaaslike nywerhede moes eenvoudig in hierdie stadium ontwikkel word, anders sou die land se seuns en dogters binnekort sonder betrekkings sit en nog meer mense sou die land verlaat. [51] Die Eerste Minister verkondig op elke nuwe platform 'n ander verkiesingsmotto, het Hertzog gesê en ook gekla oor die Engelse pers wat hom verkeerd rapporteer en nie op die kern van sy toesprake konsentreer nie. [52]

Volgens Hertzog was daar net een oplossing vir die Nie-blankevraagstuk, naamlik dat die Nie-blanke in sy eie gebied toegelaat moet word om te ontwikkel op sy eie wyse. Dit staan hom vry om in blanke gebiede te kom, maar slegs as 'n reisiger. Die Bantoe

---

45. Nasionale Party, Federale Raad. Ontsettende onthullinge, s.j.
46. Die Burger, 10/6/24: Politieke oorsig.
47. Politieke Argief U.O.V.S. E.G. Jansen-versameling, nr. 41. Nasionale Party verkiesingspamflet 1924.
48. Ibid.
49. Ons Vaderland, 6/6/24 : Politieke oorsig.
50. Rand Daily Mail, 10/6/24: Verslag van Hertzog se toespraak op Heidelberg.
51. The Star, 11/6/24: Verslag van Hertzog se toespraak op Vereeniging.
52. Rand Daily Mail, 6/6/24: Verslag van Hertzog se toespraak in Pretoria.

moenie stemreg hê in die Blanke se gebied nie; die Nie-blanke stem in Kaapland sou, volgens Hertzog, nog die doodsteek van die Blanke, sowel as die Nie-blanke wees. Hy het min. Jagger verwyt omdat hy sedert 1921 meer as 3000 Blankes uit die spoorweë gedryf het en hul met Naturelle vervang het. [53)]

Wat sesessie betref, wil hy die S.A.P. daarop wys dat daar nie 'n woord oor sesessie in die konstitusie van die Nasionale Party staan nie; nóg is dit gepredik deur enige verantwoordelike lid van die Party. [54)]

Creswell het sy verkiesingsveldtog begin met 'n groot vergadering in Durban. Hy het Smuts se kwaadstokery tussen Engelssprekende Arbeiders en Afrikaners verdoem en 'n ernstige beroep op die twee blanke taalgroepe gedoen om politieke- en kulturele verskille van die verlede op die agtergrond te skuif en vir 'n oomblik die belange van die land voorkeur te gee.

Daar was baie probleme wat die Pakt sou probeer oplos indien hy die bewind oorneem: werkloosheid moes kragdadig aangepak word, die stigting van 'n staatsbank moes die houvas van groot sakebelange op die krediet- en geldwese van die land beëindig. Nywerhede moes aangemoedig word deur beskermende tariewe; Bantoes moes aangemoedig word om in reservate te gaan woon en nie toegelaat word om na stede te stroom nie. Voorts moes ouderdomspensioene ingestel word en belasting op onverbeterde grondwaardes, veral die onverbeterde grond van groot maatskappye gehef word. [55)]

Hertzog en Creswell en hul adjudante het sedert Wakkerstroom geen gras onder hul voete laat groei nie, maar oor die lengte en breedte van die land vergaderings gehou. Oor die algemeen is die Pakt-

---

53. Ibid., 10/6/24: Verslag van Hertzog se toespraak op Heidelberg.

54. Ibid., Verslag van Hertzog se toespraak op Victoria-Wes.

55. Die Burger, 1/5/24: Verslag van Creswell se toespraak in Durban.

leiers geesdriftig ontvang, wat 'n bewys was van die kiesers se ontevredenheid met die Regering en 'n groeiende vertroue in die verkiesingsbondgenootskap tussen Hertzog en Creswell. [56)]

Skaars 'n maand voor die verkiesing het min. Jagger bedank omdat hy nie met Smuts se Pretoriase beleidsverklaring oor plaaslike nywerhede kon saamstem nie. Hy het dit veral teen die Eerste Minister se duur skema om spoorwegwerkswinkels op te rig, gehad. Uiteindelik het hy tog aangebied om aan te bly tot na die verkiesing. [57)]

Teen die einde van Mei het 'n Kaapstadse Kleurlingleier, dr. Abdurahman 'n beroep op Kleurlinge gedoen om vir die S.A.P. te stem en 'n rukkie later het twaalf Nasionaliste van die kiesafdeling Losberg uit die party bedank omdat hulle van mening was dat Hertzog Arbeiderbeginsels aanvaar het. Hierdie gebeurtenisse was so verblydend vir die Rand Daily Mail, dat die koerant selfs van 'n skeuring in die geledere van die Pakt begin praat het. [58)]

Klaarblyklik het die S.A.P. in genl. Smuts se eie kiesafdeling so min vertroue in 'n oorwinning vir die Eerste Minister oor sy Arbeider-opponent gehad, dat 'n sekere P.J. Botes omgekoop is om as onafhanklike Nasionalis te staan om sodoende stemme teen Smuts te verdeel. Die Pakt het ooreengekom dat die N.P. nie in die kiesafdeling 'n kandidaat sou stel nie. 'n Fotostatiese afdruk van Botes se brief, waarin hy alles erken, is in Ons Vaderland gepubliseer, terwyl die voorsitter van die S.A.P. se verkiesingskomitee, E.J. Browning dit bevestig het en uit sy pos bedank het. [59)]

---

56. Sien Die Burger, The Star, Rand Daily Mail en Ons Vaderland van Mei en Junie 1924 vir verslae oor vergaderings van die Pakt-leiers.

57. Ons Vaderland, 27/5/24; The Star, 23/5/24: Gepubliseerde briefwisseling tussen Smuts en Jagger.

58. Rand Daily Mail, 27/5/24, 11/6/24: Hoofartikels en berigte.

59. Ons Vaderland, 13/6/24: Berig.

C. Die Verkiesing

In menige opsig het Smuts se besluit om op 'n vroeë stadium die volk se gevoel te toets 'n flater geblyk te wees. Die Regeringsparty was op daardie stadium nie goed genoeg voorberei vir 'n verkiesing nie en die volk het slegs sy minder positiewe dade onthou. Indien die Eerste Minister sy volle termyn laat verloop het, kon hy en sy party baie vermag het om weer die skaal in hulle guns te laat swaai. Die gety was aan die draai en die algemene toestande in die land en in die wêreld het stadig maar seker verbeter. Die onmiddellike sukses wat die Pakt-regering gehad het, was bewys daarvan. Smuts se daad, om sonder sy partykoukus op 'n verkiesing te besluit, spreek van hardkoppigheid en 'n outokratiese wil, 'n houding van „Laat hulle my dan uitgooi as hulle dink ek is nie goed genoeg nie en kyk of die Opposisie beter vaar." 60)

Die invloedryke S.A.P.-pers het voor hierdie verkiesing propagandawerk soos nooit tevore gedoen nie. The Star en die Rand Daily Mail het spesiale kolomme geplaas waarin die gevare en ondeugde van die Pakt in 'n oogopslag deur die lesers raakgesien kon word. 61) Die eersgenoemde blad het egter geen illusies omtrent die sterkte van die Opposisie gehad nie, want op die vooraand van die verkiesing is 'n dringende beroep op alle S.A.P.-ondersteuners gedoen om almal te stem, aangesien daar in sommige kiesafdelings verbete stryd verwag word. 62)

---

60. Vergelyk in die verband Crafford, op. cit., pp. 251 - 252 en Hancock. Smuts, 2, p. 161. Lg. het o.m. Smuts se verkiesingskanse soos volg beskryf: „He never had a chance of winning. The fighting efficiency of his party was at a low ebb."

61. Sien The Star, en Rand Daily Mail, Junie 1924.

62. The Star, 16/6/24: Verkiesingsoorsig.

Generaal Smuts wat op uitdagende wyse op Volksrust verklaar het dat die Pakt nie in die waan moet verkeer dat die sukses in Wakkerstroom tydens die Algemene Verkiesing herhaal sal word nie,[63] was op die vooraand van die verkiesing ietwat bekommerd oor die posisie van sy party aan die Rand. Oor die res van die land het hy gemeen dat die S.A.P. se kanse goed is,[64] en volgens 'n meningsopname onder politieke kenners deur The Star, kon die Regeringsparty die verkiesing met 'n meerderheid van 11 setels wen.[65]

Die Pakt het rede gehad om die verkiesing vol vertroue tegemoet te gaan, want hulle het een belangrike voordeel bo die S.A.P. gehad, nl. dat 'n ontevrede volk hierdie keer na die stembus sou gaan. Die Burger het dit enkele maande voor die verkiesing treffend gestel: „Die Smuts-regering is uitgedien. Die land het dit lankal gevoel ...."[66] Genl. Hertzog het in 1920 reeds die politieke klimaat reg takseer, toe hy in antwoord op 'n vraag wanneer hy dink die Nasionale Party aan bewind sal kom, geantwoord het: „Enige tyd na 1924."[67]

Sedert die ooreenkoms tussen die twee partye, is die Pakt geesdriftig deur sy pers gesteun en veral in die paar weke voor die verkiesing is die kiesers van die land in vurige taal gevra om op stemdag 'n nuwe regering 'n kans te gee.[68]

Op stemdag, 17 Junie 1924, het dit dan ook gebeur. Afrikaner en Engelsman het die onderlinge stryd van baie jare vergeet;

---

63. Ibid., 6/6/24: Verslag van Smuts se toespraak op Volksrust.
64. Ibid., 14/6/24: Smuts se verklaring aan die pers.
65. Ibid., 16/6/24: Verkiesingsoorsig.
66. Die Burger, 8/4/24: Verkiesingsoorsig.
67. Van den Heever, op. cit., p. 441.
68. Sien Die Burger, en Ons Vaderland, Mei en Junie 1924.

Bolsjewisme en sesessie die skoktaktiek van die S.A.P., het nie soos Smuts verwag het, soos 'n suurdeeg in die volksgevoel ingewerk nie. Die vooruitsig van 'n veiliger toekoms vir die blanke arbeider, en die vertroue in 'n nuwe span in die Parlement om Suid-Afrika se ekonomiese posisie te verbeter, het uiteindelik geseëvier.

Die finale uitslae van die verkiesing was soos volg:

Aantal Setels

| N.P. | S.A.P. | Arbeidersparty | Onafhanklikes [69] |
|---|---|---|---|
| 63 | 53 | 18 | 1 |

Totale Stemming

| | N.P. | S.A.P. | Arbeidersparty | Onafhanklike |
|---|---|---|---|---|
| Transvaal | 37,470 | 48,657 | 21,303 | 1680 |
| Kaapland | 52,779 | 80,036 | 12,446 | 6070 |
| O.V.S. | 19,407 | 8,065 | 1,436 | - |
| Natal | 2,764 | 15,283 | 6,917 | 1924 |
| TOTAAL | 112,420 | 152,041 | 42,102 | 9674 [70] |

Die totale stemme vir die Pakt was 154,522 d.w.s. 'n meerderheid van 2481 oor die S.A.P., terwyl die Pakt meerderheid in die Parlement nou 28 was, [71] waar die S.A.P.-meerderheid voor die ontbinding van die Parlement 11 was. [72] Soos Smuts vroeër voorspel het, [73] was die Rand sy party se doodsteek, want die totale stemme aan die Pakt in Transvaal was 58,773 in vergelyking met die 49,026 wat die N.P. en Arbeiders saam in 1921 gekry het. [74]

69. Sunday Times, 22/6/24; The Star, 21/6/24: Verkiesingsuitslae.
70. The Star, 21/6/24: Verkiesingsuitslae.
71. Ibid.
72. Sunday Times, 22/6/24: Verkiesingsoorsig.
73. The Star, 14/6/24: Verslag van Smuts se toespraak in Johannesburg.
74. Ibid., 21/6/24: Verkiesingsuitslae.

Genl. Smuts is in sy eie kiesafdeling deur die Arbeider, mnr. George Hay verslaan en die Cape Times het met groot bitterheid verklaar: „It is not General Smuts, it is the fair name of South Africa that is besmirched by this victory for Mr. Hay and his ignoble battalions." [75] Daarenteen het 'n jubelende Tielman Roos na die verkiesingsuitslae bekend was, alle Afrikaners wat nog lede van die S.A.P. was, aangeraai om in die toekoms hul steun aan die N.P. te gee, aangesien die S.A.P. niks anders as die ou Unioniste-Party was nie. [76]

Oor die val van die Smuts-regering het F.S. Crafford die volgende treffende woorde geskryf:

> „Die val van Smuts het (minstens tydelik) die einde van Britse heerskappy in Suid-Afrika aangedui en die begin van Afrikaner-emansipasie, veral op ekonomiese gebied. Dit het die einde van die invoertydperk aangedui en Suid-Afrikaanse industrialisme ingelui. Die verhaal van Smuts sedert die vroeë dae van die eeu is die geskiedenis van Suid-Afrika. Sy voorspoed en teenspoed was bepaalde tydperke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Hy is die samevatting van magte en ontwikkeling in sy land in hierdie eeu." 77)

## D. Die posisie van die Arbeidersparty na die verkiesing

Na die verkiesing het Creswell 'n partykonferensie belê om die moontlikheid van die voortsetting van die Pakt te bespreek. As leidraad aan die afgevaardigdes wat die konferensie sou bywoon, het hy 'n memorandum [78] opgestel en aan alle takke gestuur. In hierdie memorandum het Creswell op die volgende gewys:

(a) Dit is die plig van die Arbeiders en Nasionaliste om te verseker dat die samewerking tussen die twee partye nie om een of ander rede skipbreuk

---

75. Cape Times, 18/6/24: Verkiesingsoorsig.

76. Die Burger, 21/6/24: Roos se beroep op S.A.P.-Afrikaners.

77. Crafford, op. cit., p. 253.

78. Sien ook Bylaag B.

17
6
1.02
490
5.92

ly nie. Hierdie samewerking geskied egter sonder die prysgawe van enige beginsels en die twee partye respekteer ook mekaar se beginsels. Die Arbeidersparty bly onafhanklik van die N.P. voortbestaan en die partyorganisasie word heeltemal afsonderlik van die N.P. voortgesit.

(b) Weens die volgende redes is Creswell ten gunste van deelname deur die Arbeiders aan die regering van die land d.m.v. sitting in die kabinet.

(1) Indien die Arbeiders terugstaan, sal dit moeiliker wees om 'n breuk in die samewerking tussen die twee partye te voorkom. Die kabinet wat slegs uit Nasionaliste bestaan, moet dan besluite neem sonder om die Arbeidersparty te raadpleeg. Indien die Arbeiders dan toegewings en wysigings versoek, moet die N.P. elke keer toegee en dit sal hul prestige by hul eie party 'n knou gee en kritiek van die Opposisie ontlok. Derhalwe is 'n Arbeider-element in die kabinet baie meer wenslik.

(2) Wat die administrasie van die land betref, moet daarop gelet word dat die parlement sewe maande van die jaar nie in sitting is nie en die moontlikheid bestaan dat die N.P. sonder Arbeid dinge kan doen wat nie in die smaak van die industriële bevolking val nie.

(3) Die Regering, sonder Arbeiders sal slegs uit Afrikaanssprekendes bestaan, iets wat weer tot rassejaloesie en spanning kan aanleiding gee.

(4) In die geledere van die Nasionaliste is 'n konserwatiewe en 'n meer vooruitstrewende element. Sonder die Arbeiders is dit baie moontlik dat die balans na die konserwatiewe kant sal swaai. Indien so, sal die S.A.P. daaruit munt slaan.

(5) Die Nasionaliste wil graag hê dat die Arbeiders die land saam met hul moet regeer, vandaar die uitnodiging aan laasgenoemde. So 'n samewerking kan die Arbeidersparty slegs ten goede strek, omdat die Nasionaliste hulle

dan in die toekoms sal wil tegemoetkom.

(6) Die N.P. wil graag alle groepe van die bevolking tevrede stel, maar ken nie al die probleme van die industriële seksie nie. Die N.P. het dus werklik die Arbeiders se hulp nodig. Indien die Arbeiders terugstaan, kan die Nasionaliste maklik sê: „Julle het wel gehelp om die S.A.P.-regering uit te gooi, maar nou moet ons die verantwoordelikheid alleen dra, terwyl julle slegs sit en toekyk en kritiseer."

(7) Indien die Arbeiders nie portefeuljes in die kabinet aanvaar nie en die N.P. bewind is nie suksesvol nie, sal die kiesers die Arbeidersparty blameer omdat hulle die N.P. aan bewind gebring het, maar self niks tot die regering van die land bygedra het nie. 79)

Die Nasionale Party het nie 'n volstrekte meerderheid in die verkiesing behaal nie en hoewel Hertzog se ooreenkoms met die Arbeiders op die aand van die verkiesing verstryk het, was hy verplig om hul samewerking te soek om 'n regering te vorm. Hy het daarby die Engelssprekende Arbeiders verseker dat „.... the Nationalists do not look upon secession as a matter of practical politics." 80)

---

79. Creswell-versameling, Band 4F. Memorandum van Creswell onmiddellik na die 1924-verkiesing; sien ook Creswell, op. cit., pp. 97 - 101.

80. Rand Daily Mail, 21/6/24: Personderhoud met genl. Hertzog.

## E. Die nuwe kabinet

Aan die Arbeiders is dadelik twee portefeuljes in die kabinet gegee, met die belofte van 'n derde so spoedig as wat dit moontlik is om 'n Departement van Arbeid te skep. [81] Die Arbeidersparty het die twee portefeuljes, wat aan Creswell en Boydell gegee is, aanvaar en die eerste kabinet het soos volg daaruitgesien:

| | | |
|---|---|---|
| J.B.M. Hertzog | - | Eerste Minister en Minister van Bantoesake. |
| T.J. de V. Roos | - | Minister van Justisie. |
| Dr. D.F. Malan | - | Minister van Binnelandse Sake, Gesondheid en Onderwys. |
| N.C. Havenga | - | Minister van Finansies. |
| F.H.P. Creswell | - | Minister van Verdediging en Arbeid. |
| F.W. Beyers | - | Minister van Myne en Nywerhede. |
| C.W. Malan | - | Minister van Spoorweë en Hawens. |
| P.G.W. Grobler | - | Minister van Lande. |
| J.G.C. Kemp | - | Minister van Landbou. |
| T. Boydell | - | Minister van Pos- en Telegraafwese en Publieke werke. 82) |

Met die bewindsaanvaarding van Hertzog, tien jaar na die stigting van die N.P. het 'n nuwe tydvak in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika begin. Die eerste Smuts- Botha-era, waarin konsiliasie en die belange van die Britse Ryk nagestreef is, is stormenderhand deur 'n nuwe alliansie uitgewis, een wat die Hertzogleuse, „Suid-Afrika Eerste", wou dien en in die proses die ekonomiese lewe van S.A. 'n ongekende stimulus toedien. Die twee

---

81. Creswell, op. cit., p. 97.

82. Malan, M.P.A., op. cit., p. 89; Walker, E.A., op. cit., p. 605.

blanke taalgroepe het saamgestaan by die stembus; nou het die nog belangriker taak op hul regering gewag, om naamlik sonder rassevooroordeel hand aan hand agter die ploeg te staan in diens van 'n land met baie potensiaal. Die uitdaging was sterk vir die Pakt, maar met onderlinge vertroue, geloof, en ywer kon die taak wat voorlê suksesvol verrig word.

# SAMEVATTING EN SLOTBESKOUING

## Samevatting

Dit is duidelik dat die Arbeidersparty en sy bondgenoot, die Nasionale Party, individueel sedert 1914 'n algaande groter rol in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika begin speel het. 'n Bondgenootskap tussen die twee partye was al wat nodig was om 'n uitgediende S.A.P.-Unioniste-bewind in 1924 tot 'n val te bring.

Reeds vroeg het Arbeiderorganisasies die stryd vir die blanke arbeider begin aanknoop, aanvanklik teen die invoer van Asiatiese arbeid, later teen die bedreiging wat Bantoe-arbeid vir die blanke ingehou het. In hierdie stryd het F.H.P. Creswell pertinent na vore getree en op 'n akademiese wyse die saak van blanke arbeid bevorder. Die aktiwiteite van Arbeiderorganisasies voor 1910 het aanleiding gegee tot 'n behoefte aan 'n saambindende organisasie om al hulle kragte saam te snoer. In 1910 is die Arbeidersparty gestig, wat 'n sterk sosialistiese karakter gedra het.

Na Uniewording het die magtige Suid-Afrikaanse Party, met Louis Botha aan die stuur, aan bewind gekom en sy taak was om die volk te verenig. Botha en sy groot raadgewer, genl. J.C. Smuts, het konsiliasie nagestreef en Suid-Afrika as Ryksonderdaan beskou. Hierdie beleid het hulle in botsing met genl. J.B.M. Hertzog gebring. Vir hom het Suid-Afrika se belange bo dië van die Britse Ryk gestaan en in sy beskouing van 'n tweestroomkultuur t.o.v. Afrikaner en Engelsman, was daar nie plek vir konsiliasie nie. Na sy weglating uit Botha se kabinet, stig Hertzog die Nasionale Party in 1914, 'n party wat die nasionale onafhanklikheidsstrewe van die Afrikanervolk beliggaam het.

Nywerheidsonluste aan die Rand in 1913 en 1914 laat dieArbeidersparty na vore tree, veral weens Smuts se outokratiese optrede tydens die 1914-staking. Die Provinsiale Verkiesings van 1914 loop op 'n klinkende oorwinning vir die Arbeiders in Transvaal uit. In weerwil hiervan, kwyn die Party na die uitbreek van die

Eerste Wêreldoorlog, omdat verdeeldheid binne die partygeledere omtrent deelname aan die oorlog ontstaan. Die 1915-verkiesing was vir die Arbeidersparty derhalwe rampspoedig en hy kon slegs vier setels in die Parlement verower.

Die Nasionale Party het Suid-Afrikaanse deelname aan die Eerste Wêreldoorlog ten sterkste afgekeur en 'n radikale groep uit die Party het die wapen in die hand geneem teen die Regering. Hoewel die Rebellie spoedig deur die Regering onderdruk is, het Botha en Smuts se optrede hul so van volksgenote vervreem, dat die S.A.P. sedert die 1915-verkiesing op die steun van Unioniste moes staatmaak. Die Nasionaliste het versterk uit die Algemene Verkiesing van 1915 getree en die republikeinse strewe by die Party het sterk opgevlam.

Die Nasionale Party sou tot 1919 t.o.v. een saak heelhartig met die Arbeiders saamwerk, nl. die beskerming van die blanke arbeider. Die twee partye het origens te ver van mekaar gestaan, veral wat betref die konstitusionele posisie van die Unie, om enigsins wedersydse toenadering te soek. Die leier van die Arbeidersparty het immers uit die staanspoor Suid-Afrikaanse deelname aan die Wêreldoorlog voorgestaan, terwyl so 'n strewe lynreg in botsing met die Nasionale Party se standpunt was.

Na Botha se oorlye in 1919 neem Smuts die bewind oor, en onmiddellik ondervind hy die groeiende weerstand van die Nasionaliste en Arbeiders in die Parlement. Die ekonomiese vraagstukke wat Europa na die Eerste Wêreldoorlog geteister het, het ook Suid-Afrika se ekonomie begin lamlê. Werkloosheid en die Armblankevraagstuk het belangrike ammunisie in die hande van die Opposisiepartye teen Smuts geword. Na die 1920-verkiesing kon hy geen volstrekte meerderheid in die Volksraad kry nie en 'n koalisie met die ander drie partye is deur die Nasionaliste en Arbeiders van die hand gewys. 'n Herenigingspoging tussen die S.A.P. en die N.P. misluk in 1920 omdat Smuts en die N.P. mekaar nooit sou vind oor die reg van Suid-Afrika om af te skei van die Britse Ryk nie. Smuts sou vasstaan by sy oortuiging dat die Unie nie sy bande met die Ryk eensydig mag verbreek nie. Hy nader der-

halwe sy ou vyand, die Unioniste-Party en vorm 'n koalisie, wat in 'n volgende algemene verkiesing in 1921 'n stewige meerderheid behaal. Smuts het tydens sy verkiesingsveldtog die kiesers op die Bolsjewistiese gevaar, wat ook in die Arbeidersparty aanwesig is, gewys, terwyl hy aan Engelssprekendes die sesessiespook voorgehou het. Juis hierdie afskeidingspropaganda van die Nasionale Party het in hierdie stadium enige moontlikheid van samewerking met die Arbeiders die nek ingeslaan. Aan die ander kant het die Kommunistiese rewolusie in Rusland met soveel wanpraktyke gepaard gegaan, dat dit sekerlik die Afrikaanssprekende Nasionaliste skeef laat opkyk het na sosialiste in die Arbeidersparty. Hierdie twee faktore het dus voor 1922 in hoofsaak bygedra tot die kloof tussen die Nasionale Party en die Arbeidersparty wat betref politieke samewerking.

Intussen het die swak ekonomiese toestand in Suid-Afrika verder versleg, terwyl die prys van goud 'n dalende neiging begin toon het. Laegraadmyne kon nie meer tred hou met die hoë produksiekoste nie en dit het die Kamer van Mynwese voor 'n keuse te staan gebring: of loonsverlaging aan mynwerkers óf die opheffing van die status quo-ooreenkoms, wat sekere werk vir blankes gereserveer het. 'n Gevolglike loonsverlaging kon die laegraadmyne nie red nie en die herroeping van die status quo is nou oorweeg. Die hele geskil het saam geval met loonsverlaging in die steenkoolmyne, die Victoria Falls Power Company en die Ingenieurswerkswinkels. Arbeiders het hul voortbestaan bedreig gevoel en begin om kollektief op te tree. Die Suid-Afrikaanse Industriële Federasie, wat die mondstuk van die Arbeiders was, het 'n algemene staking afgekondig aan die begin van Januarie 1922 en so het een van die ongelukkigste episodes uit ons geskiedenis begin.

Smuts het die stakers op die nutteloosheid van hul optrede gewys en op baie ontaktvolle wyse aangekondig dat die Regering nie sal ingryp in die geskil nie, maar die twee partye (die

Kamer van Mynwese en die Industriële Federasie) die saak sal laat uitveg. Verskeie pogings om die staking te beëindig is daarna aangewend, maar sonder sukses. Nadat die Kamer van Mynwese later aangekondig het dat hy nie meer die Federasie erken nie, het 'n rewolusionêre, ekstremistiese groep, die sg. Council of Action in beheer van die staking gekom en grootskaalse geweld het die plek van die aanvanklik vreedsame staking ingeneem. Nadat die polisie nie meer in staat was om alleen die opstand te smoor nie, het die burgermag ingetree, Smuts het krygswet aan die Rand en omliggende gebiede afgekondig en met verdere versterking is die stakers tot oorgawe gedwing deurdat die hoofkwartier van die Council of Action gebombardeer is. Die Eerste Minister het die rewolusie vinnig en effektief beëindig.

Al die skuld vir die staking kan nie op Smuts gepak word nie, aangesien die stakers ook geleentheid gehad het om skikkingsvoorstelle te aanvaar. Die Kamer van Mynwese het eweneens fouteer deur op 'n verkeerde tydstip die Industriële Federasie nie meer te erken nie. Desnieteenstaande het Smuts fouteer deur van die begin af die indruk by die werkers te skep dat hul belange ondergeskik is aan dié van die Kamer van Mynwese. Die blanke arbeider het deur die hele motief van die Kamer gesien, naamlik om uiteindelik blanke arbeid deur goedkoper Bantoe-arbeid te vervang om sodoende die hoë produksiekoste te bestry. In hierdie aangeleentheid het die Regering nie betyds opgetree om 'n krisis te voorkom nie; trouens, Smuts se woorde dat die Regering die partye die saak sal laat uitveg, getuig van die teenoorgestelde, nl. dat die Regering nie van plan was om die saak te skik nie. Hierna sou niks die stakers weer oorhaal om hul werk te hervat nie; die Eerste Minister het eenmaal aan hulle bewys gelewer dat hy nie genoeg belang stel nie en sy woorde sou hulle bybly.

Die staking het 'n donker vlek nagelaat. Benewens die finansiële skade wat die Regering daardeur gely het, was die onge-

vallesyfer hoog en heelwat persone is gearresteer en later gevonnis; slegs vier ekstremiste is egter uiteindelik gehang. Die Regering het hierna 'n nuwe wetgewing, t.w. die Nywerheidsversoeningswet in die lewe geroep om toekomstige nywerheidsgeskille die hoof te bied. Dit was 'n baie effektiewe maatreël en 'n belegging vir die toekoms, maar ongelukkig het dit te laat gekom. Die 1922-staking het onherroeplik as vingerwysing na die Regering gestaan. Dit was die enkele faktor wat die Smuts-regime meer skade as enige iets anders berokken het.

Die politieke betekenis van die staking was verreikend omdat dit meer as enige ander faktor bygedra het om die twee Opposisiepartye, die Arbeiders en Nasionaliste, na mekaar te bring. Reeds tydens die staking het daar nie-amptelike samewerking plaasgevind, deurdat Volksraadslede van beide Partye vertoë tot Smuts gerig het om die staking te beëindig. In hierdie verband het Tielman Roos, wat in die staking die geleentheid gesien het om politieke voordeel te trek, 'n groot rol gespeel. Ook in die Parlement het die Arbeiders en Nasionaliste 'n verenigde aanval teen Smuts van stapel gestuur. Die belangrikste beswaar was die Eerste Minister se hantering van die staking en 'n mosie van Hertzog wat daarop gemik was om blanke arbeid te beskerm en 'n tydelike liggaam in die lewe te roep wat die staking kon beëindig, is deur die Arbeiders gesekondeer. Dit was egter tydens die 1923-sitting dat Smuts die meeste kritiek van die Opposisie moes verduur. Veral sy Vrywaringswet t.o.v. die Randse staking is heftig geopponeer. Hertzog en Creswell het saam aan debatte deelgeneem en terselfdertyd op die wanadministrasie van die Regering en die haglike arbeidstoestand gewys.

Smuts se gewildheid het in hierdie stadium 'n laagtepunt bereik. Sy mislukte poging om Rhodesië by die Unie in te lyf, is deur sy vyande as teken van sy kwynende invloed gesien, terwyl verskeie landsvraagstukke ernstige afmetings begin aanneem

het sonder dat Regering iets daaraan doen. Die werkloosheidssyfer was hoër as ooit tevore, die waarde van uitvoere het steeds gedaal en ekonome was dit eens dat die Regering spoedige stappe sou moes doen om plaaslike nywerhede te ontwikkel. Die landsadministrasie was in 'n chaotiese toestand deurdat min. Burton se begroting nooit kon klop nie en hy boonop van delgingsfondse en leningsinkomste gebruik moes maak om tekorte aan te vul.

Die nasionale skuld het jaarliks toegeneem en belastings het swaar op die volk gedruk. Op die Spoorweë het tekorte ook voortdurend toegeneem, rollende materiaal is pal ingevoer en Jagger het sy begroting laat probeer klop deur die leningsfondse te gebruik en spoorwegmense se salarisse in te kort. Creswell en ander Opposisielede het die instelling van 'n staatsbank, asook die terugkeer van die Unie na die goudstandaard sterk bepleit. Hy en Hertzog het ook volkome saamgestem dat industriële segregasie absoluut noodsaaklik was om die instroming van Bantoes na stede te verminder. Die Bantoeprobleem het die Regering in hierdie tyd reeds baie hoofbrekens begin besorg, aangesien ekonomiese integrasie aansienlike afmetings begin aanneem het. Die Bantoe het klaar sy stamverband begin verloor en bewus geword van sy posisie in die nywerheid. Hoofsaaklik deur toedoen van blanke agitators het Bantoes vakbonde begin stig, wat selfs tot stakings aanleiding gegee het. Twee ongelukkige episodes, t.w. die Bulhoek- en die Bondelswartsopstand, wat die Regering uiteindelik met behulp van die polisie en die weermag onderdruk het, het 'n verdere etiket van geweld om Smuts se nek gehang.

Dit was duidelik dat die tyd ryp was vir 'n verkiesingsooreenkoms tussen die Nasionaliste en Arbeiders. Waar die twee partye reeds sedert 1919 saamgestem het oor sekere sake, soos die beskerming van blanke arbeid en die oprigting van plaaslike nywerhede, was daar voor 1922 nie sprake van samewerking nie, veral weens twee redes: ten eerste, die sesessievraagstuk en

ten tweede, Creswell se negatiewe houding teenoor samewerking met 'n ander party. Die gesamentlike optrede tydens en na die staking het die posisie egter verander en 'n dringende noodsaaklikheid om van die Smuts-bewind ontslae te raak, het die deurslag gegee. Roos het dadelik aan die werk gespring om die gedagte aan samewerking te propageer en voordat Hertzog en Creswell nog enige verklaring gedoen het, het hy reeds in die pers bekend gemaak dat samewerking tussen die twee partye aangekondig sou word sodra 'n ooreenkoms bereik is.

'n Faktor wat baie bygedra het tot die verwesenliking van die verkiesingsooreenkoms was die goeie verhouding tussen Hertzog en Creswell. Hulle was in menige opsig geesgenote en het veral albei sterk gevoel oor die beskerming van blanke arbeid. In Julie 1922 het die twee die moontlikheid van samewerking bespreek. Hierdie samespreking is op 22 Augustus voortgesit en dit het uiteindelik gelei tot die bekendmaking van 'n verkiesingsooreenkoms. Die aard en inhoud van hul besprekings is in die vorm van 'n briefwisseling in die pers gepubliseer, sodat enige beskuldigings dat die twee agter die skerms geknoei het, weerlê kon word. Die ooreenkoms het in hoofsaak neergekom op die volgende:

(i) Uitskakeling van driehoekige geregte in 'n volgende algemene verkiesing om te voorkom dat die S.A.P. weer aan bewind kom.

(ii) Die vervanging van die huidige Regering deur een wat nie die sg. „Big Finance"-beleid sal toepas nie, maar die belange van alle klasse sou dien.

(iii) Hertzog moes die versekering gee dat sesessie nie aangeroer sou word ten tye van die volgende Parlement nie.

(iv) Elke party sou afsonderlik voortbestaan na die verkiesing.

Hertzog het die samevatting wat Creswell verstrek het, onderskryf.

Die groot struikelblok, die kwessie van afskeiding van die Britse Ryk, is uit die weg geruim deurdat die Nasionale Party

bereid was om voorlopig geen verdere poging aan te wend om Suid-Afrika se onafhanklikheid te probeer bewerkstellig nie. Hoewel radikale Republikeine soos Roos, veral sedert 1918 vuur en vlam was vir so 'n ideaal, het hul besef dat bewindsoorname en die herstel van die land se ekonomiese posisie in daardie stadium van groter belang was. Die Arbeiders het groot waarde geheg aan die tradisionele bande met die Ryk en aangesien hulle steun nodig was om van Smuts ontslae te raak, sou die Nasionaliste die konstitusionele posisie van Suid-Afrika voorlopig onaangeroerd laat. Hertzog se oortuiging was buitendien dat sesessie en 'n republiek 'n spontane aksie moes wees wat sonder eksterne druk van die volk se kant kom. In 1922 was Suid-Afrika nog nie ryp vir 'n republikeinse regeringsvorm nie. Hertzog het tot op daardie stadium hoofsaaklik die teoretiese reg van Suid-Afrika om af te skei van die Britse Ryk, bepleit. Hy het egter in die lig van sy ooreenkoms met Creswell in 'n skriftelike verklaring beloof dat hy nie in die duur van die volgende Parlement sesessie sou aanraak nie. Die Nasionale leier se standpunt het algemene goedkeuring van Nasionale kant weggedra, hoewel die Transvaalse Kongres met Roos en Grobler aan die spits in 1923 byna samewerking met die Arbeiders verongeluk het deur te verklaar dat die ooreenkoms met die Arbeiders die dag van die verkiesing ophou en dat die republikeinse propaganda voortgesit behoort te word. Deur Creswell se toedoen is die vete tussen Roos en die Arbeiders in der minne geskik.

Die S.A.P. het die naderende gevaar van die Pakt begin besef en as afskrikmiddel teen die bondgenootskap die sosialisme en Bolsjewisme in die Arbeidersparty aan die kiesers voorgehou. Creswell was geneë om hierdie sosialistiese klousule in die grondwet van die Party te verwyder en ondanks teenkanting van 'n groep sosialiste in die Arbeidersparty, is die sosialistiese bepaling in Januarie 1923 verwyder. Niks het nou meer in die weg van samewerking gestaan nie en Hertzog, Creswell, Roos en ander Paktleiers kon die Pakt nou aan die publiek voorstel en propageer. Nasionale- en Arbeiderkongresse het die ooreenkoms ook finaal goedgekeur.

Intussen het die Regeringsparty se aansien vinnig gedaal, deurdat die Pakt in 'n aantal tussenverkiesings die oorwinning behaal het. Nadat die Suid-Afrikaanse Party 'n onverwagte neerlaag in Wakkerstroom gely het, was die skrif aan die muur vir Smuts. Hy het bedank sonder om sy partykoukus te raadpleeg en 'n algemene verkiesing uitgeskryf.

Selde of ooit het 'n verkiesingsveldtog in ons politieke geskiedenis die omvang van hierdie een aangeneem. Die Eerste Minister, gesteun deur sy magtige pers, het die Pakt aangeval en as 'n onheilige verbond bestempel. Aan die Engelssprekendes het Smuts 'n waarskuwing teen die sesessiebeleid van Hertzog gerig en aan Afrikaanssprekendes het hy Bolsjewisme voorgehou. Die Premier het weer sy onskuld tydens die 1922-staking probeer aantoon deur daarop te wys dat sy raad aan die mynindustrieë om hoë koste en lone wat tydens die oorlog geheers het, geleidelik te verminder, in die wind geslaan is. Hy het sy bes gedoen om die staking af te weer, maar sy pogings is deur Nasionaliste soos Roos verydel. Smuts het verder verklaar dat faktore buite die Regering se beheer die landsekonomie benadeel het, maar dat die finansiële toestand van die land aan die verbeter was. Die Regering sou spoedig stappe doen om jong nywerhede te bevorder, spoorwegwerke te ontwikkel, 'n yster- en staalbedryf in die lewe te roep, elektriese krag uit te brei en om salarisse in sekere staatsdepartemente te verbeter. Die Pakt se ekonomiese beleid is deur Smuts as onprakties bestempel.

Die Arbeiders en Nasionaliste was baie beter voorbereid op 'n verkiesing as Smuts. Waar die Eerste Minister by geleenthede nie eers aan die woord kon kom weens ontevredenes se rumoer nie, het die leiers van die Pakt oral suksesvolle vergaderings gehou.
Die beginsels van die Pakt het hoofsaaklik op die volgende neergekom: (i) bevordering van die landbou (ii) oprig van nywerhede, wat terselfdertyd die werkloosheids- en armblankevraagstuk kon bekamp (iii) beskerming van geskoolde arbeid (iv) hersiening van belasting (v) oprigting van 'n staatsbank (vi) bevordering van onderwys.

Hertzog, Creswell, Roos en ander leiers kon maar net na die swak rekord van die S.A.P.-bewind, veral na 1915 verwys, om die kiesers op die noodsaaklikheid van 'n nuwe Regering te wys. Smuts se propaganda teen die „onheilige alliansie" het nie die gewenste uitwerking gehad nie, want op 17 Junie 1924 het die Pakt die Suid-Afrikaanse Party oortuigend verslaan. Hertzog het na 'n afwesigheid van tien jaar weer die kabinet betree, hierdie keer as Premier.

Na afloop van die verkiesing het Creswell in 'n memorandum aan die hoofbestuur van die Arbeidersparty aanbeveel dat die Arbeiders hul nie aan die regering van die land moet onttrek nie, maar kabinetsposte moet aanvaar, indien die Nasionaliste hulle dit aanbied. Die belangrikste beweegredes was die volgende:

(i) Die Arbeiders kon die Nasionaliste help met sekere vraagstukke, veral op nywerheidsgebied.

(ii) Indien Arbeiders in die kabinet sit, kan dit rassewrywing in 'n groot mate help uitskakel.

(iii) Indien die Nasionale bewind onpopulêr is, sal die Arbeiders ook die spit moet afbyt wanneer hul nie aan die regering van die land deel het nie. Hertzog het woord gehou en na die verkiesing verklaar dat sesessie nie deur die nuwe Regering as praktiese politiek aangewend gaan word nie. Ook het hy dadelik twee portefeuljes aan die Arbeiders in die kabinet gegee, met die belofte van 'n derde sodra 'n Departement van Arbeid in die lewe geroep is. In die eerste Pakt-kabinet is die Arbeiders deur Creswell en Boydell verteenwoordig.

## Slotbeskouing

Alles in ag genome, was Hertzog se toenadering tot die Arbeidersparty en die uiteindelike ooreenkoms wat gevolg het, geregverdig. Daar mag wel aangevoer word dat die Nasionale Party een van sy kardinale doelstellings, naamlik om die staatkundige vryheid van Suid-Afrika te bewerkstellig, oorboord gegooi het deur die ooreenkoms met die Arbeiders, wat

in daardie opsig sy politieke antipode was. Wel het die Nasionale Party sy republikeinse strewe vertraag, maar soveel ander faktore het 'n rol gespeel, dat selfs die mees idealistiese Nasionalis sou moes erken dat die omverwerp van die Smuts bewind in daardie tyd 'n primêre doelstelling van die N.P. moes word. Immers het die Afrikaner-Nasionalis op die arbeidsfront gely en het die armblankedom in hoofsaak onder Afrikaners voorgekom. Die N.P. moes na sy mense kyk en om sy beleid van nasionalisering van nywerheid en landbou en ekonomiese ontvoogding van Brittanje te laat ontplooi, was praktiese maatreëls om van die Regering ontslae te raak, nodig. Dit sou onbillik wees om die N.P. van 'n brood-en-botter politiek in hierdie jaar te beskuldig. Die Arbeidersparty se primêre doelstelling was wel om die materiële posisie van die Arbeider te beveilig, maar die Party en sy leier was geensins beginselloos nie.

Die Arbeiders, aan die ander kant, het niks gehad om te verloor deur die bondgenootskap met die Nasionaliste nie. Dit val te betwyfel of die Party ooit op eie krag die bewind sou oorneem; daarvoor was daar te veel onderlinge verskille in die geledere van die Party en was Suid-Afrika nog nooit gediend met 'n Regering wat in hoofsaak die belange van een deel van die bevolking behartig nie. Dit moes nietemin vir die Arbeiders 'n mate van 'n risiko wees om die Nasionale Party, wat feitlik suiwer uit Afrikaners, wat oor die algemeen Anti-Empire gesind was, as bondgenote te neem. Die geskiedenis van die Nasionale Party sedert sy ontstaan was die geskiedenis van 'n selfbeskikkingsdrang, 'n gedagte, 'n ideologie wat aan die groei was in Afrikanerharte. Dit het Creswell besef en hy sou derhalwe deeglik daarmee rekening moes hou. Omdat hy in die integriteit van Hertzog geglo het en omdat hy kon sien dat die Nasionale Party werklik ernstig en doelgerig die belange van die geskoolde blanke werker op die hart dra, kon hy die vrymoedigheid hê om 'n ooreenkoms met dié Party aan te gaan, op voorwaarde dat die Nasionaliste nie sesessie in die volgende Parlement sou aanroer nie.

Die sluiting van die twee Partye se geledere is in 'n aansienlike mate verhaas deur die 1922-staking. Hierdie gebeurtenis het skynbaar die laaste strooitjie vir Creswell, wat voorheen nie geïnteresseerd in samewerking met 'n ander party was nie, geword en die opportunistiese Roos het onmiddellik die moontlikhede van die staking as stimulant vir samewerking tussen sy party en Creswell s'n gesien. Die swak ekonomiese toestand en die swak finansiële administrasie van die Regeringsparty het uitstekend in die raamwerk van Roos se planne gepas.

Die Smuts-bewind was inderdaad uitgedien en die volk was bereid om die Pakt 'n kans te gee. Desnieteenstaande is dit onjuis om die totstandkoming van die Pakt suiwer toe te skryf aan die drang by Nasionaliste en Arbeiders om Smuts uit die kussing te lig. Die Pakt is eweneens gebore uit die ekonomiese nood waarin Suid-Afrika vroeg in die twintigerjare verkeer het. Dit was 'n doelgerigte poging om Suid-Afrika ekonomies selfstandig te maak en terselfdertyd die belange van die blanke werker te bevorder.

Vanuit 'n breër politieke oogpunt beskou, het die totstandkoming van die Pakt die einde van 'n regime beteken; 'n regime waarin die na-oorlogse politieke strewe van Louis Botha en Jan Smuts beproef en geweeg is en te lig bevind is. Die volk vanSuid-Afrika van die twintigerjare was nie bestem vir politieke konsiliasie nie.

BIBLIOGRAFIE

A. Primêre bronne

1. Arbeidersargief, gehuisves in Johannesburg Africana-Biblioteek:

a. South African Labour Party. Constitution and platform as amended by annual conference at Cape Town, 1912 - 13

b. Notules van jaarkongresse.

2. Politieke Argief, U.O.V.S., Bloemfontein.

a. E.G. Jansen-versameling, nr. 41: 1924 - verkiesing

b. Nasionale Party Taknotules van Kaapland, Transvaal en Oranje-Vrystaat.

c. Notule van die Federale Raad van die Nasionale Party.

d. Notule van jaarkongresse van die Nasionale Party van Natal.

e. Verslae van jaarkongresse van die Nasionale Party.

3. Staatsargief, Pretoria.

a. F.H.P. Creswell-versameling. Aanwinsnr. A 3.

b. Harm Oost-versameling, 1897 - 1962. Aanwinsnr. A 69, Bylaag C.

c. J.C. Smuts-versameling. Aanwinsnr. A 1, volumes CXV en CXVI.

B. Offisiële staatspublikasies

1. Report of the Mining Industry Commission 1907 - 1908. Pretoria, 1908.

2. U.G. 34 - 1920: Report of the Low Grades Mines Commission.

3. U.G. 4 en U.G. 5 - 1922: Zuidafrikaanse Spoorwegen en Havens. Opgaven van de geraamde inkomsten en uitgaven voor het financiële jaar eindigende 31 Maart 1923.

4. U.G. 7 en U.G. 29 - 1922: Begroting van de uitgaven te worden bestreden uit inkomstefondsen gedurende het jaar eindigende 31 Maart 1923.

5. U.G. 8 - 1922: Annual departmental reports (Abridged) no. 1, covering the period 1920 - 21.

6. U.G. 17 - 1922: Rapport van de Werkeloosheid Kommissie.

7. U.G. 27 - 1922: Begroting van de uitgaven te worden bestreden uit leningsfondsen gedurende het jaar eindigend 31 Maart 1923

8. U.G. 31 - 1922: Department of Mines and Industries. Annual reports of the secretary for mines and industries and the Government Mining Engineer for the Calendar year ended 31st December, 1921.

9. U.G. 35 - 1922: Report of the Martial Law Inquiry Judicial Commission, 1922.

10. Unie van Suid-Afrika. Departement van Sensus en Statistiek. Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoland, Betshoeanaland Protektoraat en Swaziland. Pretoria, nr. 4 : 1910 - 1920 en nr. 5: 1910 - 1921

11. Unie van Zuid-Afrika. Unie kantoor van census en statistiek. Officieel Jaarboek van de Unie no. 7 - 1924, lopende over het tijdvak 1910 - 1924. Pretoria, 1925.

C. <u>Sekondêre bronne</u>

1. Armstrong, H.C. Grey Steel; 4e uitgawe, Londen, 1937.

2. Boydell, T. My luck was in. Kaapstad, 1947.

3. Coetzee, D.J.J. Die geskiedenis van die Nasionale Party 1914 - 1921 (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1967).

4. Crafford, F.S. Jan Smuts (Afrikaanse vertaling deur F.A. Venter); 2e uitgawe, Kaapstad, 1946.

5. Creswell, M. An epoch of the political history of South Africa in the life of Frederic Hugh Page Creswell. Kaapstad, 1956.

6. De Kiewiet, C.W. A history of South Africa. Social and economic. Oxford, 1942.

7. De Kock, M.H. Selected subjects in the economic history of South Africa. Kaapstad, 1924.

8. Fourie, J.J. Sosialistiese tendense in die Suid-Afrikaanse partypolitiek sedert 1910. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, U.O.V.S., 1958).

9. Goosen, D.P. red. Die triomf van Nasionalisme in Suid-Afrika, 1910 - 1953. Johannesburg, 1953.

10. Grobler, F.J. Die invloed van geskoolde blanke arbeid op die Suid-Afrikaanse politiek van 1886 tot 1924 (Ongepubliseerde D.Litt.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1968).

11. Hancock, W.K. Smuts, 1. The sanguine years, 1870 - 1919. Cambridge, 1962.

12. - Smuts, 2. The fields of force, 1919 - 1950. Cambridge, 1968.

13. Keynes, J.M. The economic consequences of the peace; 2e uitgawe, Londen, 1920.

14. Krüger, D.W. South African parties en policies, 1910 - 1960. Kaapstad, 1960.

15. - The making of a nation. A history of the union of South Africa, 1910 - 1961. Johannesburg, 1969.

16. Long, B.K. In Smuts' camp. Londen, 1945.

17. Malan, D.F. Afrikaner - volkseenheid en my ervarings op die pad daarheen. Kaapstad, 1959.

18. Malan, M.P.A. Die Nasionale Party van Suid-Afrika. Sy stryd en sy prestasies, 1914 - 1964. Kaapstad, 1964.

19. Muller, C.F.J. red. Vyfhonderd jaar Suid-Afrikaanse geskiedenis, Pretoria, 1968.

20. Neame, L.E. General Hertzog, Londen, 1930.

21. - Some South African politicians, Kaapstad, 1929.

22. Nienaber, P.J. e.a. Gedenkboek, generaal J.B.M. Hertzog. Johannesburg, 1965.

23. Pyrah, G.B. Imperial policy and South Africa, 1902 - 10. Oxford, 1955.

24. Scholtz, G.D. Generaal Christiaan Frederik Beyers, 1869 - 1914. Johannesburg, 1941.

25. Steinmeyer, J. Spykers met koppe. (Die politieke stryd van die Afrikaner 1904 - 1924). Kaapstad, 1946.

26. Thompson, L.M. The unification of South Africa, 1902 - 1910. Oxford, 1960.

27. Urquhart, W. The ontbreak on the Witwatersrand, March, 1922. Kaapstad, 1922.

28. Van den Heever, C.M. Generaal J.B.M. Hertzog. Johannesburg, 1943.

29. Van der Walt, A.J.H., Wiid, J.A., Geyer, A.L. en Krüger, D.W. Geskiedenis van Suid-Afrika; 2e uitgawe, Kaapstad, 1965.

30. Van der Walt, N.G.S. Die republikeinse strewe : dryfvere en probleem binne die Suid-Afrikaanse partypolitiek, 1902 - 1961. (Ongepubliseerde D.Phil.-proefskrif, P.U. vir C.H.O., 1968).

31. Van Heerden, F.J. Die Randse staking van 1922. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling, P.U. vir C.H.O., 1965).

32. Van Rooyen, J.J. van Van Schoor, M.C.E. Republieke en Republikeine. Kaapstad, 1960.

33. Walker, E.A. A history of Southern Africa; 3e uitgawe, Londen, 1962.

34. Walker, I.L. en Weinbren, B. 2000 casualties. A history of the trade unions and the labour movement in the Union of South Africa. Johannesburg, 1961.

D. Pamflette en vlugskrifte

1. Nasionale Party. Samewerking tussen N.P. en Z.A.P. Kaapstad, 1920.

2. Nasionale Party, Kaapprovinsie. Die finansiële politiek van die Unie. Kritiek en enkele suggesties. (Toespraak deur J.G. van der Horst). Kaapstad, s.j.

3. Nasionale Party. Die onafhanklikheid van Zuid-Afrika. Rede van dr. D.F. Malan, 31/8/18 op Malmesbury. s.j.

4. Nasionale Party. Elke man op sy pos! Waak! Kaapstad, s.j.

5. Nasionale Party, Federale Raad. Die Regering en die staking. Duidelike antwoorde op eenvoudige vrae. Kaapstad, s.j.

6. Nasionale Party, Federale Raad. Ontsettende onthullinge. s.j.

7. Nasionale Party, Federale Raad. Wat het die Nasionale Party met die Arbeiders te doen? s.j.

8. Nasionale Party, Kaapprovinsie. Die Nasionale Party en sesessie. Kaapstad, s.j.

9. Nasionale Party, Kaapprovinsie. Die ooreenkoms tussen Nasionaliste en Arbeiders: verlede en hede, 1907 - 1924. Kaapstad, s.j.

10. Nasionale Party, Kaapprovinsie.. Racial feeling and its abuse. Uiteensetting deur genl. Hertzog. Kaapstad, s.j.

11. Nasionale Party. Toelichtingen op't programma van beginselen van de Nationale Partij, zoals goedgekeurd door het speciale kongres van leden de S.A. Partij, O.V.S. Provincie, gehouden te Bloemfontein van 7 - 9 Januarie 1914. Bloemfontein, 1914.

12. Suid-Afrikaanse Party Hoofkantoor. Hier het jy dit. 'n Beknopte opsomming van partypolitiek in Suid-Afrika gedurende die laaste kwarteeu. Pretoria, 1925.

13. Suid-Afrikaanse Party Hoofkantoor. Nationale leiders over nationale kwesties, s.j.

E. Koerante

1. Cape Times
2. De Volkstem
3. Die Burger
4. Die Volksblad
5. Natal Mercury
6. Ons Vaderland
7. Rand Daily Mail
8. Sheffield Daily Independent
9. Sunday Times
10. The Echo
11. The Friend
12. The Star

F. Persoon geraadpleeg

C.R. Swart: mededeling van voormalige Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika, vervat in 'n brief aan samesteller, d.d. 30/4/70.

## B Y L A E S

### Bylaag A.

Die briefwisseling tussen Hertzog en Creswell in 1923 wat die totstandkoming van die Pakt bevestig het. [1)]

Creswell aan Hertzog, 12 April 1923.

My dear Hertzog,

It is clear that any co-operation between our respective parties, however narrow or wide in scope, is certain to be made the subject of hostile propaganda by the South African Party and its Press. So I suggest that it would be as well to put on record the actual facts of the position.

You and I have, on several occasions, discussed the present political situation quite candidly, informally and without prejudice, and I think that the substance of these conversations can be correctly summed up as follows:

(1) We found ourselves broadly in agreement in our view that the present Government acts as though dominated by the conviction that the interests of this country are best served by its taking what may be termed the "big financial" view of our serious internal and financial problems.

Its policy is not only injuring the present welfare of the country but is seriously jeopardising our destiny as a civilised people. The necessity to combat this trend of policy, which has been growing continuouosly more pronounced in recent years, is largely the cause of the common opposition of our parties to the present Government and the party supporting it.

---

1. Gepubliseer in <u>The Star</u>, 21/4/23 en <u>Die Burger</u>, 21/4/23

(2) We next examined whether there was any legitimate basis upon which we could recommend co-operation between our parties, at all events in so far as elections were concerned. It is clearly undesirable to facilitate the election of Government candidates on a minority vote by splitting the anti-government vote.

(3) The most difficulty in the way of any such co-operation being effective is the fact that, quite irrespective of the real views and intentions of yourself and your party, the South African Party propaganda has inoculated numbers of the English-speaking section of the people in many parts of the country with the belief that if your party achieved power you would at once set about trying to "cut the painter" and establish a republic - the old secession bogey, in fact, of the 1921 election.

To a lesser degree, possibly, a few dwellers in the country districts have been induced to believe that the Labour Party is a Bolshevik group whose dearest wish is to decapitate or otherwise maltreat all owners of property - or some other such absurdity, As the former point was successfully drummed into the public mind at the last election, it is most important to disprove it. At the same time you must remember that in common with the bulk of Labour's supporters, I am as you know unalterably opposed to any "cutting the painter."

I pointed out that this is a matter upon which the great majority of English-speaking South Africans are very sensitive and that an essential condition for any such election co-operation being effective was an explicit declaration on your side to reassure then that their votes at the next general election would not be used contrary to their

desires in this matter.

In this regard you said that while no member of your party could be expected, any more than any member of the Labour Party, to renounce his freedom to express, inside and outside of Parliament, any views he may hold on this or any matter, you were able to give this explicit undertaking to electors at the next general election, viz. that in the Parliament that will then be elected, should a Nationalist Government come into power, no Nationalist member of Parliament will use his vote to upset the existing constitutional relationship of South Africa to the British Crown. We are agreed that under these circumstances we could quite properly recommend to our respective parties election co-operation on the lines indicated in paragraph 2 of this letter. This co-operation would indicate that we both appreciate the urgent necessity for the next Parliament to devote itself singlemindedly to domestic measures required to promote the prosperity of the country upon lines more congenial to its people than those at present followed.

(4) Pursuing our discussions we recognised that the logic of facts would compel the taking up of measures which both parties would probably, in principle, support. But we also recognised quite fully the differences which today exist between our parties, not only in political outlook, but also, probably, in the racial and other prejudices which influence large numbers of habitual party supporters, and we were agreed that in any election co-operation that may take place in any constituency

it should be understood that the candidate of whichever party, if elected, would owe allegiance to his own party and no other, and that any votes given to him by supporters of the other party, should be given on this clear understanding.

I think that the foregoing correctly expresses the substance of our conversations and I suggest that if this is confirmed by you we should send this correspondence to the Press.

Yours very truly,

F.H.P. CRESWELL.

Hertzog aan Creswell, 19 April 1923.

My dear Creswell,

In answer to yours of April 12, I am glad to be able to reply that I entirely agree with your suggestion of offering for publication the statement containing the results of our exchange of ideas on the matter of co-operation between our respective parties at the next general election.

I have carefully considered the statement submitted by you, and as it truly sums up the substance of our conversations I have nothing further to add except to give my full confirmation, which I hereby do.

Yours very truly,

J.B.M. HERTZOG.

## Bylaag B.

Memorandum van kol. Creswell na die 1924 - verkiesing ten opsigte van die Arbeidersparty se aandeel in die nuwe Regering [2)]

In April 1923 the correspondence was published in which Genl. Hertzog and myself, after consulting our Parliamentary Colleagues, specified the terms of the argreement for the next election which we recommended to our respective parties.

That agreement comes to an end at 8 p.m. on polling day, except in so far as the Nationalist Party are bound by their pledge in respect to the constitutional question.

In terms of the agreement elected candidates owe allegiance to their own party and to no other. Such is the formal position today after the election. The Labour Party must therefore immediately and without delay determine its attitude to the new Parliament.

In the exercise of our freedom as a party we must realise very fully that that freedom must be used with a full sense of our responsibility to the country. And in order to make clear how, in my opinion, we shall best discharge that responsibility I propose as briefly as possible to trace how the present situation has been arrived at.

The publication of the correspondence referred to in April 1923, was the commencement of a great change in the political situation which had been in progress ever since. Reckoning, as they so often asserted, that any co-operation between the Nationalist and Labour Parties was impossible, the South African Party thought itself safe for a long period in power. It tried hard to prevent the ratification of the agreement by the conferences of the respective parties. It failed in this as it failed in Parliament, and at the elections, because its members mistook not only the effects of the Pact on the attitude of the two parties towards one another, but also the attitude of the public to the

2. Staatsargief. Creswell-versameling, Band 4 F.

Pact.

The relationship between the two parties, established by the Pact, induced on the part of each a desire to give ear to and to understand the viewpoint of the other party in a way it had never previously done. This resulted in a growing co-operation in Parliamentin a number of matters of practical politics - notably on the Conciliation Bill and other matters affecting industrial life. So far as the public is concerned this growing understanding and co-operation between two parties which, whatever their differences, represent a great many poeple whose interests are rooted in South Africa, was viewed not with aversion but rather with a growing hope. The hope was that it would lead to a Government in which the interests of the people would always come first. The thoroughly cordial and intimate co-operation of supporters of both parties at the election was in fact an expression of this earnest hope that the "Pact" afforded a way of escape from governments and parliaments eternally dominated by big business interests. I believe that the big bulk of Labour supporters share that earnest hope.

The country is tired of political jugglery and manipulation. It has had three general elections in four years and has at last got away from the rule of the South African Party and from the powers behind that party. It looks to the Nationalist and Labour Parties to give it a rest from the turmoil and unsatisfactory rule from which it has suffered, and to try and promote general good feeling and well-being. If, owing to any selfish or unreasonable attitude on the part of either of the two parties, its hopes are disappointed and it is plunged into another election in a year or two with the risk of the return of power of the South African Party, it will not forgive for many years the party deemed responsible for this disappointment.

I am therefore certain that in the new Parliament it will be the duty of the Labour Party, no less than of the Nationalist Party, to do its utmost to prevent a breakdown of the present co-operation, consistent, of course, with no repudiation of principles. When one contemplates the practical work that has been done to

try and get the country out of the state of depression and unemployment into which the policy of the South African Party has flung it, and also the main lines of practical policy on which the two parties broadly agree, this task, although difficult, should not be beyond our powers if there is a reasonable desire on both sides to forbear from treading on one another's corns. That is the position that confronts us in the immediate future.

Now the question will very likely arise (and it is in relation that this Memorandum is written): Can our task be best performed by shouldering some of the responsibility of Government if invited to do so, or will it be more easily and well done by holding aloof?

1. I will first view the question from the standpoint of the ordinary difficulties of parliamentary work.

If we hold aloof it will certainly be much, very much, more difficult to avoid a breakdown of friendly co-operation. Let us take an instance of what is likely to be of constant occurrence. A measure is brought into the House after being considered by the Cabinet. The Cabinet, without the benefit of the advice of a representative of Labour, comes to a certain decision. When it is discussed in the House, the Labour Party desires some comparatively serious alteration . Let us suppose that at first the Government yields. The Nationalists will certainly be jeered at each time they do so by the South African Party opposition and Press. And in course of time they will, if this is of constant occurrence, feel that they are losing prestige with their own supporters. Each time such an incident occurs it will make it more difficult to obtain a like concession next time and will make a breakdown more likely. A great deal of this will undoubtedly be avoided if, before measures are determined on and made public, the Cabinet through the advice of a Labour element in it is able to shape it so that such conflicts are reduced to a minimum.

2. Next let us take it from the standpoint of the administration. It must not be forgotten that for seven months in the year Parliament is not sitting. Without the help of the Labour Party colleagues the Government is certainly more liable to do things which will "tread on the corns" of the urban industrial population than it would do if it had colleagues who are more closely in touch with that population than is the Nationalist front bench. On this ground our holding aloof will again greatly increase the difficulty of avoiding a premature breakdown.

3. There is a further weighty reason why my judgment is against holding aloof of the new government make their offer on conditions that we can reasonably be expected to accept. It is this. The "Pact" has received the support it has done very largely because the people of both races look upon it as going a great way to get rid of the old South African Party and the business method of dividing us by playing upon our race feelings. If the Labour Party holds aloof the Government will be composed entirely of men of the Dutch section of the people. With the best will in the world to avoid being at all racial, that very fact will inevitably re-arouse those race jealousies which had been the main obstacle to the Labour Party's progress and to the progress of the ideas for which it stands. The situation will be one which will be a tremendous strain on the Labour Party in Parliament, all of whose members are from the English-speaking section, and the strain would, I fear, lead to a breakdown before very long.

A purely Nationalist Government, forced by the aloofness of the Labour Party to find support elsewhere, would naturally try and get this from the Dutch section of the South African Party and this would accen-

tuate the difficulties.

4. A further consideration arises from varying opinions in the Nationalist Party itself. In this, as in every party, there are some who are more conservative and some who lean to more advanced views. If Labour holds aloof the balance will swing to the conservative elements in the House more than if Labour did not hold aloof. This again would make the position more difficult and precarious and with a watchful opposition backed by a powerful Press might play into the hands of the South African Party and render more probable that party's expectation of getting back to power in a year of two.

5. I now look upon the position from the standpoint of the Nationalist Party and its leader. There are certain things that stand out in the history of the co-operation of the last 18 months.

Fist there is the thoroughly straight and loyal way they have played the game both inside and outside the House. There has been a real desire to try and meet our point of vie, in a number of measures which have been before the Parliament. We have no right to put this down to mere electioneering tactics and the fact that they ask us to share the responsibility of the Government, if they do so, will be an assurance of their desire to try and meet us halfway in the future where they can.

Secondly there is the fact that they have, without a doubt, very greatly appreciated finding that there is a large section of the English-speaking people with whom they have been able to co-operate with cordiality and in good faith and this has certainly

had an inestimably good effect throughout the country. Their position in the new Parliament, like ours, will be one of great difficulty. They have very little first-hand knowledge of the facts and the problems of industrial life. I express my own convition, founded on some knowledge, when I say I am very sure that they earnestly desire to do the right thing for the people.

With the difficulties confronting them and although they are anxious, as we are, that the hopes of the people shall not be disappointed and are conscious of the difficulties of steering through a Parliament in which they do not command a majority, should not we, in their place, say something of this kind:

"You people have helped us to get rid of the South African Party. We have shown we want to meet, where we can, your point of view. With the best will in the world we cannot do this as well if you hold aloof as we could if we had on our inner councils representatives of yourselves who had the first - hand knowledge which we have not got."

And should not we start on our job with less cordial feelings and so increase the chances of a breakdown, if the other party just held aloof and said: "No. You must take the responsibility and we will look on and criticise."

For all these reasons I am clearly of the opinion that if we are asked to do so on terms that give us sufficient influence, and with the assurance that the main policy and measures of the immediate future are such as we feel we can honestly offer co-operation, it is then our duty, both to the country and to our supporters and ourselves, not to shirk the responsibility but to accept it. In saying this it must of course be understood that the Labour Party must retain its separate and distinct organisation. Indeed, in such circumstances it is more essential that our organisa-

tion in the constituencies should be rigorously kept up to full strength.

In conclusion let me say that after having given much thought to the matter I am quite certain that those are entirely wrong who think that by holding aloof they will enable their party to avoid responsibility for unpopular actions by the new Government. The Government will only be kept in power by our support as the balancing factor. The South African Party and its Press will take very good care to keep this fact constantly before the public. And if there is one certain thing, it is this: When the next general election takes place the electors will hold us responsible, by having kept the Government in power, for every unpopular act committed by them.

The difference between holding aloof and being represented in the Government will be that, in the former case we shall be blamed by the public for things we had no opportunity of preventing and that in the latter case we shall have the best chance of using our influence inside to prevent things being done for which, if done, we shall be blamed by the electors.